2020

ISOLASIE
STILLINGEPERK
HUIS
STATIES
ALLEEN

ATKV-TIENERTONEEL
MONOLOOGBUNDEL

VOORWOORD

Kreatiwiteit het in die grendeltydperk gedy.

Nuwe skryftalent is ontgin en die bekendstelling van hierdie bundel lewer bewys van ons jeug se aanpasbaarheid en dat die skepping van nuwe karakters en stories nooit sal opdroog nie.

Deelnemers is vanjaar, meer as ooit tevore, uitgedaag om die liefde vir toneel te bevorder deur slegs nuutgeskrewe monoloë binne 'n voorgeskrewe tema-wolk (huis, isolasie, ingeperk, staties, alleen) in te skryf.

Daar was dus geen kortpaaie tydens vanjaar se kompetisie deur reeds bestaande werk af te stof en nuwe lewe in te blaas nie. Die ATKV wou die grense met sy toneelkompetisie verskuif deur in 'n tyd van inperking nuut te skep.

Die skryf van nuwe tekste as voorvereiste het nuwe stemme na die voorgrond gebring wat nie geïgnoreer kan word nie.

Dit gaan nou stories in die volksmond word wat vlerke kry en die eiendom van ander ook word.

Hierdie digitale bundel bestaan uit die toptekste (wat 'n goue [80-89%] of cum laude- [90 – 100%] toekenning ontvang het.

Die ATKV is besonders trots op die skrywers en die 223 deelnemers aan vanjaar se ATKV-Tienertoneelkompetisie.

Ons opregte dank aan al die skrywers wie se werk in hierdie bundel gepubliseer word. Dankie vir jul onbaatsugtige gesindheid teenoor die ATKV en dat julle dit moontlik maak vir ons om jul talent te vier en te deel met elke liefhebber van die Afrikaanse taal.

Die inhoud van tekste tydens in hierdie bundel is nie verteenwoordigend van die ATKV of borge se opinies of oortuigings nie.

ALLEEN

Alleen	Magdel Brand	05
Alleen	Ilne Fourie	07
Alleen	Ilne Fourie	11
Citius, Altius, Fortius se gat, man	Ann-ne Venter	13
Die Grys Kubus	Johann Smit	15
Ekisalleen	Zara van der Westhuizen	17
Foto	D Spijkers	19
Hibernasie	Carla Smith en Anais Herman	21
It takes two . . .	Alma Nel	23
Left click to open link in new tab	Alma Nel	25
'n Vlug	Pieter Hougaard	27
Skype in swart	Milla Steyn, Carla Smith	29
Substituut	JJ van der Schyff-Smal	31
Tande Tel	Carla Smit	35
Tyd soos Bossies	Stef Kruger	37
Vir Willem se verjaarsdag	Jackie Hancke	39
Vry in die bondel	Alma Nel	41

HUIS

Huis	Magdel Brand	45
Klagtekantoor	Jonette van Rooy	47
Kollig	JJ van der Schyff-Smal	51
Liza	Alma Nel	55
Mamma en ek	Wynand Kotze	57
Skeletons	Elzaan Daniels verwerk deur Phillip Rademeyer	61

INGEPERK

Ingeperk	Ilne Fourie	63
Meisie in die Sequinsrok	D Spijkers en A Moller	65
'n Gebed	Christiaan Bell	67
Okay Cool	Rozaan Vos	69
Vistenk	Carla Smith	71
Vreesloos	Perdita van Dijk Du Bois	73
Wegbreek	L.A. Swart & Chrizelle Strydom	77
X-faktor	Alma Nel	79

ISOLASIE

Die drie dansende wolke	Dutoit Albertze	83
Isolasie	Ilne Fourie	85
Isolasie - NET EK	D Venter	87
Lockdown is 'n droom	Michelle Steyn	89
My Matilda en die Chinees	Lisa Kukard	91

STATIES

Amoeba	Alma Nel	93
Bonuspunt	Nichola Viviers	95
Drafstap-dans	Carla Smith	97

STIL

Altyd Johan	Wynand Kotze	99
Beet	Layla Flockhart	103
Brandwonde bloei nie	Kristen Fichardt	105
Die bloed in my oë	Eckard van Heerden	107
Stil	Ilne Fourie	109
Val	Jeanne-Marié Koekemoer	111

ALLEEN

DEUR
MAGDEL BRAND

(*Meisie sit en kyk 'n paar keer na die kamera, vies. Elke keer voordat sy wil begin praat, kan jy sien sy probeer eers kalm raak.*)

Oukei, so ek is vies, om die waarheid te sê, ek is eindelik bef**. Vies, kom ons hou dit maar by vies. Eintlik dink ek hierdie hele ding is my ouma se skuld. Ek dink dit is waarom my ma met my pa getrou het, uit donnerse *spiteful*-geit. En dit bring my eindelik by die rede waarom dit eintlik my ouma se skuld is (*Weer vies.*): As daar een ding is wat my ma ernstig opgevat het, was dit my ouma se siening oor "bou aan die Afrikaner-volk". Dis nou hoe ek hier sit met vier boeties. Ja, vier! Daar's die eersgeborene, Johannes Christophel Gerhardus, familiename, of soos ons hom noem, Johny. Johny werk saam met Pa by sy garage, is 35 en bly nog in die huis. Hy lyk soos die meeste Afrikaners sy ouderdom wat lief is vir bier – 'n pens groter as die hoeveelheid *child support* wat hy vir sy drie eksvrouens moet betaal. Johny pla my nie so baie nie, hy gaan werk, kom huis toe, val op die bank en dan beset hy net die *remote*, kyk na *Geordie Shore* en lewer vieslike kommentaar oor die meisies se tiete.

Die tweede toevoeging tot ons "nasiebou" is Willem, ek kan Willem nie verdra nie. Hy is 28, hy bly by sy *girl*. Hy sê hy speel net, maar hy is 'n flippen boelie, stamp mens rond, knyp mens. Die juffrou met die perfekte haartjies by die skool het my nou die dag eenkant toe geroep en gesê ek moet praat as daar iets is wat pla. Ek het vir haar gesê my ma bliksem ons almal, tot my pa. Sy was geskok en nou het ek volgende week 'n afspraak by die skoolsielkundige. Maar ek wil nie eintlik oor Willem praat nie ... *(Kyk op horlosie.)* Willem is 'n vark.

Dan is daar Kobus ... Awe, ouens, dis jou *boy* Kobus hier op my YouTube *channel*, ek sien ons trek op 11 *followers*, lekker vir *double digits* ... Nommer 11, hierdie is vir jou. Vandag gaan ek nie vir julle 'n *stunt* doen nie, vandag wil ek 'n bietjie 'n *shout-out* gee vir my *girl*.

(*Lize*) Hy is 25 en sy *girl* is 16.

(*Kobus*) *Babes*, dankie dat jy my vergewe het, *sweet cakes*. Nou *girl*, ek weet ek moes haar nie soen nie, en sy's eintlik nie so *hot* nie, oukei, sy's eindelik *hot*, maar met haar *lazy eye beat* jy haar. So *yes*, dankie dat jy my vergewe het. Volgende week is ons terug by *skate park stunts* en @_fortnight4life ek gaan jou op donner as jy weer kak *comments* het oor my *stunts*, dit maak seer, bra.

(Lize kyk op haar horlosie.) 20 voor 11, amper alleen. Met vier boeties, 'n pa en 'n ma onder een dak, is alleenwees 'n flippen mite. My ma wou baie graag 'n dogter hê, dis waarom daar vier boeties was en toe ek.

Maar as sy 'n dogter wou hê, kon sy maar by Cornelius gestop het. Of Cornelia, soos hy genoem wil word. Mmmm ... Is dit waarmee jy uit die huis uit gaan? Ek sê net, dit is so pre-Covid. As daar een ding is wat hierdie pandemie vir ons geleer het, is dit om elke dag jou beste te lyk, jy weet nooit wanneer 'n hoesie vir jou plattrek nie.

(*Lize sarkasties.*) En dit was toe net waar ek op hom hoes.

(*Cornelia*) Jou barbaarse buffel. Ek sweer ek is in die hospitaal omgeruil. Ek kannie wag tot ek 'n *fashion designer* word nie.

(*Lize*) Cornelius dink hy gaan eendag 'n *fashion designer* word omdat hy een keer die Baptiste Kerk se talentkompetisie gewen het. En sy enigste kompetisie was 'n graad 3-inkleurskets en Oom Jaap se *rendition* van Britney Spears se "Hit Me Baby One More Time". Ek het hom nou die dag daaraan herinner, toe *strip* hy homself.

(*Cornelius*) Weet jy, ek hoef nie hier te staan dat jy my beledig nie. Partykeer wens ek net jy was weg, ek wens julle almal was weg.

(*Lize*) Ek hoop ook ek was weg. *(Kyk op horlosie.)* 11 uur. Amper tyd, dankie tog. Alleen ... op my eie, niemand nie. Wat het my ma gedink om soveel kinders te hê? Ek wil nooit eendag kinders hê nie, of, ek wou nie. (*Vat aan maag.*) Hoor jy, Willem, ek wil nie, ek wil nie, nee, boetie.

(Ingetrokke.) Veels geluk, liewe Lize omdat jy verjaar (*Klap.*) 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7 ... wat bedoel jy ek is nou grootboetie? ... omdat jy verjaar, 8, 9, 10, 11, 12, 13 ... 18. Ek wil nie kinders hê nie, dan sal ek nooit alleen wees nie. Ek sal nie hierdie kind hê nie. Willem is 'n vark.

(*Horlosie.*) Kwart oor 11 ... Die pille moet nou begin inskop, ek gaan op my bed gaan lê, my oë toemaak, en wegraak, en alleen wees, vir altyd. Jammer oor die Afrikanervolk, Ouma. (*Sug.*)

ALLEEN

DEUR
ILNE FOURIE

(Jong meisie sit rustig op haar kombuisoppervlak en skink 'n glas wyn, voor haar staan 'n bord met pasta, sy loer vir die kamera en knipoog.)

Cheers! (*Sy vat 'n slukkie en sug tevrede)* Oukei, so ek is *single*. Enkellopend. Alleen. Ringloos. 'n Vry voël ... Julle sien, ek is nou op daardie *awkward* ouderdom wat die tannies begin vrae vra, want ek is die enigste een van my vriendinne wat nog nie gering is nie. Die meeste se babas is al in gr.1 en hier sit ek met my kat, my cabernet sauvignon en 'n pakkie Mince Mate sonder mince ... Ek het gedink 2020 is die jaar wat ek 'n man gaan plattrek! Nie weer sal ek sonder 'n homp vleis met 'n Harrison Ford-kakebeen aan my sy by 'n partytjie opdaag nie! Hierdie jaar sal my droomman met 'n blokkiesmaag my voete onder my uitslaan, ek sal almal verblind met my 9-karaat-diamantring en my vinger sal permanent met Deep Heat vertroetel moet word as gevolg van die geweldige gewig wat ek dag ná dag moet rondsleep en toe – toe kom KORONA! Ek moet sê, dit tel darem as 'n geldige rede vir my enkellopenheid-status. (*Trek haar neus op 'n plooi en loer oor haar glas wyn.)*

Aaaaa ... Tony ... so lekker om jou weer te sien! Kom, kom kry vir jou 'n koeksistertjie, of 'n frikkadelletjie ... Oooo, jy moet die Cremora-tert probeer, dit is smelt-in-die-mond-ongesond! So Tony, dit bly tog maar vir my 'n ou vreemde seuntjie-naampie ... Tony, so sê vir my het jy nou nog nie 'n kêrel nie? Is jy nog steeds enkellopend? Wanneer kry jy nou 'n *boyfriend*?

Ag, Susan, ek was mos nou vir 6 maande opgesluit in my huis. Jy weet. *Lockdown*. Dit was 'n bietjie moeilik en 'n geweldige uitdaging, maar ek is 'n wetsgetroue Suid-Afrikaner! Amandla! Ubuntu en al daai jazz ... Maar ek het wel gehoor hulle maak weer die *boyfriends* oop op Level 1... Saam met die sigarette! Sjoe, ek kan nie wag nie! Sodra ons Level 1 bereik, dan gaan ek Checkers toe en ek gaan vir my 'n *boyfriend* kry! *Mind you* – ek dink my kanse is groter om 'n kêrel te kry as 'n pakkie sigarette ... *but let's not even go there*.

Ek is orraait om alleen te wees. Regtig, ek is. Ek meen, ek bel nou die dag 'n vriendin, jy weet, net om in te loer en te hoor of alles nog oukei is. Ons gesprek verloop soos volg:

(S*y sit 'n sonbril op haar kop.)*

Vriendin! Haaaaai! Hoe gaan dit met jou? Is jy nog orraait, jong? Ai, shame, dit moet terrible wees om so alleen op jou eie daar te sit? Jy moet sê as die alleenheid jou vang, dan kom maak jy maar skelm 'n draaitjie. Siestog, vriendin. Ag, hoor hier, nee, dit gaan goed! Dit gaan so goed! Ek geniet hierdie grendeltydperk ongelooflik baie! Ek en André het soveel kwaliteittyd, dit voel amper vir my of ek hom weer van voor af leer ken, hierdie is sulke spesiale familietyd. Ag, en Abrie is 'n *sweety pie*! Dit is amazing om hom so te sien ontwikkel in hierdie tyd. Ons bak koekies en ons speel speletjies en hy is net 'n engeltjie! Ekskuus, vriendin ... hou gou jou rede, hou gou jou rede, wag, ek sit jou op *speaker phone*, ek het net gou al twee my handjies nodig ... hou gou vas... Abrie! Abrietjie! Kom luister gou hierso, Pikkewyn, Mamma wil gou vir jou kossies maak ... oe yummy, yummy ... Kan Mamma vir jou 'n eiertjie en 'n *toastie* maak? (*Kinderstem.) NEE!* (*Sy haal haar sonbril af.)*

Oukei ... Nie 'n eiertjie nie? Nou wat van 'n *toastie* met 'n kasie met tamatiesousies op? *NEEEEE! EK soek dit nie!* Abrie ... Abrietjie, luister gou vir Mamma, jy moet eet! Oukei. So wat van daai lekker hoenderballetjies ... hmmmm ... onthou jy nou weer ... hoe het die hoendertjie gemaak, hoe het die hoendertjie gemaak? So "koekeloekeloekedoeeeeee!" Lekker hoendertjie! *Neeeee! Ek soek nie kos nie!* Oukei, luister gou vir Mamma, nee, moenie byt nie, moenie my byt nie – ek skiet jou op jou neus, ek skiet vir jou op jou neus ... jy is histeries, oukei, ek gaan blaas in jou gesig ... (*Blaas hard.)* Maak oop jou vuisies! Oukei, haal asem en trek jou ruggie reguit. Oukei, Abrie, jy maak Mamma se hartjie baie seer, hoor. Jy maak my hartjie seer. Dit is nie lekker om 'n seer hartjie te hê nie ... Oukei, so kom ek sê jou wat – as jy jou eiertjie met jou *toastie* eet, dan maak Mamma vir jou 'n groen melkie ... oe lekker elkie ... moemoemoemoemoe ... weg is die trane... Oukei, gaan speel. Ag, sorry vriendin. Dit gaan 'n bietjie woes, Abrietjie is besig om tandjies te wissel en nou is hy so *cranky*. Shamepies. Dit is hoekom ek hom nie te vol suikertjies wil pomp nie. O gatsie patatsie ... Vriendin, Abrie is besig om sy blokkies te eet! Neeeee, Pikkewyn! Spoeg gou uit daai blokkies! Onthou wat sê Mamma altyd? Lego is om te bou, nie om te kou! Skuus, vriendin, ek moet gaan. Ek bel jou weer! Onthou nou as jy alleen raak om te kom kuier, hoor! Enige tyd. Oukei, soentjies! Baai!

Drie weke later bel ek haar weer, toe klink ons gesprek egter soos volg:
(*Hare is deurmekaar, sonbril weer op, hierdie deel word teen 'n vreeslike hoë spoed gepraat.)*

Vriendin, ek is besig om mal te raak. Ek is mal, van my kop af, hier is ek, daar is my kop. Ek is van my kop af. Ek sê vir jou ek gaan dit verloor. Ek gaan André se kop van sy lyf af klap! Hier is André, daar is sy lyf, ek gaan sy kop van sy lyf af klap! Ekskuus, hou gou vas. Hou gou vas. (*Gil besete.)* ABRIE! SPOEG UIT DAAI BLOKKIES! EK SWEER AS JY NOG EEN BLOKKIE IN JOU BEKKIE DRUK DAN SLAT EK JOU GATJIE SO AAN DIE BRAND DAT JY VIR 'N WEEK NIE OP JOU POTJIE KAN PIEPIE NIE! SPOEG UIT! Sorry, vriendin. Hoor my net gou uit. Hoor my uit. Hier is my dag. Ek staan in die oggend op dan maak ek brêkfis, dan ontwaak André en kom hang in die kombuis rond, op soek na sy *shaker* wat hy al weer nie uitgespoel het nie en staan en stink in die wasbak en dan gaan draf hy, want André wil mos nou die Comrades in 2022 gaan draf. Ag, my hel, man, hy kan skaars om die blok stap nou wil hy gaan draf! Dit neem hom 3 uur om 5 keer om die blok te stap! Dan moet ek vir Abrietjie aantrek en ontbyt gee. Dan begin ons met sy oefeninge wat sy juffrou vir ons gestuur het.

Ons doen op die oomblik sensoriese en motoriese oefeninge. Vriendin, ons bak koekies, ons bak koekies van die môre tot die aand, die hele huis is vol koekies en dink jy Abrietjie eet dit? Nee! Hier is genoeg koekies tot Desember 2026! Ons het vandag oorgeslaan klei toe – en dit eet hy wel! HY EET DIE KLEI!!! Daar is iets fout met die blêrrie kind, man. Dan kyk hy *Paw Patrol* en André lê en chill en kyk Netflix. Dan moet ek Zoom *meetings run*, *emails* antwoord, admin doen, *lunch* maak, Pick n Pay toe gaan, my masker soek en dan vir Abrietjie verduidelik dit IS NIE 'N ONDERBROEK NIE DIT IS MAMMA SE MASKER en daai twee lussies is vir jou ore, nie jou bene nie! Dan kom ek terug van die Pick n Pay af, dan moet ek alles *sanitise*, aandete maak, vir Abrietjie bad en Bybel lees en in die bed sit, skottelgoed was, wasgoed was, my mat was, want Abrietjie het die hele pot blou klei in my wit mat ingetrap, myself was – en dan sowaar as wragtag sodra ek in die bed inklim sal André mos nou vir my sê:

(*Diep stem.)* Lyfie, ek hoop nie jy het vanaand kopseer nie, want ek het so na jou verlang! AAAAAAAAAAAAAA!!!! Fok weg! Neeeeeeee! Level 1! Jy kan weer aan my vat op

Level 1!

Wat moes ek vir haar sê? Vriendin, is daar iets wat ek vir jou kan kry? Kry vir my 'n bottel wyn, 'n *babysitter* en 'n prokureur, ASSEBLIEF! (*Glimlag en vat 'n sluk van haar wyn terwyl sy jazzmusiek opsit.)*

So ... hoe voel ek oor die feit dat ek alleen is? Wat kan ek sê? *Cheers*! (*Sy klink haar glas teen die kamera.)*

Jakkalsvlei is geleë in die pragtige vallei tussen die Outeniqua bergreeks, in die pragtige en wêreldbekende Tuinroete.

Kom verken hierdie unieke wynplaas met alles wat dit bied, van wynparing, wynproe, boetiekbier, heerlike kos, staproetes, pluk jou eie Hanepoot tot musiekfeeste en soveel meer. Neem u bergfiets vanaf die kus op die agterpaaie wat na Jakkalsvlei toe lei en gebruik ons stortgeriewe met u aankoms.

Beleef ware Suid-Kaapse gasvryheid en sit agteroor en geniet die pragtige uitsig en atmosfeer.

RESTAURANT BESPREKING IS NOODSAAKLIK | Oop Maandae - Sondae vanaf 10h00 - 16h00
044 333 0222 | info@jakkalsvlei.co.za | www.jakkalsvlei.co.za

ALLEEN

DEUR
ILNE FOURIE

(’n Jong seun sit op ’n stoel en staar voor hom uit. Hy is netjies aangetrek, das, knopieshemp en indien hy so sou voel sy skoolbaadjie. Hy is duidelik onrustig en ongemaklik. Hy rem aan sy das en probeer dit losser trek.)

Cobie: Hulle het gesê ek moet alleen hier binne wag. Hulle gaan nounou terug wees. Jis, die plek is sif ... Die vloer is taai en die vensters het vet vingermerke op. As Mamma moet sien hoe vuil is die vloer, sal sy wragtag ’n ... Mamma ... (*Vee vinnig oor sy oë.)* Die tannie is nice, maar die oom ... ek weet nie, ek is bang vir hom. *Classic good-cop-bad-cop scenario*. Amper soos Ma en Pa. Ma is sag. Volgens Pa te sag ... Die oom se vingers lyk soos vet varkworse en sy asem ruik soos ou sigaretrook en droëwors. Sy hele das was vol vetkolle en krummels. Dalk het hy ’n garage pie geëet. Die tannie het my hare deurmekaar gevryf en gevra:

“Wil jy ’n broodjie en ’n bietjie tee hê, Boeta?”

“Nee, dankie, Tannie, ek het sommer by die huis geëet.”

Die oom het net gesnork en ’n bol slym uit sy keel gekrap wat hy in die asblik in die hoek uitgespoeg het. (*Diep stem.)*

“Dis nie ’n hotel nie ...”

“Ja, Oom.”

Ek wonder waar is Pa. En Juffrou ... Ek wou haar nog sien voor ek ... Hulle het gesê ek mag nie. Ek moes alleen inkom vir die ondervraging. Hulle het haar gister kom haal. By die skool. Ons was nog besig met Afrikaans toe ons skielik die polisieligte sien flits. Sy het uitgestap gekom en haar hande was agter haar rug geboei. Sy het gesukkel om in die vangwa te klim en het haar kop gestamp. Ek het jammer gevoel vir haar.

Pa was wit van woede. Sy onderlip het gebewe en hy het hard oor sy ken gevee. So hard dat sy baardstoppels klein bloeddruppeltjies deur sy vel gesteek het.

“Het sy ... het sy ooit aan jou ... Cobie ... Het sy aan jou gevat? Ooit?”

Ek wou nie vir Pa jok nie. Die kamp. Die koorkamp. Dit was drie weke terug. Ons het die middag waatlemoenfees gehou. Alles was rooi en nat en taai. Wiaan het my nog ge-*tackle* en ons het gat-oor-kop in die modder geval. Toe ek weer sien, was sy saam met ons in die swembad.

Ek wou nie kyk nie, maar ons het. Ons almal het.

“Julle manne dink mos as ’n mens dertig is, is jy ’n *dinosour*, nè!”

Sy het my kop onder die water gedruk, ek het uitasem losgebreek. Haar hare was nat en haar oë het groen geblink soos die waatlemoen se skil.

Ná die tyd is ek alleen na die storte toe. Die sif vloere van die badkamers was taai en die melkerige pienk waatlemoensap het enkeldiepte gestyg en by die deur tot op die stoep geloop.

“Die dreine is verstop ... As jy wil, kan jy sommer daar in my rondawel kom stort, Cobie.”
“Dankie, Juffrou.”
“Ons het darem warm water ...”
Jis, vir ’n warm stort gaan ek nie nee sê nie.

Ek weet nie wat het verder gebeur nie. Dit het gevoel soos ’n droom. Ek voel of ek op ’n mallemeule ry. Een van daai met die karretjies en die liggies en die perdjies soos toe ek klein was. Dit draai, amper te vinnig, die pers en blou en geel ligte maak jou naar, jou hande is taai van die spookasem en Slush Puppie, maar jy klou vas vir lewe en dood. Taai, soos daai dag met die waatlemoenfees en die stort en die warm water.

(*Hy maak sy oë toe, sy gesig is strak.)* Haar rug was goudbruin soos die grondpad op Oupa se plaas as dit gereën het. Haar oë groen lusern en haar mond soos warm kondensmelkkoffie.

“Cobie, hoe lank ken jy en juffrou Louw al mekaar?”
“Sy gee landloop en Biologie ... Ek het nie klas by haar nie. Ek het Skeinat.”
Ek wil haar sien. Ek wil nie alleen hier wees nie.
“Het sy jou ooit ongemaklik laat voel, Cobie?”
“Ja. Sy was altyd aanlêerig. En haar toppies ... dit was altyd te laag.”
Ek wil by haar wees. Waar is sy?
Ek sien pa se bloedstippeltjies onder sy ken se baardstoppels. Dit lyk soos klein robyne. (*Pa se stem.)*

“Sy is siek, man! Sy moet opgesluit word! Dadelik! Cobie, jy sal moet gaan getuig, Boeta. Julle is kinders, my magtig! Sy ... Hierdie ... hierdie ding ... moet uit die samelewing uit! Hoor jy my, Cobie?”

(*Saggies.)* “Pa het ook maar lekker gekyk langs die veld.”
Pa het my so hard geklap, ek het die binnekant van my wang stukkend gebyt.
(*Sissend deur sy tande.)* “Sê nou weer so iets ... sê nou wragtag weer so iets, dan ... ek sal jou...”

“Wat het gebeur die aand op die koorkamp, Cobie? Was julle alleen?”

Ek is jammer. Ek is jammer ek lieg. Ek is jammer ek het vir jou lief geraak. Ek is jammer ek baklei nie vir jou soos ek belowe het ek sal daardie aand in die rondawel nie. Ek is jammer ... ek is jammer.

(*Kyk uitdrukkingloos in die kamera in.)* Sy het my ingewag by die storte. En toe nooi sy my na haar rondawel toe om te kom stort. Ons was alleen. Net ek en sy.

CITIUS, ALTIUS, FORTIUS SE GAT

DEUR

ANN-NE VENTER

Ék is Johanna. Ek ís Johanna. Ek is Jóhanna. Ek is Han genoem, maar Han is al lankal nie meer hier nie. My naam, dis so outyds.

My sussie, Katrien, 21, die *GOLDEN GIRL*, reeds oor die tou getrap, in die ander tyd gesit deur *who knows*. Sy is al so lank weg, sy het ’n randfiguur in die gesin geword – ’n skadu teen die muur, ’n *rather unpleasant one, if you ask me*. *(Hoe Ma en Pa oor haar voel: Sy is net ’n gedagte, ’n skaduwee.)*

Theunis, my ouboet, my beskermer ... die wurms kots hom al op.

Ma en Pa, wel in die vlees, maar nie altyd in die gees nie. Nog steeds Mnr. en Mev. *Teen Romance*, smoorverlief, witwarm en klewerig soos die sokkies van die eersterugbyspankaptein. Ek haat *toe jam*.

My pa en ma pleeg *in absentia* teenoor my, want Han is mos al groot.

Verbaas my woordeskat jou? *Don’t sweat it* – ek praat al so vandat ek 12 is*, in fact*, ek kon toe ek gebore is my eie doeke omruil. Ek is in Holhoek, Noordwes, in grootmenswees gebore en ontvang. As ek my lewe voor nou in woorde moes opsom, sou dit wees: *Fabulously normal*.

Jy sien, ek was ’n sterredenaar – nr. 2 in SA. Yster van ’n hokkiespeler – onder-16A op die rype ouderdom van 14. Seuns het uit my hand uit geëet ... ja, ek was op my tyd ’n *looker*. Ek was *head bitch in charge* van my vriendekring en was natuurlik nr. 1 in die Top Tien.

Citius, Altius, Fortius was my motto. *(CHANTING.)* Vinniger, hoër, sterker. Vinniger, hoër, sterker. (x2) *Aaahhhhhh, the crowd goes wild*. My beste was nooit goed genoeg nie. Nie vir my nie. *(Wys hier op die feit dat ek myself ge-pressure het.)*

Die osse stap aan deur die stowwe, geduldig, gedienstig, gedwee. Want Mamma en Pappa hét my nie ge-*pressure* nie, nee, nee, *guilty as charged.* Eintlik het ek geweet hulle was trots op my, maar ék het *validation* gesoek. Trots wees op my *did not cut it*. Hulle het *actually* vir my alles gegee wat ek nodig gehad het, hulle was daar elke flippen uur van die dag, maar volgens hulle, weer eens, was ék duidelik nie.

Het jy al ooit van die fliek *Bubble Boy* gehoor? Wel, ek was Bubble Girl. Ma en Pa het my beskerm teen alles en enigiets wat asemhaal, van ’n *distance* af natuurlik, selfs Theunis sou eerder vrek voordat ek iets sou oorkom. *(Stilte.)*
En hy het.

Theunis was altyd daar, selfs wanneer ek hom nie nodig gehad het nie. En toe Pa en Ma ná dit Voortrekkers wil speel en die groot trek aanpak … toe het die *pawpaw* die *fan gestrike*.

Hier is ek nou. My naels rou gekou. My hare so walglik, dit het amper vir jou weggeskrik. My bene ... donderdye en haelskade.

Toe die groot stad my insluk, het die wrede werklikheid van die wêreld buite my veilige, knus *bubble* my soos ’n trein getref. Ek het ophou redenaars, debat en hokkie oefen. My *reign as queen* het sy vervaldatum bereik. Ek het besef dat daar in elke tienermeisie ’n uitgehongerde aasvoël skuil wat sit en wag vir haar volgende onskuldige prooi, naamlik die uwe, sodat sy die laaste stukkie dooie weefsel gulsig van my brose bene kan afskeur, *and so the hunter becomes the hunted*.

Ek het ophou grappies maak oor Theunis, want dit was net nie meer snaaks nie, ek moes dit die een of ander tyd *face*. My beskermer, my vegter, my kryger lê ses voet onder die verdomde grond. Dis asof ek een *risky move* in skaak gemaak het en toe het die pionne, die koningin, die flippen kasteel en die koning van my skaakmat, my ouboet, ook afgeneuk. Een *risky move*, een oproep.

So, ’n virus verteer my wêreld se mense, blou plastiek is die nuwe oseane, geweld word gruwelik gesaai, my mensdom het sy *humanity* verloor en my *bubble* is gebars. Ek moes eers op my eie brandstapel sterf om op te staan, *like a phoenix from the ashe*s. Ek is wie ek is. Nie die medalje, die beker of die wenner nie. Ek vergewe myself nog oor Theunis, Mamma en Pappa gee wel om en my beste is beslis genoeg.

I am, afterall, the captain of my soul.

Citius, Altius, Fortius se gat, man.

DIE GRYS KUBUS

DEUR

JOHANN SMITH

Hanna praat met 'n skoolsielkundige, somber.

Die magistraat het my skuldig bevind. Brandstigting. Opsetlike saakbeskadiging. Normaalweg sou ek 'n opgeskorte vonnis kry, maar dit was nie my eerste oortreding nie. Ek was 'n jaar voor dit ook in die moeilikheid. Aanranding met die doel om ernstig te beseer. Ek kon toe ook nie onskuldig pleit nie. Ek hét Tommy van langsaan aangerand. En die hele *purpose* was om hom ernstig te beseer. Ek het baie dinge verkeerd gedoen, maar ek het nog nooit vir myself gelieg nie. Ek was skuldig. En die magistraat het die volste reg gehad om my weg te stuur.

Hulle noem die plek Masada. Iets met die Bybel te doen, so ek is 'n bietjie *clueless*. Maar die gebou lyk soos 'n "Masada". 'n Vaal vierkantige fort op 'n heuwel. 'n Vervelige vierkant. 'n Verbeteringskool. My huis vir 'n jaar.

Die *social worker* was *nice*. Sy't probeer om my op te *cheer* deur die *obvious* te *state*: "Jammer, hartjie. Die plek is maar 'n bietjie vaal."

(Grinnik.) Dis 'n *understatement.* Vaal. Die plek lyk soos 'n lykshuis. 'n Helse grafsteen. Asof 'n hardlywige reus op 'n koppie gaan sit het en 'n kubus uitgekak het. Om daai plek vaal te noem is soos om te sê *state capture* is kattekwaad. Die plek was 'n *dump*.

(Op 'n high*.)* En dit was fantasties! Die mense was *amazing*. Niemand was *pretentious* nie – *what you see is what you get* en ons het *weird* goed gesien. My kamer was die *superheroes* van die plek. Ek was Girl on Fire (terloops) oor die brandstigting. Ek het meer van die aanrandingsaak gehou, maar Petra het haar oom se kakebeen met 'n *crowbar* afgeslaan, so sy was meer *hardcore*. Ons't haar Pot-shot Petra genoem. En Moer-toe Maria het 'n drankprobleem gehad, maar ons het nie ge-*judge* nie. *In fact*, ons het almal probeer om die probleem op te los. Deur die matrone se brandewyn-*collection* so nou en dan te *raid*. Dan was Moer-toe-Maria 'n moerse *movie star* wat enigiets van Shakespeare tot *Pad na jou hart* vlot kon doen. Dit was ons *entertainment*.

My *favourite* was Kayla. Sy was net 14 jaar oud, maar sy't haar stiefpa in sy slaap vermoor. Niemand weet hoe sy dit reggekry het of wat die drol aan haar gedoen het nie, maar Kayla was vir ewig in die stelsel. Al die ander kamers het *hardcore criminals* gehad, maar net ons ... ons het 'n moordenaar gehad. Dit was *amazing*. Niemand het met ons moeilikheid gesoek nie. *Shame*, Killer-Kayla was eintlik 'n liefie. Sy't maklik gehuil. Veral as Maria 'n *scene* uit *Fiela se Kind* gedoen het. As Maria daai *scene* doen, was die kamer stil.

Almal het gemaak of hulle nie omgee nie, maar ek weet ... ons almal het 'n bietjie gedroom. 'n Bietjie verloor. 'n Bietjie verlang. Ek het ook 'n traan of twee laat val. Of dalk was ek net allergies vir die vere in my duvet.

Ons was kriminele. Diewe, brandstigters, aanranders, *drug dealers* en een *shit-hot* moordenaar. Maar ons was familie. Susters. Ons was *happy* op ons manier.

(Somber, na aan trane.) En nou's ek hier. In die sa-me-le-wing. Waar ek moet maak of ek oukei is met 'n skooluniform en knippies in my hare en handboeke wat ek met koerantpapier oorgetrek het, want ek weet nie wat de hel ander kinders gebruik om hulle boeke mee oor te trek nie. Almal se gesigte en woorde is *nice*, maar hulle oë sê ander dinge. Hulle oë *judge*. Want brandstigting is nie cool nie. En moordenaars gaan hel toe. En nie een van hulle sal ooit vir Maria se *performances* huil nie. Hulle sal lag. Want hulle verstaan nie die seer agter die brandewyn en die drome en die verlang nie. Dis 'n ander wêreld. Dinge is *complicated*. Ek sukkel met *complicated*.

Ek verlang na my familie. Na my susters. Ek mis ons stukkendgeit wat oukei is, omdat almal stukkend is. Ek mis Masada. *(Oomblik, wrang.)* Al lyk die plek soos 'n vierkantige drol.

Sê asseblief vir juffrou Herman jammer oor haar kar. Ek weet die ding is *insured* en sy was 'n bietjie van 'n *bitch* met my. So, *no harm done*. Maar dis tyd vir my om te *escape*. Om weg te kom van hierdie wêreld wat my nie *like* nie en wat ek nie verstaan nie.

As die *judge fair* is, is ek een van die dae terug by die huis.

EKISALLEEN

DEUR

ZARA VAN DER WESTHUIZEN

Is hy aan? *(Kyk waar is die beste plek om te staan, kyk na self, adjust hare,* lipgloss*, trek gesig voor kamera. Doen opwarmsoefening, bv. Blaas lippe of soos KTP KTP, sê begin van oefening Danie Diedruks druk dertien drieë ...)*

Oukei. *(Kyk af, haal asem.)*
(Kyk na kamera.)

Hallo, my naam is Zara Catherine van der Westhuizen en hierdie is my inskrywingsvideo vir KykNET se nuwe program *Ekisalleen 2020*. Ek is 17 en ’n half jaar oud, het pragtige blougroen oë en bruin (donkerblond, maar dit maak nie eintlik saak nie) hare. Ek bly in Hermanus saam met my ouers en my broer. Dit is nie permanent nie – ek het nog drome. Ek wil juis eendag in die TV-bedryf ingaan. Ek is gesê deur verskeie eisteddfodbeoordelaars dat daar baie geleenthede vir my sal wees en dat ek soos in *amazing* is (nie dat ek *brag* nie).

Ek het ingeskryf, want ek is op soek na my ander helfte (nie dat ek ’n halwe is), maar iemand wat my komplimenteer as mens. Net om duidelik te wees ek is alleen, nie eensaam nie, alleen. Alleen. My toekomstige *boyf* moet soos ’n *hybrid* wees tussen Brad Pitt en ’n *young* Leonardo DiCaprio. Met soos die hande van Benedict Cumberbatch. Branardo moet (nie moet nie, maar moet) lank wees met breë swemmerskouers. ’n Sagtheid hê , maar steeds sy manlikheid behou. Iemand met passie en drome, maar wat dit sal opgee sodat ek myne kan volg (daar is net plek vir een ster in die verhouding).

My broer het my gevra of ek eerder suksesvol en alleen wil wees; óf onsuksesvol en nie alleen nie ... Ek het met alle oortuiging gesê: “suksesvol en alleen”. Alles kom ná my drome. Eerder op die kassie alleen as op die bank met ’n man. Al praat ek so baie oor hoe graag ek ’n BriCaprio soek, is dit net ’n *nice to have*, maar ’n *career* is ’n *must have*.

Ons moet soos daai *couple* wees in *The Notebook*, soen in die reën, saam dans en lag. Hy moet vir my koffie in die bed bring, ons moet *snuggle* en gesprekke hê tot laat in die aand. Hy moet vir my kyk soos Danny vir Sandy kyk aan die einde van *Grease*. Ons gaan naweke na markies toe en doen ’n *road trip* deur die Karoo. So eenkeer ’n jaar gaan ons oorsee en Desembervakansies is ons by die see met sy vriende,

Ek sal nog vir die Hollywood-TV-mense ’n nuwe karakter wil wys, een sonder daai lang, ryk, populêre ou waarop jy *crush* en dan sien hy jou raak op die ou end en is jy nie meer eensaam (alleen) nie.

Alles is *bullshit*. Vriendinne misbruik jou, raak jaloers op jou of is net nie op dieselfde *level* as jy nie en ouens soek die bikini-*bod* en *million dollar smile*. En dis fokken *fine*, want ek soek dit ook. Karel met ’n natgeswete hemp, wat hard asemhaal, is nou nie op my matriekafskeidlysie of *life goals* nie.

Maar ek durf nie Karel se voortplantingseenheid word met gebarste hakke en die reuk van StaSoft wat om my hang nie. Elke tweede vrou se hele lewe is haar kinders en haar man, maar nie haar eie nie. Dit is wat almal verwag. Ja, partykeer kry jy *highlights* en ’n *manicure*, maar as daar nie kos op die tafel is teen 6 uur wanneer Liefieduif huis toe kom nie, kry jy nie jou nuwe Woolies-trui nie.

As jou kind nie kan lees en skryf en Frans praat teen die einde van graad 2 nie, het jy jou kinders afgeskeep en is jy, tien teen een, die oorsaak van hulle trauma. Ek sal veel eerder in my New York-*penthouse* alleen langs my Oscar sit met ’n WhatsApp wat deurkom: Baie geluk, jou *movie* met Eddie Redmayne is kuns!!! *(Trek weer reg, herhaal wat aan begin gedoen is, kam deur hare ...)*

My naam is Zara Catherine van der Westhuizen en hierdie is my inskrywingsvideo vir KykNET se nuwe program *Ekisalleen 2020*. Ek is op soek na ’n ryk rugbyspeler, wat my so nou en dan kan diens, goed lyk in ’n *suit* en *commitment issues* het.

DIE FOTO

DEUR

D SPIJKERS

(Dylan loop met 'n sug by sy kamer in en stoot die deur agter hom toe.)

Wat 'n aand, Gary ...

(*Hy sien sy weerspieëling in die spieël raak en skrik.)* Oh, *my word*! Wat is dit? *(Kyk nader na 'n ry haartjies op sy bolip.)* Ek kan nie glo ek was heel aand by 'n matriekpartytjie met hierdie hartseer snorretjie op my gesig nie! Het jy nie gedink om my te waarsku nie, om iets te sê voor ek só hier uitgeloop het nie? *(Hy sug.*) 'n Mens kan ook nie meer op enige iemand staatmaak nie.

(Hy maak 'n laai oop, haal skeerroom en 'n skeermes uit en begin die haartjies afskeer.) Dis 'n flippen goeie ding ek het toe nie vir Amy daar gekry nie. Ek dink nie ek sou ooit weer my gesig kon wys as sy my só gesien het nie. Ek wonder of sy ooit daar was. Sy het gesê sy kom en ons praat nou al vir omtrent vier weke, so ek dink nie sy sou sommer vir my jok nie. *Oh well*, miskien was daar 'n voorval of iets.

(Hy vee sy gesig met 'n handdoek af en gaan sit op sy bed waar hy sy skoene en hemp uittrek. Hy kreun effens.) Gary, dit voel asof iemand my kop met 'n hamer bygekom het. Ek het geweet daai appelsap was bietjie te sterk.

(Sy foon ontvang 'n kennisgewing en hy lees dit hardop.) "Hei, Dylan. Jy't goed gelyk vanaand."

Dis Amy! Lyk my sy moes daar gewees het. Oukei, oukei. Wees cool, Gary, wees cool.

"Ek het jou nie daar gesien nie." *(Kennisgewing.)*

"Ek was so besig ek kon jou nie eens kom groet nie. Ek's sooooo jammer."

"Ek ook. Ek het jou gemis."

"Ek wens ons kon alleen tyd spandeer, hartjie, knipoog."

Sy probeer definitief vir my iets sê! Ek sal antwoord met 'n dubbelhartjie – nee, dis 'n bietjie te veel. 'n Pienk hartjie en 'n glimlag. Ja. *(Kennisgewing.)*

"Wat maak jy?"

"Ek's in my bed saam met my slang." Nee, wag. "Ek's in my bed."

"Ek's in my bed saam met my slang." Nee, wag. "Ek's in my bed." Sorry, Gary, maar ek dink nie dis juis cool om vir meisies oor jou slang-teddies te vertel nie.

(Kennisgewing.) "Stuur 'n foto." Hm, oukei. *(Hy neem 'n foto en stuur dit, maar snak daarna na sy asem en kyk na sy bed.)* Ek het vergeet van my beddegoed! Agh, hoekom het ek nog 'n duvet met Superman op dit? *(Kyk weer na foon.)*

O, oukei, sy dink dis oulik. Sy vra: "Is jy Superman?" *(Hy tik.)*

"Ek kan jou Superman wees, hehehe." *(Kennisgewing.)* O. O! Sy bedoel ... *(Kyk af.)* O!

(Hy staan op en begin peinsend rondloop.) Wow, ek het nie eens geweet die tipe goed gebeur in regte lewe nie. Uhmm, oukei. Hoe moet ek hierdie nou aanpak, Gary? Ek moet seker goeie beligting hê ... Maar nie te goed nie. Miskien kan ek dit google. *(Hy tik iets in sy foon in, skrik en gooi dit op die bed.)* Ah! Nee, slegte, slegte idee.

(Kennisgewing. Hy tel sy foon op en sy oë raak groot. Dis duidelik dat Amy vir hom 'n foto gestuur het.)

Ek ... Wow ... Sy is baie goed hiermee. (*Lees hardop.)* "Gee hierdie jou enige motivering?"

Oukei, oukei. Ek is besig om hierdie te oordink. Dis nie so ingewikkeld nie. Ek bedoel, dis biologies, 'n menslike instink. Ons wil die bestaan van die spesie voortsit! (*Hy kyk weer af na sy foon.)* Maar bo alles, ons wil nog foto's van Amy af kry.

(Dylan neem sy foon en gaan sit op sy bed met sy rug na die gehoor. Die kamera flits 'n paar keer.) Hmm, dis nie te sleg nie. Nee, glad nie sleg nie. *(Praat met Gary.)* Ag, moenie simpel wees nie, Gary. Ek's seker sy sal daarvan hou. Sy het gesê sy wil ... Sien. (*Ewe skielik huiwerig.)* Maar wat as jy 'n punt het. Wat as sy al beter, of ... of groter gesien het. Of, nog erger, wat as sy dit vir iemand anders wys? Of dit aanstuur? Gary, wat as die hele skool dit sien? *(Oë groot, baie bang.)* Wat as my ouers dit sien ...? Nee, jy's reg, Gary. Ek kan dit nie waag nie. Ek kan nie! *(Kyk weer af na foon.)* Maar Amy ... Nee! Nee, nee, nee. Ek kan haar eerder vra of sy môre wil uithang. Ja, uitstekende plan. *(Tik weer op sy foon.)* Ek's seker sy sal verstaan.

HIBERNASIE

DEUR
CARLA SMITH EN ANAIS HERMAN

MEISIE sit op die bank en kyk vir die kamera.

Leftovers. Vir die derde keer in ’n ry.
Sy deadpan en sê dan weer:
Vis en tjops.
(Want ek is ’n *pescatarian* en my pa is *gluten intolerant*)
Sy kyk nog steeds.
Sad mosbolletjies aan die onderkant van die broodblik.
Sy sug.
Ons trek oor ’n week.
Dit sal my 7de huis wees.
Die 2de was die beste.
Sy val agteroor op die bank.
Sy roer so effens om ’n gemaklike posisie te kry, dan kyk sy na die kamera soos sy op haar rug gaan lê – sy is by die sielkundige.

Was dit Freud se idee? Die bank? Want ek hoor hom met die hele “ouers wat hul kinders in elk geval opmors”, so ek neem aan hy het dit na-gevors? Is dit omdat hiberneer ’n mens so kwesbaar laat voel dat die idee om ontbloot voor iemand te lê so aanloklik klink dat ’n mens alles vertel van jou aaklige verhouding met elke mens wat jy al ooit ontmoet het en die feit dat jy dink *poached eggs are overrated*?

Dit maak vir my sin?
Sy skuif krummels van die bank weg.
My broer het gisteraand ’n hele pak *chips* oor die bank gegooi toe ek weier om *Me Before You* af te sit. Hy is veronderstel om by die koshuis te wees, maar met als wat nou in die wêreld aangaan, is hy by die huis tot wie weet wanneer en die bank is deesdae my tuiste, so ek was nou nie verheug oor die ongewenste dekor nie. Maar ek sien uit vir die 10 jaar wat ek saam met my beste vriendin kan bly tot sy trou en uittrek. My ma sê dis nie goed nie, want jy word alleen oud en gaan alleen dood, maar dis ook oukei.

Mense sê ek is ’n fantastiese mens, iemand wat hulle nooit wil verloor nie, iemand wat altyd *nice* is en ’n voorbeeld stel, maar ek word na niks genooi nie. Behalwe vir die feit dat my broer nou die dag ’n kuier gehou het en ek outomaties op die *guest list* was. Ek hou nie eintlik van die woord kuier nie, maar blykbaar is partytjie nie meer aanvaarbaar op ons ouderdom nie. In elk geval, sy beste vriend was daar en ek hou nou al omtrent 2 jaar van hom. Dis ’n *unrequited liking*.
En *forbidden* tot ’n mate.

Maar ek is 17 jaar oud, rook nie, drink nie, word nie hoog nie. Ek het nog nie eers my *first kiss* gehad nie. Dis seker ook oukei. “Los hulle waar hulle kos kry,” sê my pa mos altyd.

Ek het my toekoms uit beplan. Ek gaan in die filmbedryf werk, *behind the scenes*, want my organisering en perfeksionisme is beter as my *acting*. Brandweervrou en *event planning* is ook op die lys, so ek kyk maar waar die wind my heen stuur. Wie weet, dalk besluit ek uiteindelik om na almal te luister en te gaan studeer en word ek ’n elektriese ingenieur of een of ander wetenskaplike.

Ek kan *puzzles* bou tot wie weet watter tyd, ek kan gesonder eet, ek kan tyd spandeer aan dinge wat *actually* saak maak. Ek kan my klassieke musiek so hard sit soos wat ek wil en dit *admire* so lank as wat ek wil. Ek kan bak wanneer ek lus is en skryf wanneer ek *inspired* voel. Ek kan rondry wanneer en waarheen ek wil – as ek genoeg geld het vir petrol – en ek kan nuwe dinge doen. Wanneer ek alleen is, kan ek huil sonder om dit saggies te doen, sodat niemand hoor nie, en ek kan *Me Before You* kyk soveel as wat ek wil sonder dat my broer dit afsit omdat dit my *moody* maak. Ek kan TikToks probeer maak en *movie scenes reinact* ... (*Humphrey Bogart impression.*) “*Here’s to you, kid*.” (*Sy knipoog.*)

(Sy kyk om haar en besluit.)

Ek wil uittrek. Dit breek my ma se hart, maar ek kan nie met haar *clutter* leef nie en ek wil heeltyd huil. Ek het 6kg opgetel en weet nie wanneer ek weer gaan begin oefen nie, want ek is ’n doen-dit-Maandag-mens. Ek wens soms ek word siek sodat ek gewig kan verloor en ek is nie trots daarop nie, en dis aaklig van my, maar soms wens ek kry kanker. Dis glad nie goed nie en ek moet ophou, want kanker is lelik, maar dit is ook geneties in my familie, so dit maak tog sin.

Toe ek klein was, het ek gedroom van ’n pers huisie. Die pers huisie was vol diere, ek was die enigste mens. Daar was elke dier waaraan jy kan dink en almal van hulle het met mekaar oor die weg gekom. Almal het name gehad, maar ek kan dit nou nie meer onthou nie. Die varke was morsig en, heel ironies, het die apies agter hulle skoongemaak. Ek was nooit bang vir die leeus nie, want hul tande was getrek en hulle het net heeldag met die kar rondgery, so hulle het my nie gepla nie. Maar die seekoeie. Die seekoeie het my kwaad gemaak. Hulle het op die beddens gespring en die kamers deurmekaar gemaak. Ek kan nie veel meer onthou nie, want dit is nou al 10 jaar terug, maar ek weet net ek wou altyd soontoe gaan.

Dit was my *happy place*, dit het my gelukkig gemaak.

IT TAKES TWO . . .

DEUR
ALMA NEL

Die karakter is 'n agtienjarige meisie wat by haar eks (Juan) gaan kuier om klaarblyklik van haar orige besittings op te tel. Dinge neem egter 'n lelike wending en sy voel dat dit wat gebeur op hierdie noodlottige middag, haar skuld is. Sy praat met Juan gedurende die monoloog. Die monoloog speel af na afloop van die gebeurtenis.

"Ek soek jou, ek soek alles van jou. Ek wil omring wees deur jou menswees, die essensie van wie jy is, indrink en proe."

Laat ek gou *translate* wat jy gesê het: "Ek wil iets van my in jou druk totdat ek klaar is. Die einde."

Ja, Juan, ek het moeite gedoen. My maerlykrokkie aspris gekies, die sykouse wat my bene in die *boots* beklemtoon, ook. Ek weet hoe ek lyk voor ek by die voordeur uitstap. My moeilike hare het moeiteloos gelyk na twee uur se GHD. Hoe kakker dit met jou gaan, hoe mooier moet jy jouself maak. Jy's my eks. Wys my een mens wat weet hulle gaan hul eks sien en NIE moeite doen nie? Almal is *vain*. As jy sê jy is nie, jok jy vir jouself.

Prentjiemooi hoe jy vir my reggemaak het – kaggel wat brand, gedokterde Virgin Mojito, drieuur die middag was dalk 'n bietjie vroeg daarvoor, maar met die gaan-sit beland die glas in my hand. Jy speel vuil – jy weet hoe *love* ek Allsorts, en hier voor my is 'n hele bak daarvan. Daar speel bekende musiek in die agtergrond, wag, wat – *(Oomblik.)* dis my *Isolation playlist*. Dis *creepy*. *Shit*, ek moet leer hoe om my Spotify *playlists* op *private* te *set*. As jy my *depressing Isolation playlist* kon sien, het jy seker my PMS-die-duiwel-kuier een ook gesien? My *Isolation playlist* is spesiaal, hoe durf jy dit opsit? Dis een van min wat ek ge-*download* het.

Hier kom die liedjie wat jy vir my gestuur het. Ja, ek weet ek is daai meisie wat dit dadelik op 'n *playlist add* en ons hele bestaan weer herevalueer. Die *intro* het so mooi by die atmosfeer gepas: *(Sy sing 'n gedeelte van Nick Cave & The Bas Seeds se liedjie, "Into my arms".)*

I don't believe in an interventionist God
But I know, darling, that you do
But if I did, I would kneel down and ask Him
Not to intervene when it came to you
Oh, not to touch a hair on your head
Leave you as you are
If he felt he had to direct you
Then direct you into my arms
[Chorus]
Into my arms, O Lord ...

Jy onderbreek die koorgedeelte: "Jy weet dis ongeskik om deesdae met jou skoene aan in iemand se huis te wees?" En *zip* my *boots* af en ek laat dit toe. Want dis bekend. Gemaklik. En ek vertrou jou.
Jy hou my voete deur die sykouse vas. So lekker, maar so verkeerd. Dis eers ongemaklik, maar jy gesels moeiteloos. En jy is snaaks. Die snaaks wat my in die eerste plek na jou toe aangetrek het.
Jy vra my uit. Gaan ek nog tale *swot*? Ja, sê ek, en lê 'n baie lang baie *boring* plan uit. Jy luister aandagtig. Intens. Of dalk lees ek te veel hierin. Jy kyk na my mond. Jy trek my oor die bank tot op jou skoot. My een been warm van die vuur. Ek probeer afklim.
"Verkoop 'n bietjie vir my?" sê jy. Iets wat jy altyd as 'n *joke* gesê het toe ons nog saam was. Wanneer jy wil hê ek moet maak asof ek kamma 'n *strip-tease* gaan dans. *(Gewaarwording.)* Dit sit my af ... jou Keto-*intermittant fasting*-asem sit my af.
En daar begin die langste trek-weg-druk-my-plat-nee-ag-toe-hou-op-ek's-ernstig-dans van my lewe.
Jy's nie *stupid* nie, sê jy ... Kan mos sien ek't moeite gedoen. Ná vir ewig verloor ek my humeur.
Handeviervoet op die punt van die bank: *(Sy spel dit uit.)* "Kyk, is dit wat jy soek? Is dit al wat ek is? Mmm? Kyk, kyk hoe verkoop ek. Oe! Dis al wat my doel is."
(Lang stilte.) Ek wou 'n punt maak. Nie hê hy moet dink ek "daag jou uit" of ek gee jou "toestemming" nie. Nee.
Toemaar, Juan, ek gaan stilbly. Dis *anyway* vernederend vir my. Ek weet nie mooi hoe om dit aan ander te verduidelik sonder dat dit klink asof ek doelbewus ... want ek het uit my eie vrye wil na jou toe gegaan, jou drankie gedrink, gelag vir jou grappe. Jy's reg, ek is moerse naïef. Wat het ek dan nou gedink gaan gebeur? Eerlikwaar dat ek my skooldas by jou kom optel? Dat ons miskien daarna gesels, mekaar met *good vibes* en liefde die universe *(Spreek dit so uit: univêrs.)* instuur?

Ek gaan vir niemand van enigiets vertel nie. Wil nie hê jy moet in die moeilikheid kom nie. In my hart weet ek jy's nie 'n doos nie.
Maar Juan, ek wil hê jy moet weet hoe jy my laat voel het ... laat voel.
En dat dit iets is wat ek vir die res van my lewe saam met my moet dra.

Vir baie langer as wat dit jou geneem het om jou penis uit jou *jean* te ruk en oor my sykouse te kom.

LEFT CLICK TO OPEN LINK IN NEW TAB

DEUR

ALMA NEL

Hierdie is die eerste vierminuut Power-yoga, *mindfull*, *trigger-exploring*, *anger management*, *cleanse workout* op die internet. Ek't hierdie *groundbreaking* "sesh" uitgewerk vir al die *girls* daar buite wat die moer in is vir hulself. Die wêreld. En 'n ou met die naam Hanré.

Ons begin in Tadasana. Vir die *newbies* daar buite, dis die *mountain pose*. Groei lank vanaf jou voete ver verby die kroonste kroon van jou kop.

Haal diep en geleidelik asem. Asem in. Erken jy het *triggers*. Asem uit. Weet wat jou *trigger*. *Fold forward*. *Half back*. Hoe identifiseer jy jou *triggers*? *Fold forward*. Jy vra jouself af wat fisiek in jou lyf gebeur sodra jy ge-*trigger* word. *Come to a seated position*.

As yogi-gods moet ons baie bewus wees van wat in ons liggame gebeur. As ek ge-*trigger* word, voel dit letterlik asof ... ek gaan julle dit laat voel. Kom in die *plank*-posisie.

Lekker vir die maagspiere en om jou hel toe te vat ná so 30 sekondes in dié *pose*. Sodra ek ge-*trigger* word, raak my lyf styf, soos nou. Dan voel dit asof iemand my begin *choke*. Dan raak dit moeiliker. Kom in die *side plank*-posisie. 'n *Trigger* is soos 'n landmyn binne jouself. Sodra jy daarop trap, ontplof jy. Die ontploffing voel só: vanuit hierdie alreeds moeilike posisie, neem jou arm en been op na die dak toe. As dit help, *imagine* jy's 'n stervis!

Partykeer wil jou stervis net nie.

Die belangrikste ding van *triggers* (so hoor ek) is dat alhoewel 'n persoon se woorde of aksies jou ge-*trigger* het, dit onopgeloste woede binne jouself is, so ... watse kak praat ek? Kom in Warrior I. Dis nie 'n *trigger* as jou ou van vier jaar op jou *cheat* voor die nasionale lockdown nie. Dis etter, dis 'n globale mislukking, dis ... Maak oop vir Warrior II.

Hy sou direk ná skool na my huis toe kom om romanties genoeg tyd te kon spandeer voor die klok middernag slaan. Hy het gekom, maar hy't sesuur gewaai. Nie op die spreekwoordelike sprokies-twaalfuur nie. My bliksem, Hanré ... Jy waai nie ses-uur die middag as 'n meisie uiteindelik haar ou toelaat om aan haar linkertietie te vat nie.

Warrior III. En jy loop nie dan reguit na Tania se huis toe en vat aan ALBEI haar tieties nie.

Ek hoop die koronavirus was op haar *boob*s, Hanré, en dat jy nou al sukkel om asem te kry. Sonder 'n ventilator. Jy is so 'n groot doos ... waarin ek al ons *memories* wil pak en terug bliksem tot in Level 5 in!

Miskien het jy net 'n kak Sondagskooljuffrou gehad. En Hanré, alles kan ons in ons vormingsjare opneuk, maar regtig. Iets moes jou *six-love* opgef** het.

Savasana. Wat het veroorsaak dat jy ... Stink my asem? Moes ek nou al teen die tyd my bra vir jou uitgetrek het?

Ek lê hier in *corpse pose* en het 'n ineenstorting voor die hele internet.

Hanré het laasjaar tydens 'n konsert by die KKNK in sy broek gepoef en hy't vir 'n halfuur gesukkel om uit die venue uit te kom.

Dit voel goed.

Alles wat ek gedoen het, was om hom te beskerm. Ek was eintlik so eensaam in ons verhouding. Ek het vir jou my voete van klei gewys. Jou kans gegee om my gestroop te sien. Toe kyk jy na my skewe vlerkies en my krake en dink ... Jy. Verdien. Beter.

Ek is nou alleen, maar ek is nie meer eensaam nie. *Namaste*.

’N VLUG

DEUR

PIETER HOUGAARD

’n Droom, vasgevang in die kollig wat ek nie net kan sien in die oop blou lug nie, maar binne myself. ’n Droom wat so diep brand dat ek dit voel in die wind wat deur my vingers waai, en in die son wat deursif op my sagte vel.

Ek en Rynhard, my boetie, het altyd in die Wit Wolk gaan wegkruip as dinge moeilik geword het. Ons kon vlieg wanneer ons wou, waar ons wou, hoe ons wou. Dit was ons s’n.

Soos wat ons opstyg, sien ek al ons probleme vervaag in ’n verlangse realiteit, want waar ons nou sweef langs die wolke is ons nie meer sandkorrels wat vlak lê in die groot stad nie ... maar meteoriete, vasgevang in ’n eindelose sterrestel. Ons kon vlieg, net waar ons wou.

Ek en Rynhard het al twee ’n fassinasie gehad met die lug en eintlik enigiets daarmee betrokke, en ek dink dit het begin toe ons die Wit Wolk gebou het. Oukei, ja, ek weet, glad nie ’n oorspronklike naam nie, maar ek was jonk en ongeletterd. Die Wit Wolk het gegaan waar ons gegaan het. Van ons donkerste dae tot ons bestes. Die Wit Wolk was ek en hy. Ons oom was ’n *pilot* en ons al twee wou bittergraag in sy spore volg, maar toe ons punte ons nou nie toelaat om daardie droom te volg nie, toe word ek ’n lugwaardin en Rynhard ’n lugwaard (*sic*) twee jaar daarna. En so het ons ons nuwe tweede huis ontdek, ons het haar sommer Big H genoem. Dis die SAA Helderbergvliegtuig, die eerste vliegtuig waarop ek en Rynhard saam gewerk het. Daardie vliegtuig het ons Wit Wolk-drome in ’n realiteit verander. Ons het nie meer net gedroom om Frankryk toe te gaan nie, ewe skielik bevind ons onsself in ’n museum waar ’n tannie met baie min opwinding in haar oë aan die muur hang. Niks het ons in elk geval in hierdie klein Vrystaat-dorpie gehou nie.

(*Foon lui.*)

Hello?

FOONOPROEP: Goeiedag, ek bevestig net u afspraak met dokter Benade vir Vrydag die 27ste November. Lekker dag.

Ja, ek is daar! Dankie.

Agge neeeee. Wat gaan ek doen? Wat gaan ek doen?

(*Bel Rynhard.*)

Hello, hi Beste Boetie-beer-bul. Hoe lykit? Hoe gannit? *Listennnn*. Ek het ’n moerse guns om te vra.

Sal jy asseblief hierdie naweek my *shift cover*? Op Big H, ja. Asseblief.

Ahhh Rynhard, dankie, jy’s die beste boetie ooit. Ek skuld jou baie groot. Bel net vir hoofkantoor om al die *details* te kry. Ek’s lief vir jou, bye.

Karakter verlaat verhoog. Ligte dui tydsverloop aan.

Ligte gaan rooi en donker.

Nuusberig V/O speel (Die SAA Helderbergvlug 295 het vandag in die see naby Mauritius geval. Al 159 passasiers is opslag dood. Ons harte gaan uit aan die families.)

Neee, neee, neee. Rynhard, kom, kom ons klim in die Wit Wolk. Waar’s jy? Ons kan vlieg net soos altyd. Dis my skuld. Ek moes daar gewees het, dis my skuld!

Rynhard. Neee. Rynhard, waar’s jy? Dit was jy, jy was die Wit Wolk. Dis weg. Jy’s weg.

SKYPE IN SWART

DEUR
MILLA STEYN, CARLA SMITH

Totaal in swart aangetrek, iewers 'n traan gepik. Kyk na die kamera – virtuele begrafnis.

MEISIE

My ma sê ek oorreageer, maar sy was een van ses kinders.

(Beat.)

Dit is vir my sleg dat ek nie 'n ordentlike seremonie kan hou nie ... Weet net, dit is nie hoe ek dit wou gehad het nie.

(Sy maak keel skoon.)

Hy was een van die beste goed wat al ooit met my gebeur het. My beste vriend, my vabond.

As 'n enigste kind was dit lekker om 'n maatjie te hê. Voor hom was ek alleenkind-Anna of Bobeen-Beckham: Ek het as 'n fetus my ma in die baarmoeder geskop, haar plasenta geskeur en is toe 81 dae te vroeg gebore. Ons albei het dit amper nie gemaak nie, my ma kon daarna nie meer kinders kry nie en, en ... my pa het nog steeds gedink dis snaaks om my te laat sokker speel, ek het ook gedink dis donker, Mamma. Ek het steeds elke Kersfees vir Kersvader gevra om vir my 'n bababoetie te bring. M.C., vir Martin Cornelius, en hy sal blonde hare hê en blou oë en elke dag met my speel en ons sal saam my ouers irriteer. En ek was bly, want skielik kon ek daai goed doen waarvoor mens twee mense nodig het – bordspeletjies, tennis, dialoog ... Dis seker ook hoekom ek nie van sport hou nie.

My ouers het my later jammer gekry en die ons-is-jammer-ons-wil-nie-aanneem-nie-hier-is-'n-kat het vinnig vermenigvuldig en toe ek weer sien het ek 3 katte, 4 honde, 2 papegaaie en, natuurlik, vir hom.

(Raak emosioneel, maar hou dit in.) Ek dink nie ek sal ooit weer 'n varktjoppie kan eet nie.

Ghoempie, jy was nog net 'n baba – 'n lelike baba, maar my boetie-baba. Jy was my rots en my anker en hierdie tyd raak belaglik sonder jou leiding.

Ek skree meer, want jy trek nie my ouers se aandag af met jou gehardloop deur die huis nie, ek slaap minder, want jy lê nie langs my bed en snork nie. Ja, jy was 'n bosvark, maar familie is familie. En jy is die familie wat ek kies.

Ek en my ouers het niks in gemeen nie. Ek bly eintlik in die koshuis en sien hulle gewoonlik een keer 'n maand – hierdie is buitengewoon!

Ek kan beskryf word as 'n loskoptiener, my ma as 'n OCD-lyer en my pa as iemand wat in 'n hoekie gaan sit as ons op mekaar gil oor die wyse waarop die ander een die beskuit weggepak het.

Ek dink die ergste kommentaar wat 'n mens kan kry as 'n enigste kind is as iemand sê, "O ja, ek kom dit nogal agter". Wat beteken dit? Gee ek 'n *only-child vibe* af? Is dit 'n goeie ding? Is ek te *loud*? Is ek *socially awkward*? Lyk ek bederf? Praat julle met my ouers? Ek kan dit seker op 'n manier verstaan. Ek dink ek is nogal *loud* en kan in sekere situasies ongemaklik voorkom, maar dis net omdat ek my hele lewe lank volwassenes en vir Ghoempie as geselskap gehad het! Ons het nie *sibling*-konflik gehad nie, ons was sensitief vir die ander se gevoelens en ons sou enige tyd seker gemaak het dat die ander een oukei is. Punt is, as ek nog een dag hier bly, gaan julle dalk my eie begrafnis hou.

Ghoempie, ek mis jou klaar. Nestlé, die Jack Russell, het jou bed gesteel, maar ek snork nou in die aande spesiaal net vir jou. Rus in vrede.

(Saggies en skelm aan die kamer.)

Ek bly in Maraisstraat 34, Jonkershoek, Stellenbosch, 7550, ek was skottelgoed, ek kan ophou snork en ek sal my eie kat voer.

Dankie.

SUBSTITUUT

DEUR
JJ VAN DER SCHYFF-SMAL

(Marelize sit by haar ma wat in 'n koma is se bed. Sy is besig om haar ma te bad.)

Men swoon at her beauty
which is beyond their comprehension
For them she's an angel of loveliness
and is to be payed attention
but after all her beauty
is only skin deep
for inside is what is beautiful
a treasure to keep.

Hulle het gesê ek het dit goed opgevoer, maar ek benodig nog meer emosie. Kan Ma dit glo, ék kort meer emosie?
Charné het toe die afdeling gewen, ek was vierde. Ek's so gatvol vir die kunswedstryde se politiek. As jou ma mos koekies en tertjies aandra dan wen jy sommer. Al het jy geen talent nie.

Dit gaan goed met Pa. Hy werk deesdae laat, of dis wat hy sê.
Ek wonder partykeer of hy nie net die huis vermy nie. *(Sy raak meer ongemaklik.)* Hy sê ek moet meer van Ma se rol oorneem.
Ek verstaan wat hy meen, want iemand moet help hier rond. Dis nie al tyd maklik nie, maar ek probeer my bes. Dis soms moeilik, ek soek Ma se raad met dinge, soos Kevin wat sy 18de verjaarsdag hou die naweek, maar my nie genooi het nie. Ek het mos nie op my bek geval nie, ek het hom gaan vra hoekom is ek nie genooi nie. Sy antwoord het my seerge maak.

Ek het nie vir hom gewys nie. Ek het net omgedraai en weggeloop. Sy verjaarsdagpartytjie is nie 'n *charity event* nie. Sy woorde.
Ma sal nou nie weet nie, maar van die ongeluk af sukkel Pa maar om finansieel kop bo water te hou. Ek kry nie meer die beste skoene of die mooiste rokke nie. Ek verstaan dit, maar dit maak steeds seer as iemand dit so in my gesig gooi. Ek was alles toe ons geld gehad het en ek elke naweek *parties* gegooi het.

Nou is ek net die meisiekind met ou klere en niks vriende nie. Ek het so 'n bietjie slegte nuus. Hy het parool gekry. Kan Ma dit glo? Kan nie glo hy is vry nadat hy Ma hier gesit het nie. Hy was gesuip. Hulle kan dit nie bewys nie, maar ek weet dit.

Wie ry so onverskillig en tref iemand op die sypaadjie as hulle nugter is? Hy het in die hof gepleit en gehuil soos 'n fokken sissie. En nou? Nou loop hy vrylik rond en besef nie dat hy mense se lewens verwoes het nie. Ek meen hier lê Ma nou al vir 9 maande in 'n duvetkokon. Pa is alleen en ek is al wat hy het. Ek verstaan hom en besef hoekom hy wil hê ek moet grimering dra en van Ma se klere. Hy mis Ma. Ek mis Ma … Pa het vir my Ma se trourok gewys. Ek het dit aangepas. Dis mooi. Sag, wit, ek het weer onskuldig gevoel.

Tonele het weer deur my kop gedans van dae in die parkie en *cotton candy* by die kermis.
Ek het met my hande oor die pêrels gevryf en soos brailleskrif het dit vir my gesê ma was gelukkig. Ek het een van die pêrels afgebreek, moenie kwaad wees nie. *(Sy wys die pêrel vir haar ma.)* Hier is dit. Dit maak my kalm. Ek wou net ietsie van Ma by my hê. Ek hou dit in my hand as Pa, as Pa ... Pa het gesê ek lyk nes Ma op Ma se troudag. Ma was maer.

Ek wens partykeer ek kan net langs Mams kom lê en slaap. My oë toemaak en net vergeet van die grootmenswêreld. Net vergeet van my nuwe verantwoordelikhede. Net droom saam met Ma. Ongelukkig kan ek my oë oopmaak.

Pa sê dis net vir 'n rukkie. Ek moet net daar wees tot Mams wakker word. Maar dis moeilik om Ma se skoene vol te staan. Maar ek probeer, soos toe Pa vir my Ma se mooi onderklere gegee het, dis blykbaar dié wat Ma lank terug gekoop het vir Ma-hulle se *date*-aande. Dit pas my, maar die bra is 'n bietjie te groot. Ek stop dit maar op met toiletpapier. Dis darem nie elke aand nie. Net as Pappa baie alleen is en vir Mamma mis. *(Sy haal 'n rooi lipstiffie uit.)*

Ek hierdie in Ma se spieëlkaslaai gekry. Dis bloedrooi. Lyk soos iets wat Marilyn Monroe sou gedra het. Ma het goeie smaak. Ek weet nie hoekom dit is nie, maar as ek dit aansit voel ek soos iemand anders. Iemand meer volwasse en meer ervare.

Ek het lekker gekook vandag, Ma sou trots gewees het op my. Al die lekker dinge soos hoender, gebakte aartappels en groente. Pa het my gevra om die rooiwyn uit te haal. Moenie bekommer nie, ek gaan nie drink nie. Ek weet ek's te jonk vir dit. Dis vir Pa. Hy sê dis Ma-hulle se huweliksherdenking vandag en ek moet Ma se bottelgroen rok dra. Dis 'n baie mooi rok.

Ek sal nou moet nag sê, want Pa gaan enige tyd nou by die huis wees. Ma kan rustig wees, ek sal daar wees vir Pa tot Mams wakker word. Ma gaan wakker word, ek weet dit. *(Sy sit die rooi lipstiffie aan.)*
Sien, dit verander my, dit verander my in iemand wat ek nie regtig is nie. Ma moenie bekommerd wees nie. Dis nie ek nie. As alles klaar en verby is, vee ek net die lipstiffie af en ek's weer Marelize. Weer Ma se dogter, nie Ma se plaasvervanger nie.

Ek sal nooit Ma se plaasvervanger kan wees nie, daar's net een van Ma.

She uses these assets of jewels
to get what she wants
She is a great actress who
teases, tickles and taunts
She lights up a room with
an entrance akin, to a queen
And she purposely looks demure
which gives her, appeal.

Vierde plek? Ek's beter as dit.

DIE GROOTSTE DIGITALE INTEKEN-NUUSDIENS IN AFRIKA PRAAT JOU TAAL!

Afrikaans maak saak,
jou stem maak saak.
Bly ingelig, bly vermaak
– alles op een plek.

NETWERK 24
Alles op een plek

SLEGS R99 per maand

Beeld + Die Burger + Volksblad + Rapport + Huisgenoot + Sarie + Kuier
tuis + Baba & Kleuter + Landbou weekblad + Weg! + finweek + tvplus + Weg! Ry & Sleep

TANDE TEL

DEUR
CARLA SMIT

'n Meisie sit in 'n badkamerhokkie en is besig om 'n voicenote *aan 'n vriendin te stuur. Die stuk begin baie energiek, vinnig en prettig, maar raak stadiger soos ons besef dat sy meer alleen voel na die einde.*

MEISIE:

(Sarkasties, gil.) Jammer, Mart-Marie! Ek was in my kamer en toe is ek hier – die nood volg nie reëls nie! *(Terug op haar foon vir haar vriendin, asof sy aangaan met haar voicenote – fluisterend, kwaad.)* Ek gaan iemand doodmaak. Letterlik, as jy 'n nuusberig sien – "Matriek verwurg hele koshuis in masker-moleste", dis ek. Dis letterlik ek. As nog een kind op my gil dat ek per ongeluk te naby aan haar staan of iemand my uitskel dat ek nie 'n masker dra terwyl ek pie nie, gaan ek doodgaan.

Oukei, *updates*: So, ek en Stefan is uit – PRYS DIE HERE! Hy huil nou al vir die afgelope vyf *video calls* omdat hy uiteindelik geleer het dat mans emosies kan wys. In sy laaste *voicenote* het hy die fout gemaak om 'n 50/50 *equal relationship* aan te bied, maar dit het geëindig met ek wat gil dat hy nie 4 kilogram by sy vagina gaan uitdruk nie, wat beantwoord is met 'n 2-sekonde-"jou uterus maak jou onbeskof". So, ja – *single, single, single*. Het eers 'n breek oorweeg, maar toe *binge* ek *Friends* en raak bang dat hy dalk iemand by die *printers* in die biblioteek ontmoet, ek hom terug wil hê, jaloers word en dan by ons kinders se ouervergaderings *rage* oor die verlede wanneer ons sien die *dealbreaker* is klein Stefanie se nuwe juffrou.

Ek moet alleen wees, nè?

Hy hét vir my gesê ek moet my *body hair embrace* en my *imperfections celebrate* en myself net geniet in my lyf, maar toe raak ek bang dat hy een van daai mans gaan raak wat sê "ons" is swanger en ek is 17 en daar is nogal baie ander goed om mee te *deal* op die oomblik! Maar dan sien ek WhatsApp-*statusses*:

"Kobus het vir my pannekoek gebring."
"So bly ons is bure – lekker skelm vry oor die muur."
"Dit was moeilik om sy *smile* te sien, want hy moes een van daai groot maskers dra."

Ek gaan sweerlik 'n YouTube *channel* begin.

(*Impression van 'n Youtuber.*)

Hallo julle en welkom terug by (*Jingle.*) *The Late Show – But I'm too young to be pregnant*. So, vanoggend het ons gesels oor ouens en hoe ons hulle nie nodig het nie, maar toe was daar 'n meisie wat ge-*comment* het, *and I quote*: "Het hulle nie nodig nie, maar wie gaan my deur oopmaak?" So, ek het 'n klomp van my vriendinne gekry om te laat weet hoe dit met hulle *scouting* gaan met *Love in the time of Corona*. @meisie-meisie het vir my laat weet:
"Kobus het vir my pannekoek gebring."

(*Lag vir haarself, dan terug in normale stem.*) En dis sleg, want mens weet hulle is ook gefrustreerd en kwaad en hartseer, maar hulle *post* net Kobus se pannekoek?! Dis soos my nuwe frustrasie met *sunset*-foto's, soos *bitch*, pers, pienk en oranje word uit plastiek en gas gemaak, jammer. Punt is, party dae huil ek baie, moenie *worry* nie, ek's nie soos *damaged* nie, ek raak net baie hartseer en wil *low-key* iemand steek wanneer hulle hul *abs* af-*show* op Instagram en ek is soos iemand gaan dood daar buite en jy ... Ugh, jy verstaan? Maar ander dae is ek weer presies die meisie wat so 'n blaar eet vir middagete en *yoga* met 'n *pre-jog* doen, want "*you are what you eat*" en al daai stront. Maar *overall* – ek is baie rustiger oor al die eetgoed en sal nooit weer 'n *constipation green tea* drink nie, want my maag gee in en nee, skaam my, ek *love* die rolle.

Het ek erger geword? Ek probeer minder op my sussie gil, maar dis moeilik om *sane* te bly.

(*Sy lag droogweg.*)

Jy het 'n baie mooi foto op Instagram ge-*post* – is dit in julle tuin?

TYD SOOS BOSSIES

DEUR
STEF KRUGER

I see the bad moon a-rising
I see trouble on the way
I see earthquakes and lightning I see bad times today

Annoy ek julle?
Ek kan nie, al wil ek, nè?
Ek wil oor iets ernstigs met julle praat.
Ek weet, ons praat elke dag daaroor – *tough*!
Dit is nie asof julle 'n keuse het nie.
Miskien kom julle tot nuwe insigte, as so iets moontlik is.

As daar 'n komma-iets-persent kans is dat 'n oulike meisie die gemors oorleef het en sy is oukei daarmee om saam met die laaste ou op aarde te wees ...
... *Never mind*.
Ek glo nie ek sal hel toe gaan nie.

Julle praat net snert in my kop in, my situasie is uniek. Ek was nie veronderstel om te oorleef nie.

Vandag moet ek besluit.
Moet niks sê nie ... ek is doodernstig hieroor.
Wat 'n simpel woord, dooie mense is nie ernstig nie.

In elk geval, ek soek al vir vyf jaar, en boggerol. Boggerol ... boggerol ... klink funny, nè?
Ek is siek en sat daarvoor om te oorleef.

Ek voel 'n bietjie soos Chris Pratt in daai *classic movie*, *Passengers* ... Behalwe, ek kan nie vir my 'n mooi meisie gaan wakker maak nie ... Sy was die hel in vir hom, onthou julle?

Ek het nogal gedink dis *mean* van hom.

Maar, ek verstaan nou.
Ek sou presies dieselfde gedoen het.

Julle het ewe gerieflik die emmer geskop en my hier gelos. Kyle, Michael, drink julle verdomde koffie!
Julle is so apaties.
Dit beteken gevoelloos, indien julle gewonder het.

Julle is so apaties.
Dit beteken gevoelloos, indien julle gewonder het.

Since julle nie meer my ore van my kop af praat nie, het ek baie tyd vir lees. Ek het eintlik baie tyd vir enige iets.
Tyd soos bossies.
Dis net so 'n bietjie doelloos.

Ek het 'n boek gelees van 'n 12-jarige meisie wat per ongeluk alleen op 'n eiland agtergebly het.
Sy kon nie haar boetie kry nie en die skip is toe weg sonder hulle ... *bummer*!
Ek weet hoe dít voel.

Kort daarna is haar boetie dood en sy het stoksielalleen oorgebly.
Sy was vir 18 jaar op daai eiland voor iemand haar gekry het ...
18 blerrie jaar!
Ek wonder hoe hulle haar nie gemis het nie, miskien het die skip gesink, wie weet?

Sy het ophou vleis eet, ek ook.
Bloed maak my lam.
Die ding is, ek is nie sy nie, daar is nie 'n manier wat ek nog langer hier gaan sit en muf nie, maak nie saak wat julle sê nie.

So ... dit moet vandag wees.
Ek is in 'n opgee *mood*.
So, wat sê julle?
Antwoord my!!! Julle *dumb-asses* sit net daar!
Jammer, dit is nie julle skuld nie, julle was ... IS my beste vriende.

Ons het dit in elk geval aan onsself gedoen. *Humans are the worst*!
Dit was altyd in onsself of in ons sterre.
Mense sê altyd niks kan só erg wees nie en oor tien jaar sal jy lag oor jou probleem. Mh-mh! Hulle het nie 'n *clue* waarvan hulle praat nie.

Sien julle aan die ander kant.

VIR WILLEM SE VERJAARSDAG

DEUR
JACKIE HANCKE

Hanko kyk in die kamera in en wag geduldig vir die rooi knoppie om "Live" te wys. Hy mompel die proses soos dit vorder binne sekondes.

HANKO

Druk, wag en *record* ... Daarsy ... *(Oorgang, opgewonde.)* Willem! *(Teleurgesteld.)* My suster was toe al die tyd reg met haar astrologiese nonsens en die mal jaar van 2020. Ek weet jy wil my nie glo nie, maar dis waar. Ek wou haar ook nie glo nie. Wie de hel wil iemand glo wat ...

AS SUSSIE

(Hande is sagter en in sirkels om die beweging van die planete in die kosmos aan te dui, soos sy praat.)
... en vanaand is die maan in opposisie met Saturnus in die huis van die Steenbok ... en ons almal weet wat die kwaliteite van dié bokkie is. Hy stamp, maar klim ook 'n berg uit. So verwag dus 'n emosionele wipplank net soos gister en die dag voor gister en die ... *(Stadige oorgang, verloor sussie se karakter, sarkasties.)*

HANKO

(As homself.) ... dag voor gister en nes jou ouma-hulle dit ook gehad het! Sien jy nou? Dit irriteer my moer baie dat sy vir 'n sekonde reg was en my ma hang steeds aan haar lippe. *(Verwytend.)* Dis sy wat haar so aanhits, maar kan sy al 'n behoorlike blerrie broodjie maak vir skool?

AS MAMMA

(Tel sy hande op en hou dit slap soos Mamma altyd.) ... Môôr Hanko! My naels! Dit kos (SING RITMIES) flip-pen-duur om hille so lônk te kry ...

HANKO

(Oorgang) Hoe sy nog nie haar oog uitgehaal het nie ... *(Oorgang, donker)* of my pa s'n. *(Pouse.)* Ek weet nie, dalk het my ma tog êrens *hidden super powers* en sy is soos 'n *silent ninja* wat haar naels soos tien swaarde kan gebruik en *(Gooi wilde ninja-bewegings.)* HUH! HAH! HI-HAH! ... en niemand voel *down* of *depressed* nie, want sy *fight demons* en *dragons* en *(Oorgang, sissend kwaad.)* ... en vir Andrew, die nool wat jou altyd geterg het oor jou maer bene! Ek *trip* hom nou nog by die skool. Hy het 'n ruk terug sy mond oopgeval en toe huil hy en sê:

AS ANDREW

"Ag, komaan Hanko. Ek wéét dis jy. Kom net oor dit!"

HANKO

Toe moer ek sy oog ook toe! *(Plegtig, seer.)* Hy sal vir altyd betaal vir wat hy aan jou gedoen het. *(Probeer hartseer onderdruk, maar verloor.)* Dammit, Willem. *(Pouse.)* Hoekom het jy gedink my pa sal die beste sielkundige vir jou wees? Ek luister dan nie eers vir hom nie! Hy het elke ander week 'n simpel ding wat hy vir my ma sê. Hy is nou nog kwaad omdat hy nie my suster skok-terapie kon gee nie, want my ma het hom gekeer! *(Bou na woede.)* Al wat hy kan doen is om *famous* mense en filosowe te *quote* oor eensaamheid, maar kan nie sy pasiënte of gesin diagnoseer as eensaam nie! *(Woedend.)* Wat de hel wéét hy!! *(Probeer bedaar.)* Ek is net kwaad vir my suster, omdat sy nie regte goed kan voorspel nie! *(Seer.)* Ek is nie kwaad vir jou nie, Willem. Ek weet nou hoe jy voel! Dis *genuine* alleen sonder jou hier. Vandag sou jy verjaar het en ons sou CoD gespeel het. My pa sou die verkeerde pizza bestel het. Ek dink hy hou daarvan as my ma se naels na knoffel stink, sodat hy 'n verskoning het om in die spaarkamer te slaap. *(Stil.)* Dis onmoontlik om hom te vergewe.

VRY IN DIE BONDEL

DEUR
ALMA NEL

Die karakter is 'n vyftienjarige tienerseun. Hy praat met 'n ongesiene vertroueling. Hy leer die harde realiteite van wat presies "vry in die bondel" beteken. Dis tragies-komies. Die karakter het 'n vinnige, opgewekte tempo. Net voordat dit hom verpletter, volg hy ook maar die stroom. If-you-can't-beat-them-join-them tipe van ding. Totdat almal uiteindelik grootword.

'n Visioen in die agtersitplek. Ek is nie gewoonlik 'n ou wat dinge soos *scrunchies* in meisies se hare raaksien nie, ek's net soveel laaitie soos die ou langs my. Maar daar was net iets aan haar, ek moes haar sonder 'n masker sien.

"Ma, trek daai Polo van die pad af, ek gaan eendag met daai meisie trou!" Tot my verbasing doen my ma dit, sy dink dis *super cute* of iets.
Die tannie wat die Polo bestuur, is *obviously* baie verbaas dat 'n vreemde tannie en 'n laaitie haar van die pad afgetrek het – dink daar's moerse fout met haar kar. Ek spring uit ons kar en probeer die Polo se agterdeur oopmaak, maar dis gesluit. Nou voel dit soos 'n *hijacking* poging. Ek draai om om my ma se blik te vang, maar sy en die tannie wat die Polo bestuur, giggel. Die agterdeur gaan oop. Sy staan voor my: "Wat is jou probleem?" Sy lyk kwaad.

"Jy." Antwoord ek sonder om te dink. Sy kyk net na my. "Haal jou masker af." Pleit ek.
Sy kyk regs, weer na my, en sê: "Voor ons ma-hulle?" Toe weet ek sy't 'n humorsin en ek neem dit verder: "Ek wil jou sien sonder enigiets aan."
Met 'n harde klap agter my kop stop my ma die situasie. Ná die uitruil van mekaar se Insta-*handles* is my en Cynthia se verhouding eers op ys geplaas.

Ek't gehoor mens wag twee dae. Ek het. Maar net voordat ek haar wil DM, land haar boodskap: 'n Foto sonder enige masker. Ek sê toe vir haar: "Jy laat wag my twee dae hiervoor?"

(Die karakter lees alles wat kamstig op sy foon gebeur hardop uit, asof dit op hierdie oomblik weer gebeur.) Recording audio ... Typing ... Offline. Wat de hel? Typing ... *(Kyk weer op sy foon)*.

"Ek het iewers gehoor mens moet twee dae wag voordat jy 'n boodskap stuur aan iemand wat jy regtig laaik," kom dit van haar af. En die res, soos hulle sê, was geskiedenis.

Ons eerste *date*: 'n Drama-aand by haar skool. Sy speel die hoofrol. Ek gaan sit in die gehoor – heel voor. Cynthia is op die verhoog. Terwyl sy huil in die een of ander tragiese toneel, knipoog sy vir MY so tussen die trane deur. Jinne, ek *love* net mooi meisies. *Damn* ...
Ek gebruik die geleentheid toe die gordyn sak, om gou uit te glip. Met blomme wat ek daai middag in ons buurt gepluk het, bou ek in 'n *shrine* voor die aantrekkamers. Met die laaste uitlaai van 12 *trip*s kar toe en terug met blomme kom ek met die laaste bondel by my *shrin*e aan. Daar staan 'n hele ry mense. Hulle trap op my blomme. Ek wil keer, maar toe stap Cynthia uit. My hart val.

Sy word oorval deur ouens met Woolies-blomme, bruidsruikers en potplante en almal kry drukkies en soentjies. Sy kyk rondom haar, verby my, en vra: "Wie het hierdie *sad* tuin kom bou?" Almal lag en ek laat val die laaste van die verlepte blomme en takke agter my rug.
Om dinge nog erger te maak DM ek haar op pad huis toe: Heyyyyy, wil maar net sê ek't jou *show* g*elove*. Jy is 'n *kickass* mens. *Honestly. Anyway*, ek kon jou nie na die *show* kry nie, wou iets vir jou gee. Hoop als gaan goed en stuur groete vir jou ma!

Sy *reply* bykans onmiddellik. Maar dis 'n *forward message*. *(Totale skok.)* Dis my *message*. Onder aan my boodskap het sy getik: "Chris, daai *obsessive freak* het sopas hierdie gestuur. Dink jy dis hy wat die *sad* tuin gebou het?
Ek wil begin tik om vir haar te sê ek dink nie sy wou dit nie aan my stuur nie, maar toe is die *message deleted*.

(Hy tel 'n Paddle Pop-roomys op.) Hierdie Paddle Pop Tornado-roomys is *anyway* beter as vry. Ek meen, hoe vry mens *anyway* met 'n tweemeterafstand tussen julle? *(Hy tel die roomys op en begin dit eet.) (Klank van 'n boodskap. Hy kyk op sy foon, verbaas)* Van Tanya: "Hi, ek weet jy ken my nie, maar ek *lov*e jou Insta-*posts*, ek het sopas gaan draf (...) *dot dot dot. (Die akteur lees die ellips as "dot dot dot" hardop uit.)*

(Soos wat hy op sy foon die skakels volg om te kyk hoe sy lyk.) Profile, click. (Sien hoe mooi sy is.)
Jis, sy's *hot*.
Reply: Hou jy van water?
Typing: Uhm ja ... ?
Reply: Wel, dan sal jy al klaar 70% van my hou.
Typing: WHAHAHAHAHA!
(Verwysend na homself) Smooth one, ou grote.
(Hy gooi sy Paddle Pop-roomys eenkant toe. Groot gewaarwording.) Who am I kidding? Niks *(Verwysend na die roomys.)* is beter as die kans om te vry nie. Twee meter se moer.



HUIS

DEUR
MAGDEL BRAND

(Seun sit en kyk vir sy foon, neem op.)

Toets, toets. Ek wil begin deur dankie te sê vir Covid-19 en juffrou Malherbe, die beste Afrikaanse juffrou … NIE. Nou moet ons ons Afrikaanse mondelinge digitaal instuur. Juffrou Malherbe, ek het nie eers geweet juffrou besit 'n selfoon nie, want juffrou is nie net pre-Mxit nie, maar pre-selfoon. Ek dog die aftree-ouderdom vir Afrikaanse onderwysers is 65, nie 103 nie. Oukei, so hier is my mondeling, Juffrou, baie dankie vir die vreeslike kreatiewe onderwerp van Huis. Wat de donner dink Juffrou moet ek oor my huis sê? Juffrou met die perfekte bollatjie en gestrykte sakdoekies, sal 'n oorval kry as Juffrou weet hoe dinge regtig in my huis gaan, maar kom ek vertel Juffrou bietjie.

Eendag lank gelede was daar 'n ma en pa wat moes trou, want my boetie was op pad. Hierdie ma en pa het nie geld gehad nie, maar gelukkig vir hulle, was ons klein spoorweghuisie 'n winskopie, want niemand wou hom hê nie. HOEKOM?

Oooooo, want hier was 'n moord in die huis. Blykbaar het Japie Jooste sy vrou se keel afgesny met 'n stomp broodmes, haar ledemate verwyder en dit oral in die tuin begrawe. Hy het haar kop 'n hele 3 weke in die vrieskas gehou en elke middag 12 uur die vrieskasdeur oopgemaak, op die vloer gaan sit en met haar gesels. Hy sê dit was die eerste keer in hulle hele huwelik dat hy 'n woord ingekry het. Toe die buurvrou begin kla oor die stank in die tuin – hy't lyk my nie haar liggaamsdele diep genoeg begrawe nie – het die polisie kom ondersoek instel. Wel, Japie Jooste se tronksel het nog nie eers behoorlik toegeslaan nie, toe slaan hulle al 'n Te Koop-bordjie in die voortuin in. Niemand wou die huis koop nie, maar my ma het gesê daar's niks wat 'n bottel *bleach* nie kan skoon maak nie. Hulle het die huis sommer so met meubels en al gekoop, hulle het net 'n nuwe vrieskas gekry. Dis nogal grillerig as ons hond, Rex, met 'n been hier deur die huis hardloop, een wat hy in die tuin opgegrawe het, dit lyk soos daai bene op daai *CSI show* wat my sussie altyd kyk. O ja, Juffrou sal mos nie weet nie, Juffrou het nie 'n TV nie.

Juffrou Malherbe, ek stel my voor dat Juffrou alleen in Juffrou se huis bly met 80 katte, want Juffrou is mos nie getroud nie. Wie wil nou met iemand trou wat opgewonde raak oor rooi penne en klere dra uit die 1820's uit? In elk geval, my ma is 'n alkoholis, sy suip heeltemal te veel en my pa skreeu skoon onbeskof as die Blou Bulle begin rugby speel en elke nou en dan bliksem die een of die ander een mekaar.

Daar is nie een koppie wat heel is in my huis nie en my pa sê solank as brandewyn goedkoper is as skoolfonds, koop hy eerder brandewyn. Ek het 'n tweelingboetie en 'n sussie. My sussie se kêrel is 48 jaar oud, maar sy sê hy is nog 'n jong 48. Hy ry nog 'n Corsa Light met 'n vlerk op die agterkant wat se suspensie ge-*drop* is. My boet se meisie bly ook by ons, sy was eers die ouer boetie se meisie, nou is sy die jonger boetie se meisie, dit maak nie veel aan my saak nie. Sy het net van die een kamer na die ander kamer geskuif. Dan is daar … ek. My ma wou my nog nooit gehad het nie, my pa wou my nog nooit gehad het nie, ek dink nie hulle het al 'n woord vir my gesê hierdie hele week nie. Inteendeel, hulle weet nie eers watse vakke ek het nie en ek is in matriek. Ek moet sê, ek dink ek is nogal die perfekte akteur in my skool. Almal sien hierdie ou met sy skoon skoolklere, wat ek self elke dag was, die ou wat in die Top 10 akademie is, die beste in redenaars is, eerstespanrugby, die onderhoofseun van sy skool. Niemand weet regtig hoe *fucked up* dinge by my huis en in my lewe is nie, maar dankie, Juffrou Malherbe, dankie vir hierdie kak huisonderwerp.

(Stop video-opname.)
As ek net dit kon instuur ...

(Neem weer op.)

Geagte juffrou Malherbe en NIE klasmaats nie. Vandag gaan my onderwerp oor huis. In my huis het ons kwaliteitfamilietyd wat ons saam spandeer en dit is wat my so opgewonde maak oor die onderwerp, Huis, want die huis is waar die hart is. My gunstelinggesegde is – Ma is die hart van die huis. En dit is wat my Ma alles is. Die ma wat koekies bak, die ma wat my wakker maak met koffie in die bed, die ma wat nie een rugbywedstryd mis nie en sommer lemoene uitdeel halftyd, sy is die ma wat almal wil hê. My pa is die beste pa wat ek kan voor vra, my boeties die lekkerste boeties om mee te lewe en my sussie die oulikste sussie onder die son is. My familie is so *awesome* en ek kan nie vra vir 'n beter familie vra as hulle nie. O, ja, en voor ek vergeet, ons het ook hierdie oulike papegaai en sy naam is Japie Jooste.

(Stop video-opname.)

Dit sal maar moet doen, Juffrou.

KLAGTEKANTOOR

DEUR

JONETTE VAN ROOY

Gaap en is nog in haar slaapklere. Sit agter 'n tafel waarop daar drie selfone lê. Daar is papierbordjies wat regop staan langs elke selfoon met 'n beskrywing op van watter maatskappy se kliëntediens dit is. Daar is: Dr. Pyl se Plastiese Chirurgie; Magdalena Maansiener; Suiderlig se Sustersvereniging.

Magdalena Maansiener se foon lui en sy tel dit op.

Welkom by Magdalena Maansiener, die heldersiende.

Goed, Mevrou, u het Magdalena die vorige Woensdag gesien? Waarvoor was dit, Mevrou?

So, u broer kom in die nagte by u huis in en kielie u tone?
Ek sien. Ja, ek verstaan, Tannie. Sal môremiddag 2 uur reg wees? *Skryf dit in die dagboek.*

Ons hoop die maan sal met jou staan.

Dr. Pyl se foon lui.

Hallo, Dr. Pyl se Plastiese Chirurgie, wat plak ons vandag?

Luister.

Ja, Meneer ... Waarvoor het u hom Maandag gesien?

'n Penisvergroting ... ja ... 'n noodafspraak, dit beïnvloed nou u testikels?

Die een het afgeblaas? Hoe groot is die verskil, Meneer?

'n Appel en 'n vy? Ek verstaan. Hoe klink vanmiddag om 3? Goed so.

Mag die verbetering vir altyd hou!

Sit die foon neer. Die Sustersvereniging se foon lui. Tel die foon op.

Suiderlig se Sustersvereniging, met koek en tee staan ons die kwaad teë, hoe help ek?

Dame Ursela, goed om wéér van u te hoor ... Waarom bel u vanmôre? Die tertjies was droog? Ek skryf dit neer, wat nog?
Die tee was flou, en die spreker? Wat was fout met die spreker?
Sy praat oor mans asof sy hulle ken? Is sy nie geakkrediteer nie?

Ja, maar ... Goed so, ek sal dit skryf, sy dink 'n mens kan mans beheer?
Wat is u siening, dame?

Dat mans varke is en niks verdien nie? Alles is so neergeskryf. Met koek ...

Die foon word in haar oor doodgedruk en sy sit dit neer.

Sy kla ook oor alles ...

Die Sustersvereniging se foon lui weer.

Suiderlig se Sustersvereniging, met koek en ... Dame Ursela, waarmee help ek?

Dame, hierdie lyn is vir probleme met die Sustersvereniging, nie die dominee nie. As Dame dink dat die dominee met ander susters rondslaap, moet Dame die hoofkantoor bel. Totsiens, Dame. *Sit die foon neer.*

Donderdag ... Ursela is weer op haar stukke ...

Foon lui.

Hallo, Dr. Pyl se Plastiese Chirurgie, wat plak ons vandag?

Meneer Tobie. U afspraak is die vroegste wat dr. Pyl u kan sien ... Dit verkleur? Watse kleur, Meneer?

Geel en blou? Hoe groot is die verskil? 'n Ertjie en 'n peer? Sjoe, Meneer, ek dink u moet maar direk daarheen ry, hy sal u onmiddellik moet sien. Mag die verbeteringe vir altyd hou!

Sit die foon neer.

Eish!

Foon lui.

Meneer Tobie, ek het u nounet gesê, ry dadelik, voor dit na swart verkleur en afval ... O, ekskuus, tannie Wenda! Nee, u tone sal nie afval nie. Nee, Tannie, jammer Tannie. U broer, is hy op die oomblik daar, Tannie? Moet Tannie nie dan maar die polisie bel nie? U het reeds?

U sien darem vir Magdalena môremiddag 2 uur. Totsiens, Tannie. *Sit die foon neer.*

Foon lui.

Hallo, Dr. Pyl se Plastiese Chirurgie ... wat ... hallo Dame Ursela, jammer, nee, Dame het die regte nommer, ek het net kop verloor. Waarmee help ek, Dame?

Verstaan ek reg, u wil hê ek moet die dominee bel en vir hom sê dat hy nie moet vergeet dat Dame ook 'n suster is nie? Wat bedoel Dame daarmee? O, ek sien. Nee, ek verstaan, Dame. Met koek en tee staan ons die kwaad teë. *Sit die foon neer.*

Vuil ou tannie. Sy wil net hê dat die dominee ook by haar romp moet oploer. Wie is hierdie gemeente se dominee in elk geval. *Kyk in die boeke.* Dominee Tobie Grobbelaar. Tobie ... nee! Tobie met die blou bal? Hierdie is net te kosbaar. *Lag.*

Foon lui. Goeiemôre en welkom by Magdalena ... Tannie Wenda, ek weet u broer pla u, maar is daar niks wat Tannie daaraan kan doen nie? Wat is u broer se naam en van, dan bel ek hom?

Het ek reg gehoor? Tobie Grobbelaar? Die dominee? Ja, ek sien. Ek sal dit uitsorteer, Tannie. *Sit die foon neer.*

Foon lui. Tannie Wenda, gee my net 'n oomblik kans, ek gaan Tobie nou bel en vir hom sê hy moet u voete ophou kielie! Dame Ursela? Nee, dit is nie wat Dame dink nie! Nee, die dominee kielie nie 'n ander suster se voete nie! Dis sy eie suster, Dame!

Nee, nie op daai manier nie! Ek belowe hy kielie in elk geval niemand se voete op hierdie oomblik nie!

Wat bedoel ek?
Wel, hy is op pad na die dokters toe om sy testikels te red! *Gooi die foon neer.*
Ek bedank dadelik.

Jou voorkeur oplossing vir kwaliteit sekuriteit, eiendom- en fasiliteitsbestuur.
Ons diens die hele Suid-Afrika.

INSTANDHOUDINGSDIENSTE
SEKURITEITSDIENSTE
SKOONMAAKDIENSTE
VUURBESTANDE INSTALLASIES
WAARDASIES
FORENSIESE OUDITS
DEBITEURE INVORDERINGSDIENSTE
ALARMSTELSELS
GEWAPENDE WAAKEENHEDE EN PATROLLIE
BBP-SEKURITEIT
GELEENTHEIDSEKURITEIT (KLEIN TOT GROOT SKARES)
WINKELSENTRUM EN HANDELAARSEKURITEIT
INDUSTRIËLE EN HUISHOUDELIKEKOMPLEKSSEKURITEIT

www.gapmanagement.co.za

KOLLIG

DEUR

JJ VAN DER SCHYFF-SMAL

Karakter: *Dawid is 'n baie flambojante jong man. Hy is vasgevang saam sy baie godsdienstige familie a.g.v. Covid-19. Sy ouers het onlangs uitgevind van sy seksualiteit en aanvaar dit op verskillende maniere. Dawid is iemand wat homself uitlewe in die dramawêreld, maar is nou geforseer om onder sy ouers se dak sy persoonlikheid te probeer verander. Die situasie pla hom baie, maar hy probeer ontsnap deur musical-teater.*

Rekwisiete: *Dit speel af in sy kamer waar die dekor heel duidelik wys dat Dawid mal is oor musicals. In die agtergrond kan 'n mens 'n verskeidenheid kostuums sien wat hang. Dawid sit by 'n spieël waar hy besig is om grimering aan te sit. 'n Vereboa word ook gebruik. Pillebotteltjie en 'n skerp lig van die kant af moet gebruik word.*

Kostuums: *Dawid is geklee in nagklere, maar trek later 'n blink kostuum aan. Hy gebruik ook 'n vereboa. Soos die toneel vorder, sit Dawid meer en meer grimering aan. Op die einde van die monoloog het hy volle grimering aan.*

Staan stil vir 'n rukkie.
Dawid: *(Stilstaande.)* Dis koud … *(Grou 'n vereboa uit wat weggesteek is en gooi dit oor sy skouers, begin sing).* "Memory, all alone in the moonlight, I can dream of the old days, life was beautiful then, I remember the time I knew what happiness was …" *(Lig skyn op sy gesig van die kant af.)* O, is jy al hier? Ek's nog nie reg nie. Is dit nie 'n *amazing song* nie. Was nie so mal oor die *musical* soos wat ek oor die musiek is nie. Ek's versot op *musicals*, miskien 'n bietjie te veel. Ek het *The Greatest Showman* seker al honderd keer gekyk. My ma het dit eenkeer saam met my gekyk, maar was meer op haar foon as enigiets anders. My pa sal natuurlik nie 'n oomblik kyk nie. *(Maak sy pa se stem na.)* "Vir watse donnerse rede moet hulle sing as hulle net kan praat?"

Hy's een van daai rugbymans wat 'n orgasme kry vir droëwors en 'n bier. Ek aard definitief nie na hom nie. My ma probeer … Soms. *('n Skerp lig skyn van die regterkant af op Dawie se gesig, Dawie kyk in die lig in.)* Nee, nog nie! *(Lig verdof.)*

(Sing.) "Somewhere over the rainbow, way up high …" *('n Harde stamp aan die deur kan gehoor word.)* Dis my pa en sy testosteroonmanier om vir my te sê word wakker.

Sy opinie oor *musicals* is dat die enigste plek waar mens sing is in die kerk en dis net as die dominee jou dwing. Hy het groot hande … Kan seermaak.

As ek myne in syne gesit het, het dit altyd soos 'n vrou sin gelyk, wel dis wat hy elke keer gesê het. My naels was nie gebars nie en my hande was nie hard nie. Kan nie help dat ek daarvan hou om na myself te kyk nie. Sal sweer hy het nog nooit gehoor van Oil of Olay nie. My ma se hande is altyd netjies. Naels gedoen en als. As jy nou 'n bombastiese man wou sien 'n boerberoerte kry, moes ek nou my naels ook laat verf. *(Hy lag.) ('n Skerp lig skyn van die regterkant af op Dawie se gesig, Dawie kyk in die lig in.)*

Ek het gesê ek's nog nie reg nie! *(Lig verdof.)* Ek glo dat 'n mens se lewe is soos 'n *musical*. Wat dink jy? Ek bedoel nou nie dat almal skielik in 'n oomblik van sang uitbreek as daar 'n klimaks is nie, moet my nie verkeerd verstaan nie. Ek sien dit só: Jou geboorte is jou *entrance* op die verhoog. Jy weet as jy daar onder uitkom en die dokter trek jou in die kollig in. Voilà, jou *entrance*. Soos jy ouer word, groei jou karakter en kry meer vleis. En die eerste pak slae wat jy by jou ouers kry, sien ek as dié kritiek. As ek my *musical* 'n naam moes gee, sou dit iets wees soos *Desperate Dawie* of *The Depression of David*. Wat dink jy daarvan? *(Pouse.)* Jy is nie baie gesellig nie. Jy's soos my ma as ek oor "dinge" wil praat.
Ek moet net nie waag om die woord depressie voor moederlief te noem nie. Sy glo nie daarin nie. Sy laat my pa die pille by die apteek optel, want dis *embarrassing* vir die familie. Ek's mos iemand wat aandag soek. My pa is te bly om die pille te gaan optel, dink seker dis medisyne vir my seksualiteit. *('n Skerp lig skyn van die regterkant af op Dawie se gesig, Dawie kyk in die lig in.)* Lyk dit of ek reg is? *(Lig verdof.)*

Dis nou al 'n maand van *lockdown*. Langer skoolvakansie, jippee ... Wens dit was lekker. Ek mis my dramavriende. Daar kon ek myself uitleef. As ek dit waag hier doen, is dit 'n stamp aan die deur of 'n *mention* in die tafelgebed. Hulle probeer. Ek het darem nog 'n dak oor my kop. Die dag toe ek uit die kas uitgebliksem het, was ek seker ek sou my tassie moes pak en gaan. Sou verkies het om hulle nie te sê nie, wel miskien sou ek dit by hulle graf met hulle gedeel het. Maar my ma is mos iemand wat my kamer skoonmaak soos Nancy Drew. Sy het op 'n paar dinge afgekom wat ek nie kon weg verduidelik nie. Hulle het dit met stilte aanvaar. Maar ek kon die *disappointment* in hulle oë sien. Dis die gedeelte wat die antagonis in my *musical* voorgestel is. Die ander karakters wat 'n groot rol gespeel het, was godsdiens en teleurstelling. Om so vasgevang te word saam met jou familie laat jou besef hoe hulle regtig voel.
('n Skerp lig skyn van die regterkant af op Dawie se gesig, Dawie kyk in die lig in.)

Ek weet, ek kan seker nie die heeltyd praat nie. Nog net 'n rukkie. *(Lig verdof.)* Ten minste kan ek my gevoelens met jou deel. Die huis was te stil as dit by my storielyn gekom het. Die pille het gehelp, maar net vir 'n rukkie. Vir 'n rukkie het jy 'n fok gevoel, maar dan slaan realiteit jou weer soos 'n ongeoefende klap op die verhoog … *(Sing.)* "I'm not a stranger to the dark, Hideaway they say, We don't want your broken parts …" *(Hartseer.)*

Moffie, homo, *fairy* was die enigste eienskappe van my karakter wat ek in die gesin se oë kon speel. Geen van my ander eienskappe was meer belangrik nie. Sodra jy jou karakter aan die gehoor voorgestel het, is dit al wat hulle sien. Weet jy waarheen ek nou gaan? *(Pouse.)* Jy kan seker nie sê nie. Mense wat doen wat ek gedoen het, kan mos nie die ewigheid verwag nie. *(Lig kom weer aan. Begin grimering aansit.)*

Meneer Swart, my drama-onnie, het altyd gesê dat mans moet ook grimering dra op die verhoog, anders blink jy soos 'n varkboud op Kersfees. *(Ná hy poeier op sy gesig gesit het, kyk hy in die lig in.)* Sien, dit werk.

Ek wonder of my rol gemis gaan word, want ek het nie 'n *understudy* nie. Elkeen moet sy rol in die lewe speel, "all the world's a stage" volgens Shakespeare. Hy was reg. My ma se rol was om my voor te stel aan die gehoor, my pa se rol was rekwisiete en hy het altyd seker gemaak die pille is op hulle plek, en jy, jy is my *exit*. My *musical* is voltooi, kostuums en al. Ek moet sê, jou kostuum is asemrowend. Ek het my rol gespeel soos 'n goeie, ervare *all-rounded* akteur. Rekwisiete was ten volle gebruik.

Ek het geweet die pille maak alles reg, of so het my pa gevoel. En as een pilletjie elke drie uur hom so gelukkig maak, sal 'n handvol dalk alles genees. My pa was reg, die pille was op die ou einde die regte medisyne. In hulle oë is die klimaks bereik, in my oë is dit nou die ontknoping. En wat is 'n *musical* sonder 'n *finale*? Ek's reg om te gaan.

(Hy staan op en loop na sy bed toe, die gehoor kan 'n persoon sien lê in die bed en 'n hand wat uitsteek van die bed af. Kan nie die gesig sien nie. Dawie sit 'n strikdas aan en begin te sing.)

"Don't tell me not to live and sit and putter, Life's candy and the sun's a ball of butter, don't bring around a cloud to rain on my parade, don't tell me not to fly, I simply got to. If someone take a spill it's me and not you, who told you, you're allowed to rain on my parade…

(Dawie draai na die lig toe en gooi sy vereboa oor sy een skouer en loop in die lig in. Verdof tot donker.)

Sukkel jou besigheid met 'n besprekingstelsel uit toentertyd?

Ons stel bekend **Onebook**- 'n eenvoudige, alles-in-een aanlynstelsel wat die lastigheid uit besprekings looi sodat jy voluit op jou besigheid kan fokus.



Voorkom gemisde afsprake deur outomatiese kennisgewings aan kliënte te stuur.

Kry blootstelling aanlyn en bied die geleentheid vir potensiële kliënte om jou besigheid raak te sien.

Geskik vir álle industrieë en gebeure, hetsy mediès, skoonheid, toerisme, kuns- of musiekfeeste.

Sny onnodige administrasie uit en spaar tyd en geld sodat jy op jou besigheid se groei kan fokus.

Registreer vandag en geniet **90 dae gratis diens** en betaal daarná slegs 'n klein maandlikse fooi van **R199.**

Kontak **info@onebook.co.za**, en gebruik die promosie-kode **"ATKV"** as verwysing .

Onebook
Besprekings flink en vinnig.

onebook
appointments quick & easy

LIZA

DEUR

ALMA NEL

Die karakter is 'n 18-jarige tienermeisie. Sy sit in 'n denkbeeldige bad. Sy "praat" met haar hartsvriendin, Liza, oor gisteraand. Sy is verneder. Voel effe simpel en effe af en steeds vol hoop.

Ek is jammer oor al die snot en trane tydens my totaal onvanpaste gemoedsbekakking voor jou. Dit was *gross*. Ek onthou vanoggend met my dik gehuilde een uur lange Allergex-infused slaap dat jy onwillekeurig *gag* as iemand snuif. *Shit*. Ek't gisteraand die langste snot- en maskaradrade gesnuif wat daar al ooit was. Vir soos 'n uur. Terwyl jy rustig na my luister. Jy't seker amper gekots, ek weet nie, ek kon nie eers na jou kyk nie.

Jy's nie in op die narratief wat ek van ons twee in my kop het nie, so dis nie jou skuld dat ek tot in die 9de geslag *rejected* voel nie. Jy's nie 'n doos nie; jy't net nie opgetree soos jy in my kop moes optree nie.

Ek't my storie gebou uit al die stukkies waarheid wat jy vir my gegee het. Die kyke, die *nudge-nudge, wink-wink* gesprekke. *Shit*, Liza, daai organiese rooiwynboekbekendstellingsaand se hande vashou? Ja, vriende hou hande vas, maar toe óns hand-aan-hand wegstap en die groot literêre koppe wat ons agterna kyk? *I. Felt. Infinite*.

Hierdie is my prentjie: Ek en jy in 'n bar in *freakin'* De Aar. Laat. Effens gekuier. Almal kyk *obviously* na ons, want ons is so blerrie aantreklik en cool en anders. Dan, op 'n *random jukebox*, kom Meredith Brooks se *song*, "Bitch", op.

"I hate the world today." Jy's in die middel van die tafel. *"You're so good to me"*. Ek trek jou nader. *"I know but I can't change."* Stoot jou weg, trek 'n stoel op. Laat jou sit. Effe *lap dance*-erig. Jy vat oor, want jy sing *actually* mooi, *"I'm a bitch, I'm a lover, I'm a child, I'm a mother, I'm a sinner, I'm a saint, and I do not feel ashamed, I'm your hell, I'm your dream, I'm nothing in between, you know you wouldn't want it any other way..." (Huiweringspouse. Sy ruk haarself uit die kroegdroom uit.)*

Al hierdie *bullshit* van jou wat lewe in die grys areas en hoe oop en *cool* jy is, is 'n klug. *The moment when shit got real* en ek 'n moerse emosionele reaksie jou kant toe gooi, is jy maar net 'n meisie wat 'n ander meisie soen, vir die *fun*, vir die *shits and giggles*, of *however* jy dit regverdig. Want. Ja. Ek het verder as die soen gedink. Baie keer. Elke keer as ek jou sien. En, Liza? Ek wil nie in 'n verhouding met jou wees of op *dates* gaan en sulke kak nie. Ons is in 'n verhouding, ons is vriendinne. Ek wou net 'n ervaring met jou hê. Die ervaring wat jy my laat glo het ons gaan hê.

Min mense laat 'n huis soos mý huis voel. Maar jy het. Gisteraand het jy nie soos my vriendin gevoel nie, maar soos my *crush*. Veilig genoeg to *let my guard down* op 'n lekker manier, jy weet? Dis hoekom ek so fok *embarrassed* is.

Hoekom tap jy vir my 'n bad met twee (?) handdoeke, roosblaartjies wat dryf, en dan kom jy nie in nie? Die deur was oop. Toe ek klaar gebad is, slaap jy nie. Jy kom sit my in die bed.

Jy maak my toe. Jy buk af. Jy soen my. Sag. Toe gaan ons monde saam oop. Ons tonge raak aan mekaar en voordat ek my hande agter jou kop kan druk om jou nader aan my te trek, loop jy weg. *(Vernederd)* Die res ken jy. Die WhatsApps van my na jou in die ander kamer. Jy wat terugkom, ek wat met myself baklei en jy wat sit en doodmoeg na my ineenstorting kyk.

(Pouse, dan, met hoop, "herskryf" sy die vorige aand se gebeure.)

Ek gaan vanaand oor jou droom. Jy gaan sáám met my bad in my droom. Met daai flippen *lavender*-takkie wat jy op my bed gisteraand gesit het. Baie *bubbles*. Sodat jou bene glad en warm langs myne verby gly. Dan gaan ons praat oor iets, maak nie saak wat nie. Seker oor hoe *weird* mense is. Hoe klein ons in vergelyking met die heelal is. En daai *cool song* van Karen. 'n Deel van jou waslap raak aan my. Dis warm. Ek vat aan jou. Ons is bo-op 'n *rollercoaster*, net voor die val.

Dan soen jy my. Presies soos gisteraand se soen, maar nou *smile* ek effens ná die soen, druk jou eerste weg, klim uit, droog my af en gaan slaap.

MAMMA EN EK

DEUR
WYNAND KOTZE

Video begin. Lens op kamer. Niemand nog voor kamera. Dan hoor jy iemand skree:

Ma! Bly stil! Ek het nou klas. Aanlyn.
(*Ma skree)* "Doen jou huiswerk!"

Karen nou voor die kamera. Skuus. Dit gaan nie altyd so nie ... my ma is lieflik.

Ons is alleen, ek en sy ... wel, alleen – saam, vir die afgelope 3 maande. Ons leer mekaar van vooraf ken. En sy leer my baie. Ek het haar voorgestel aan *RuPaul's Drag Race*. Sy sê dis "vieslik", maar elke aand vang ek haar met 'n mond vol *popcorn* voor die TV. Sy't uitgevind dat ek regtig nie van malvapoeding hou nie – sy was toe kwaad omdat ek vir 16 jaar niks gesê het nie. My ma was nog altyd lief vir ... uuuh ... weerloosheid! Daarsy. Weerloosheid. Of net ... *honesty*. Dit is seker die ander woord.

Gisteroggend, bring sy vir my ontbyt in die bed en sê, "Karen, ek en jou pa sou vandag 30 jaar getroud gewees het."
Sy gaan toe aan en sê daar is 'n paar dinge wat ek nog gaan leer.

1. Skoonheid kom van binne.
2. Ek gaan eendag moet *settle* vir 'n ou wat ek semi – soort van – aantreklik vind.
3. En dat ek altyd 'n puisie of twee op ongemaklike plekke gaan hê.

Harsh. Ek weet, maar ek is bly my ma maak my groot *with a grip on reality*.

And like I said, she is great, ja. Sy is *amazing*. Sy is! Sy't my eintlik alleen grootgemaak terwyl my pa ... terwyl hy ... nee. In hierdie huis praat ons nie oor dose nie.

My ma se woorde.

Elk geval. Ek het besluit om te begin *journal*. Ek wil my binnegoed buite kry ... en ek dink ek kan baie mense help.

Karen kyk weer na die deur. (*Amerikaanse Engels*) *My name is Karen.* Nee, *jokes*.

My naam is Karen. (*Haal drie kerse uit 'n sak uit, pak dit netjies voor haar uit.*)

Vra enige skrywer. Vuur is die perfekte metafoor. Dit wys jou wat kan gebeur as jy deur jou vrese werk en vrede maak met die noodlot. Dink daaraan. As die persoon met wie jy *vibe*, *you know*, as die outjie of meisie wat van wie jy hou sy hart oopmaak en sy skild laat sak ... 'n woord wat juffrou Lategan my geleer het ... skild ... begin daar 'n vuur brand tussen julle, in hom, in jou ... en sodra dit gebeur, kan jy voel hy raak meer teenwoordig. Hy praat sy waarheid en jy voel ... veilig ... soos wat sy vrees met die rookwalms op damp.

Ek is die kers en die vlam.
Dalk is my ma die kers ... en ek is die vlam. Of andersom?

My naam is Karen en ek glo in die son *(steek kers aan)* ... die maan ... *(steek nog kers aan)* ... en die sterre *(steek laaste kers aan).*

Karen kyk weer na die deur. Dan na die kamera. Asem in asem uit.

'n Mens leer nog baie van die self wanneer jy met jouself opgeskeep sit.

Karen haal nog items uit 'n sak uit. Kruie en stuff *wat mens kan fynmaal. Amper asof sy gaan kos maak. Besig daarmee terwyl sy praat.*

My ma sê ek is nog jonk en tye het verander. Vandag is ek 'n volwaardige, volronde vrou ... môreoggend staan ek op as 'n gemmerkoekmannetjie. En dis oukei. My ma sê dis oukei. *I can be whatever I wanna be*.

En dis skaars, ek weet.
...

(Begin hum) Steek 'n scented *kers aan. Rookwalms.*

Hi, my naam is Karen en ek is 'n toordokter.
Kyk na deur. Maak seker niemand hoor of sien haar nie.

Ek en Johan is uiteindelik gelukkig. Twee potjies heuning, 'n rooi kers en aarbei-*toiletspray* later en hy is *putty* in my hande.

(*By the way*, om jou eks-*lover* terug te kry, voeg net twee eetlepels kerrie by en sing enige Celine Dion-liedjie terwyl jy die mengsel roer.)

Ons ken mekaar al lank, ek en Johan. Soos die noodlot dit bepaal was ons ingedeel in dieselfde Biologie-klas. En dis daar waar hy sy kers vir my aangesteek het. Hy't sy was op my maag laat drup terwyl ek hom met sy praktiese Biologie-klasse bygestaan het.

Hy't my gehelp met my Lewensoriënteringshuiswerk. My geleer van veilige seks en hoe om hoog genoeg te spring sodat ek my pa se verwagtinge vir my lewe kan bykom.

Ek weet daar is teenkanting.

Daar is meisies. Nee. Daar is ’n enkele ... meisie. Ook toevallig in ons Biologie-klas – wat aanspraak maak op wat myne is ... en sy’t hom amper gekry. Was dit nie vir die nodige tyd in afsondering en goeie *Wi-Fi* wat my gelei het tot ’n *powerful* oplossing vir my probleem nie – het Johan iemand anders se kersie vanaand aangesteek.

Karen skuif ongemaklik rond.

Voel julle dit. Daar was ’n *shift ... in energy*.
“*Angels of the sky, I summon thee.*
Bring Johan back to me.
Make Johan love me forever more.
Make Johan love me until I die.
Make our love powerful and romantic.
Make it last, so mote it be.”

Karen kyk na die deur.

Settle? Ek sal nie fokken *settle* nie!
En jy? Wat van jou? Wil jy *settle*?
Nie so gedink nie ...

Karen haal bordjies uit en wys dit na die kamera. Op die bordjies staan:

My ma het onlangs haar werk verloor.

Ons moet huur betaal.

Bel my, vandag nog – 086 254 5454.

(Ma roep weer in die agtergrond.)

DIE GROOTSTE DIGITALE INTEKEN-NUUSDIENS IN AFRIKA PRAAT JOU TAAL!

Afrikaans maak saak,
jou stem maak saak.
Bly ingelig, bly vermaak
– alles op een plek.

NETWERK 24
Alles op een plek

SLEGS R99 per maand

Beeld + Die Burger + Volksblad + Rapport + Huisgenoot + Sarie + Kuier
tuis + Baba & Kleuter + Landbou weekblad + Weg! + finweek + tvplus + Weg! Ry & Sleep

SKELETONS

DEUR
ELZAAN DANIELS VERWERK DEUR PHILLIP RADEMEYER

VERONICA:

Mammie en Derra het atyd gestry. Die kinnes byrie skool het al gewiet ek slaap by my ma innie kamer, en nie my pa nie. En Ouma het gesê die aunties met die groot hoedens by die kêk het van ons geskinner, van haar oek. Ek was hêppie om te dink, nou kan ek pick en choose wa ek tydens die school holidays wil bly, twee birthdays kry, en twee kamers hê as dinge by die een nie lekker ga'n ni. Maar ek was dertien, mondig, toe ek voor die magistraat staan en sê ek wil by ma bly. Derra het dan vi my 'n twee rand belowe om vir hom te kies, maar ek dink dis die Here wat vir my gepraat het. Ek het getry explain, ek was sorrie. Hy het net na my gekyk ennie weer omgedraai nie. Hy kom nie eers visit nie.

Nou het Mammie vir Uncle Mike en hy is my pa. Ek dink my ma is lief vir hom. Mammie sê hy sit kos op die tafel en sonder hom is o's niks. Sonder hom... *(is o's niks)* Hy beskerm ons. Beskerm my.

Een dag by die beach het Uncle Mike vir ons ga'n bompies koep. Toe hy weg was, het daar ander laaities gekom. Hulle het eers met my gepraat. "Ek is Veronica en djy kan my maar enigiets noem wat djy wil, even Ronnie." Hulle't gedink dis 'n mooi naam vir 'n mooi girl. "Ek is veertien en my ma hulle het my te vroeg skool toe gestu' soe nou is ek in graad nege." Hulle't gevra wa's my mammie-hulle. "Ons het onlangs hier by Bloudakkies ingetrek, ek en my ma ja, nie my pa nie, hy't 'n anne ... *(familie.)* Maar nou't ek 'n ander pa, hy het vi' ons bompies gaan koop." Hulle't gekyk, maar Uncle Mike was nêrens. En toe kom hulle nader. En toe begin hulle vat. My lyf hettie lekker gevoel nie, 'it was so lam. Ek het ... kon nie beweeg nie...

Toe kom Uncle Mike. Hy't vi hulle gesê om te voetsek. By die huis het hy my getroos...

Al wat ek kon dink is ek is dankbaar vir wat Uncle Mike vir my en my ma doen. En ek is dan 'n goeie person, reg? Ek tuck my ma in wanneer sy slaap. *(Stilte.)* Sy is 'n goeie ma. Ek weet nie rerig hoe 'n ma "veronderstel" is om te wies nie, but man sal sy amazing wies as sy daai bottel neersit, yet, sy is maar net waaraan djy gewoont is. Ek wou net by haar wies. Maar wat ek vir haar doen, is nie genoeg om dit te bewys nie. Sy soek meer. Meer as wat ek veronderstel is om te gee. Ek bid, vir haar en vir my.

Is dit omdat ek vir my ma daai dag gekies het? Ek dog ek doen die regte ding, want ek het U hand gevoel daai dag.

Uncle Mike het sy arm om my lyf gesit. "Hulle verdien nie om aan jou te vat nie." Sy vel het myne geraak, en dit was kouer as myne. (*Kwaad.*) "Djy moet hulle wegjaag. (*Sag.*) Djy is nog soe pure." Sy hande het beweeg na my naeltjie. *(Beat.)* Hy't gesê hy wou my eerste wies. Vergewe my, maar ek het nie geweet wat hy bedoel nie. Hy't gesê dis ons bond. Ek het stilgebly, stilgestaan. Ek was pap. "Daddy sal djou altyd beskerm, Ronnie."

(Beat.) Dit was doodstil en ek kon die geluid van my zip hoor. En toe ... Ek het geskrie' maar dit was nie genoeg nie. My ma hettie gehoor nie. Nee, sy hettie. Sy sou help, reg? Ja, Veronica, sy sal gekom het. Sy is jou ma, en sy is lief vir jou. Sy is jou ma, en sy is lief vir jou. Sy is jou ma, en sy's ...

(*Vinnig.*) Ek bloei. Ek is klein. Ek is niks. Ek kort 'n drukkie. Ek kort iemand. Ek soek 'n ma.

(*Sy neem 'n lang oomblik.*) Die mure van die huis is dun. My ma sê Uncle Mike is alles en sonder hom is o's niks. Maar saam hom is ons iets. Maar as dit is wat dit kos om iets te wies, wil ek dit nie hê nie.

Met elke been in my, gaan ek sterk wies. Nie net vi' my nie, maar vir die res van die meisies wat hy aangevat het. Wat hulle aan vat. *(Beat.)* Djy gaan nooit weer stilbly nie.

Djy gaan nooit weer stil staan nie.

INGEPERK

DEUR
ILNE FOURIE

Dit was baie wit daar binne. Te wit. Tot haar tafel was wit. As dit nie was vir die reuk van haar parfuum nie, sou mens sweer ek't gesit in 'n bleddie hospitaal of iets.

Dokter Jean Ferreria. Vat jou goed en trek, Ferreria, vat jou goed en trek. Voortrekkers was een van Pa se kak idees van goed wat ek moes doen. Swaar dra al aan die een kant, swaar dra ...

My tong was dik. Amper soos wanneer ma te veel *peanut butter* op my brood sit.

Soos al die ander het die sessie begin met 'n vriendelike "Welkom, Cronjé" en kort daarna die tradisionele herinnering dat dié 'n plek van veiligheid en vertroue is en dat ons sommer net lekker gaan "chat". Tog het sy nie gehuiwer om 'n boks *tissues* uit te pluk nie.

"Dankie. By 'n seunskool is *tissues* mos maar eintlik 'n *luxury*. Ons gebruik net *one-ply* of dan jou kous." Haar wenkbroue vorm twee vraagtekens.

"*Sorry*. Dit was net 'n *joke*. *Tissues* is in elk geval net vir moffies. Mans gebruik sakdoeke."

Sy't dadelik iets neergeskryf in my lêer. Het ek iets verkeerd gesê? Dit het gevoel asof die horlosie teen die muur klop agter my ooglede. Tik, tik, tik, tik.

Ek't begin dink aan Pa. Ek het myself amper morsdood geval met daai fiets. Die teer het die palms van my hande rou gerasper. Pa het my hande afgevee met sy sakdoek, maar die harde materiaal het dit net verder oopgekrap.

"Kom nou, Cronjé, sluk daai trane. Seuns huil nie. Jy's mos nou al 'n groot man. *Tissues* is net vir moffies, mans gebruik sakdoeke."

En daar was dit weer. Twee vraagtekens. Sy kon sien my kop was op 'n ander plek. Dis so flippen frustrerend. As ek vir haar sê ek voel oukei, vraagtekens. As ek vir haar sê ek voel *depressed*, vraagtekens. Wat wil sy hê moet ek vir haar sê? Dit gaan fan-fokken-tasties, dankie, Jean!

Sy't 'n mandjie vol speelgoed voor my neergesit – ysbreker. Maar ek het onmiddellik deur haar plan gesien, hierdie was 'n toets. "Waarmee dink jy sou jy wou speel, Cronjé? Vat jou tyd."

My oog het onmiddellik die Barbie-pop heel bo in die mandjie gevang.

Sy't weer onmiddellik iets neergeskryf. Ek't weer begin dink. Noenoes

Noenoes was my beste vriendin in die kleuterskool. Sy't gelyk soos 'n regte egte engeltjie. Bloedrooi wangetjies en 'n sagte, wit kuifie wat oor haar gesiggie val. Ek en Noenoes was gepla met mekaar – ons was onafskeidbaar.

Een dag sê sy ons moet prinses-prinses speel. Ons het in die kleretrommel gaan krap en ek het eerste die rok met die groot goue en pienk strik agterop gegryp, Noenoes het die blou een met die *glitter* aangetrek.

Ons was pragtig. Ek en Noenoes was opgesluit deur 'n vuurspoegende draak. Ons was prinsesse wat getoor was deur 'n nare heks – en ewe skielik, uit die bloute uit, in die middel van ons verbeeldingsvlug besluit sy ek moet die prins wees wat haar kom red. Ek het volstrek geweier! Hoekom kon sy nie die prins wees nie?

Noenoes het vies haar hande in haar sye gedruk, haar neusie op 'n plooi getrek en gesê dat ek die seun is, ek moet die prins wees. Sy is die meisie en net meisies kan prinsesse wees. Ek was *pissed*. "Wel ... jy sal *anyway* nooit 'n regte prinses kan wees nie, want jy's te vet!"

Ék het daai dag twee keer pak gekry: Die eerste keer by die juffrou omdat Noenoes nie 'n *punch* kan vat nie en die tweede keer by die huis, toe Pa hoor ek het 'n rok aangehad. Ma het vir my verduidelik dat rokke vir meisies is, net vir meisies. Ek en Noenoes het *obviously* nooit weer daarna prinses-prinses gespeel nie.

Jare later lê ek en die einste Noenoes op haar bed 'n fliek en kyk. Ons was verveeld en besluit toe om in haar ma se grimering in te vaar. Sy't my 'n *make-over* gegee.

Smokey eyes soos Natalie Portman in *Black Swan*, bloedrooi lipstiffie. Ek het selfs een van haar kerkrokke aangehad. Sy het haar asem ingetrek. Ek was beeldskoon.

Ek het in die rondte gedraai totdat ek dronk was – om en om en om. Die rok het uitgeskiet soos Natalie se swart vlerke. "Ek vlieg ... Kyk, ek vlieg! Ek vlieg, Noenoes!"

My ma het my vroeër kom oplaai daai dag.

Sy en tannie Louise het net in die deur vir my gestaan en staar. Ma se mond was spierwit.

Agh, ek wens Pa wou my net weer bliksem soos daai dag met die rok, maar hy wou nie eers vir my kyk nie ... Hy wou nie eers vir my kyk nie. Ek sal my ma nooit kan vergewe nie. Sy het my vlerke afgeskeur, AFGERUK, sonder om eers twee keer daaroor te dink!

Ek en Noenoes was nooit weer vriende daarna nie. Ek het my hand stadig opgelig en die groen trekker uit die mandjie uitgehaal. Die vraagtekens word twee dun bogies bo-oor haar oë.

"Nee, dankie. Ek't mos gesê *tissues* is net vir moffies ... mans gebruik sakdoeke."

MEISIE IN DIE SEQUINSROK

DEUR

D SPIJKERS EN A MOLLER

Susan: *(Hou glitter ball op.)* Dit is ’n *glitter ball* ... die een wat ek by my ouma geërf het. *(Pouse.)* Oukei ... ek het dit gesteel! Die dag wat my ouma dood is, het almal rondgestaan en gehuil en ek het agter my ma se rok weggekruip. En toe sien ek die bal. Ek het altyd daarmee gespeel as ek by my ouma gekuier het ... so *(Kry flits, sit ligte af, sit op stoel.) sequins*. Orals waar ’n mens kyk is dit net ... *sequins*!

Ek was mal oor my ouma. Sy was nie so ’n tipiese ouma nie; altyd besig in die tuin en baie prakties met raad en sulke mooi en interessante dinge. Oh, en haar ander talent was die naaimasjien. Sy kon ’n rok sien, huis toe gaan, ’n patroon sny en die rok maak! Sy sou waarskynlik MY matriekafskeidrok gemaak het.

So om te wys ek is my ouma se kleindogter, het ek besluit ek gaan my eie rok maak. *(Kyk na self in denkbeeldige spieël.)* Dit pas perfek! Dankie tog vir al die McCall’s-patrone wat Ouma vir my gegee het. Ek dink dit beklemtoon my bene en my halslyn. Al het dit baie geld gespaar en al is dit die beste wat ek kan doen, lyk dit wel nie soos die rok wat ek wóú koop nie ... Ek het al van graad 10 af geweet dis die rok wat ek wil hê.

Dit hang in die winkelvenster van Aqeela’s Haberdashery ... by die Checkerssentrum. Dit is pienk-pienk-hallo! Powerpuff, Baby Spice, My Little Pony, Unicorn Power! Pienk is, en was vandat ek twee jaar oud was, my gunstelingkleur. Die rok is blink, so blink dit voel vir my dit kan die naghemel verhelder. Ek sien myself dans daarin en almal staan stil om na my te kyk.

(Vroetel rond op tafel.) My ma het my gewaarsku om nie te groot te droom nie. Soos sake nou met die virus lyk, is daar ’n moontlikheid dat enigiets wat enigsins in groot groepe mense gedoen word, afgestel kan word.

So, dit nou. DIT is waar ons *bubbles* nou behoorlik gebars is. Ons het gister ’n e-pos van ons skoolhoof ontvang en kort daarna ’n stemboodskap. *Bummer*! Dit was amper so dramaties soos ’n aankondiging deur die staatspresident self. Ek dink hy het so sleg gevoel oor die nuus dat hy ’n stemboodskap aan elke klasgroep gestuur het:

“A.g.v. die inperking, die finansiële druk op ouers en die tyd wat oor is vir beplanning, is alle sport- en kultuurgeleenthede – sowel as die matriekafskeid – afgestel. Daar sal moontlik iets op kleiner skaal aangebied word; ’n formele aansitete dalk. Maar ons sal moet maskers dra ...” Ag, ek het sommer ophou luister. Toe dit eers ingesink het, het ek gedink ek sou eerder ’n boodskap wou hê wat begin het met “My fellow South Africans”.

’n Mens sien nogal uit na jou matriekjaar. Behalwe vir die feit dat jy wraggies nie kan glo dat jy uiteindelik klaar gaan wees met alles nie, is dit tog jou laaste spesiale jaar. Jou laaste van alles ...

Ek en Mia hou ’n oorslaap vanaand. As dinge normaal was, sou ons waarskynlik beplan het aan matriekafskeidreëlings, maar nou gaan ons net ons rokke aantrek en by die huis bly. Sy sal vir my vra waar ek my rok gekry het en ek sal sê: DIT is my *sequins*-rok. Hoe lyk ek? Aqeela’s Haberdashery. R3 800. Eintlik het ek dit self gemaak ... van die pienk gordyn wat in my kamer hang vandat ek twee jaar oud was, want NIKS sou my keer om ’n matriekafskeidrok te hê nie. Mia kan maar dink wat sy wil. En dan sal ons lag en roomys en springmielies eet, en ’n tranetrekker kyk oor ’n hond en ’n soldaat en sommer heel aand sit en tjank, want jislaaik ... daar is nie ’n matriekafskeid hierdie jaar nie ...

En dan sal ek sê: “Kom nou, Mia, net omdat daar nie ’n matriekafskeid is hierdie jaar nie, beteken dit nie ons hoef nie te dans nie! Ek het ’n spesiale versoek by die *deejay* aangevra ... hy skuld my in elk geval ’n guns.

Iewers is daar ’n partytjie wat nie kan begin sonder ons nie, want die *deejay* wag om my liedjie te speel ...

’N GEBED

DEUR
CHRISTIAAN BELL

(Die karakter is ’n agtienjaaroue tienerseun. Hy sukkel om homself te aanvaar en soek antwoorde. Die monoloog is in ’n semi-realistiese styl met ’n magiese ondertoon geskryf. Hy praat met sy hond.)

’n Pou het op daai grasveld *(Hy wys na enige rigting.)* tjoepstil gestaan terwyl ek klavier speel om die stilte te verdryf. Ek wil nie ophou klavier speel nie, maar hy roep my. Ek hardloop na die pou toe.
Pikpêrels vir oë en ’n snawel so sag soos sy vere, staar die bliksem my aan, terwyl ek langs hom gaan lê. Ek moet met hom praat. Oor wat? Moenie my vra nie. Ek het gedink dit was die Here. Maar Hy praat mos nie terug nie. Ek word meteens so woedend dat ek die pou se nek wil omdraai. Ek kwaak uit volle bors vir hom. *(Die spreker doen dit.)* Hy kwaak nie terug nie. Hy staar na my asof ek enige oomblik hom gaan gryp, huis toe bring, deur ’n braaistok pyl en vreet.
Miskien vir ’n wurmpie, ’n slap *chip* of Hitler se vingers … jy weet? (*Bely teenoor sy hond.*) O, ek het gehuil. Ek het gekreun. (*Kyk neer op sy klein verlede self, op ’n melodramatiese manier.*) Dit was verskriklik, regtig. (*Voel bespot deur sy hond.*) Dit was! Soos ’n pap komkommer, soos ’n honger straathond, ’n verlate kind, ’n padda wat grond eet, lê ek daai aand op die grasveld.
Hy was stiller as die stilte wat ek probeer verdryf het. Hy hou net my verlepte liggaam dop, uit blote nuuskierigheid, dink ek, so stil dat ek getwyfel het of hy werklik daar is. Die donker nag maak dit moeilik om te sien.

(*Eerlik, gee op, letting his guard and disbelief down.*) Ag, ek weet nie wat ek gesoek het nie.
(*In gedagte*) Wou net sy stem hoor.

(*Hartseer, kontras met vorige karakterisering.*)
(*Ongelowig.*) Hoe het ek op hierdie plek gekom waar ek aanvaarding soek by ’n donnerse pou? *(Hy kyk krities na sy eie liggaam.)* Het seker begin by my vingers. As ek te lank na hulle kyk, verkrummel hulle in duisende stukkies in. My neus, my in-die-pad neus. (*Na hond, probeer lighartig bly.*) Ek sal liewer jou snoet hê, regtigwaar.
Ek sal liewer jou snoet hê, regtigwaar.
(Die spreker begin desperaat raak. Asof hy vir homself in ’n spieël kyk.) En my mond; pers pruimlippe, sag en blink, langsaan hierdie patriargale monster van ’n neus. As ek dit net kon ... *(Hy wil sy gesig verander. Hy karring aan sy gesig.)* Wie kyk na my kerfsel en is tevrede? As ek net my tande in my vlees in kon sink, elke garing kon afskeer, hierdie kleigesig afwas. Ek wil hier uitklim!
(*Sy hande omvou sy gesig.*)

(*Hy strek sy hand uit soos hy die voëlervaring herleef, ons besef daar is ook ’n onderliggende liefdesteleurstelling wat kom van die teenwoordige konteks.)* Daar staan ’n pou voor my.
Ek moet met hom praat. (*Maak pougeluide om te kommunikeer met die voël.*) “Verskoon my, maar my pou is nie so skerp nie,” sê ek. Hy is doodstil.
“Jy is die natuur, en jou snawel is so mooi.” Hy bly stil. “Maar moet asseblief nie gaan nie. Moenie my los nie. Asseblief, moenie my in die grond los nie. (*Pouse soos die twee mekaar aanstaar.)* Sê iets. Sê iets. Hoekom wil jy niks sê nie! (*Die harder stemtoon het die voël weggejaag.*) “Nee, wag!”

“Ek wil jou net vra oor haar ...” (*Wonderend.*) Ons was op so goeie plek, ek en sy. Sy was so gaaf, ons het eintlik so gereeld gepraat. Ek het my bes probeer. Ek het haar begeer. Het sy na my gekyk, en geskrik? Wat was nie genoeg nie? Is ek net ’n gebreklike meganika, (*In kontras, die gedagte hiervan verlam sy emosionele toestand.*) of is ek die Here se heilige vaartuig? “*The Lord is my Shepherd, I shall not want*. Hy laat my rus op groen grasvelde en lei my langs stille waters ...” (*Moeg en seer, keer na bekende vertroosting.*)

Help my, Here.
Praat met my, deur die pou sal werk.

OKAY COOL

DEUR

ROZAAN VOS

Stemnota: Hey Kara, ek is baie bly vir jou. Ek het nog niks terug gehoor van die universiteit af nie. Ek hoop nie my aansoek het weggeraak in die pos of iets nie. Pos? Kara, baie geluk jy kan baie trots wees. (*Stuur die boodskap.*)

(*Selfoon ping.*)

Maia: Okay cool! Okay cool? Okay cool. Okay cool! Okay coooool. Daar is ’n hele paar simptome van aandag-afleibaarheid wat uitdagend is om mee saam te leef, maar die een wat my die meeste opneuk is RSD. RSD staan vir *rejection sensitivity dysphoria*. *Rejection* ... Ek het ’n besige, maar heerlike dag gehad. Ek is bly vir my vriendin. Ek is opgewonde oor my toneelstuk, en het my balletoefening gedoen en geniet en nou is ek besig om my woorde te leer en voor te berei vir A-levels, maar daardie “okay, cool” het alreeds by my skedel ingeboor. Hy sukkel om sy vlerke te sprei in die voue van my besige brein, maar hy sal aanhou probeer en aanhou probeer totdat sy keweragtige geknibbel my hele gemoedstoestand omvergooi.

Dit gebeur baie. En baie maklik ook. Ek sal letterlik by my vriende of by my familie gaan kuier en ons sal iets doen gedryf deur passie en opwinding – en ek sal dalk lag – kliphard en iemand sê iets soos “raak gou bietjie rustig” of “kalmeer jy net vir my” – jy weet mos hoe maak mense iemand kyk dalk net na my uit die hoek van hulle oog, met “in elk geval ...”

Skielik tref die bekende, verwoestende hou jou doef (dui aan) in die holte van jou maag. Skielik, om een of ander rede, voel ek onnosel ... onwelkom. Dalk wou sy in die eerste plek nooit gehad het ek moet saamkom nie? Is sy meer verlig as teleurgesteld? Is ek ’n las wat haar net gaan terughou?

Ek weet jy oordeel my alreeds. Selfbejammerend. Ondankbaar. Oorsensitief. Hoe dit ookal mag klink, maar partykeer voel dit vir my of my vriende hulle bes probeer om hulself te geniet, nie saam met my nie, maar ten spyte van my. Dit, waarvoor ek so opgewonde was, het al maande gelede besoedel geraak met hierdie indringergedagtes. Sê nou maar ... Dáárom het ek eerder nie my aansoek ingedien nie. Die vrees vir daardie

“Sê nou maar ...”

My begeerte na ’n koshuisgees, eerste jaar saam met my beste vriendin het net verdwyn. Soos ’n ou wat wat jou kom vry by ’n *club* en dan wegloop … Bye ... Ek het gaan slaap en ek het wakker geword met géén begeerte om my aansoek te voltooi nie. Ek weet nie hoe om vir haar te sê nie. Ek weet dis simpel, maar dis die probleem. Omdat ek die heeltyd dink dat dit simpel is! Dis vernederend. Ek wil wegkruip, myself toesluit, die verantwoordelikheid van die “kopgogga” soos dr. Henk hom noem, is oorweldigend.

Hoekom? Hoekom gebeur dit met my? Ek sal ’n gewone gesprek hê met Kara, maar MY brein is soos NEE, nee: “Sy hou niks van jou boodskap nie. Sy haat dit. Jy is ’n kak vriendin. Jy stel almal teleur!” Teleur. En dit, dit is as jy woorde daarby sit ,maar eintlik, eintlik is daar nie woorde nie! Presies dieselfde gevoel as wat ek kry as ek onthou ek het my sleutels, my selfoon, my handsak, my masker, my baadjie, my skooltas iewers vergeet, of ek het ’n glas laat val en ek staan kaalvoet tussen die glasstukkies. Angs. ’n Ander tipe angs. My ore raak sommer rooi, sien jy?

“Okay, cool!” Nou wonder ek, verstaan ek reg? “Okay cool!” Dalk moet ek haar vra? Nee, *embarrassing*, man. Ek is te skaam om te vra, die een helfte van my WEET dit is laf om eers so te dink, maar my ander helfte WEET sy is grensloos geïrriteerd. Gaan Kara my afskryf as ek eerder die wye waters wil trotseer? Al wat ek doen, is presteer en ek sukkel om in te pas. Ek is nie lus om onder die akkerbome te gaan loop en in die Laan te gaan vry nie. Kara wil net die heeltyd Varsity Cup gaan kyk? VARSITY CUP? Fok nee, dis nie my koppie tee nie.

Nee!

Kara, ek is moeg gewerk. Ek is klaar met voorgee en probeer wees soos iemand wat ander wil hê ek moet wees. Ek het die vermoë om lief te hê teen my eie tempo. Jy moet Stellenbosch regtig geniet, maar ek gaan nie aansoek doen nie. Ek’s klaar. My ma het my altyd haar wentelkind genoem. Ek wonder wat my pa sou sê as ek vir hom gesê het ek het nie ’n idee wat ek met my lewe wil doen nie.

Ek wil gaan reis en ontdek en ’n sonhoed dra! En die soeke in ander mense se oë sien. Ek wil in tweerandse winkels gaan rondloop en ou vuil klere koop en hulle regmaak, ek wil koeksisters vreet en Netflix tot 2 uur in die nag kyk!

Maar die meeste van als ek wil myself luid kan uitdruk, sonder skroom!

(Gooi papiere in die lug op.)

VISTENK

DEUR
CARLA SMITH

Sy klap haar kamerdeur toe.

MEISIE FOKKOF!!!

Sy kyk na die skerm.

Ja, ek weet ek moenie vloek nie. Ja, ek weet hy is 11. Ja, ek weet dis sleg vir ons verhouding en ons maak vir Mamma kwaad, maar as jy hier was, het jy 'n *valid* opinie gehad.

Sy sug.

Ek het my A gemis vir Skeinat – weer. En ek weet dis *stupid*, maar as Lizelandi weer 'n Instagram-*post* maak oor sy 'n dokter gaan word soos haar ouers, gaan ek kots. Ja, ek is bly vir haar, ja, sy werk hard, maar nee, dit maak haar nie sag op die oor nie.

Sy doen haar beste, skynheiligste, uitbeelding van Lizelandi.

"Julle, die toets was so moeilik en ek het glad nie geleer nie, maar oe, gelukkig het ek 'n ekstra onderwyser in elke vak insluitend LO. Kon jy darem klaarmaak?"

Ek probeer so hard om die *Buddhist principles* te omarm en haar te aanvaar as die donker wat sy is, maar selfs dít is nie goed genoeg nie. Ek lees nou al *horoscopes* in die hoop dat ek eendag via die sterre toestemming kry om haar kop deur 'n skoolbank te druk – in die mees "zen"-manier moontlik.

*Asof sy die persoon wil onderbreek om iets te s*ê.

That being said, ek is besig om meer te leer oor wie ek is en wat ek nodig het. Volgens die sterre, en dit is *mind-blowing*. So, ek is Pisces en blykbaar is ons beste *feature* die feit dat ons vredeliewend is en baie maklik aanpas.

En ek weet wat jy dink, ek wou nounet 'n meisie se kop deur 'n houtbank boor, maar ek dink ek moet koi-visse kry?

Ons sal dieselfde taal kan praat, mekaar rustig kan hou en dalk voel ek minder aggressief. Nie dat ek aggressief is teenoor haar nie – sy het eintlik regtig *great* bene en haar Afrikaanse mondelinge laat my altyd hardop lag. *Give credit where credit is due.*

Ek dink alles is net bietjie ge-*blur* op die oomblik, jy weet. Soos, alles is bietjie deurmekaar by die huis en helfte van die familie is nie hier nie en jy is nie hier nie en alles val 'n bietjie uitmekaar sonder dat dit *actually do*. Soos niks breek nie, alhoewel – dit het nou die dag baie hard gereën en ons moes dik komberse voor al die deure sit, want dit het amper ingekom. Maar alles is *fine*, ek dink ons het 'n foto gestuur op die familie *group*?

Het jy dit gesien?

(Onderbreek weer voor die persoon aan die ander kant kan antwoord.)

Ja, jy het, want die merkies was al twee blou en dit beteken almal het gelees en ek is jammer ek praat so baie, ek is net bang jy sê iets oor hoe dit by jou lyk of hoe dit met jou gaan of dat jy hartseer of gelukkig is, want dan moet ek *actually* dink aan die feit dat jy nie in jou kamer is nie en dan voel ek meer *trapped*.

Ek moenie koi-visse kry nie, nè?
Dis goed in 'n bak. 'n Lewe het spasie nodig.
Ek dink.

VREESLOOS

DEUR

PERDITA VAN DIJK DU BOIS

Karakter sit voor 'n spieël en is besig om te grimeer terwyl hy praat.

Hoekom?

Hoekom vra julle?

My ma vra my ook.

Sy sê ek speel met vuur. Ek moet eerder probeer inpas.

Been there, done that, Moeksie. Ek het regtig, maar dis net ... so ... *boring*. Of al my breinselle vrek.

Ek kan nie. Dit voel ...

En dit help in elk geval nie. Justin het my dit geleer.
Ek het ook eers gedink ek kan probeer maak of ek van rugby hou. Soos Justin. Want daar is elemente waarvan ek hou. *(Knipoog.*)

Daai wit broekies wat so styf span en die spiere wat bult en glinster van die sweet.

Hmm, hmm, HMM.

Maar self so in die modder trap?*Let's face it*, dis bar, man, bar.

Ek het al gesien hoe lyk hulle as hulle daar afkom. Vol bloukolle. Hulle kan skaars loop.

Driekus het een wedstryd sy bloederige voortand uitgespoeg en aanhou speel.

Gross, man.

Hy moes vir weke loop met die *passion gap.*

Anyway haat ek die tik-tak van hulle stewels in die gang.

Van daai dag wat hulle vir Justin in die badkamer vasgekeer het.

Ons het hulle hoor kom.

Tik-tak.

Ek het skielik onthou wat Za-Za altyd se: Maak styf jou rug en gebruik jou bek.

Ek het die deur oopgegooi dat jy die knal ver kon hoor, my ruggraat styfgemaak en daar uitgeseil verby hulle. My kop in die lug, reg om hulle te dis.

Maar hulle oë was swart en leeg en ek het geweet.
Ek kon alles hoor.

Het net een keer vinnig geloer toe hy ophou skree het. Hy't in 'n klein bondeltjie opgekrul gelê tussen die muur en die toiletbak met sy hande voor sy gesig.

As ek droom van hom, dan sien ek daai gesiggie – soos 'n hasie in die voorligte van 'n motor. En sy bakoortjies. Soos 'n nagapie.

Dit was nie lank daarna nie.

Die onnies het mooi met ons gepraat en gevra of iemand iets weet.

Ek het niks gesê nie.

Nie eers vir my BFF, Heidi, nie. En ek en sy vertel mekaar alles.

My ma't my aanhoudend gevra hoekom hy dit gedoen het.

Ek kon sien sy *worry* erg. Dat ek dalk ook ...

Ek was al lus.

Het een aand met 'n lemmetjie gesit en gedink ek wil voel hoe voel dit.

Toe sien ek my lang wit arm en wonder hoe dit in daai blou *antique* handskoen van my ouma, Za- Za, sal lyk. Dis fluweel en het sulke fyn, oorgetrekte knopies tot by die elmboog.

(*Trek handskoen aan en bewonder dit.*)
Za-Za het by ons kom bly toe my pa saam met die flerrie weg is.

"Laat hom gaan. Hy wil mos. Minder wasgoed vir jou. Laat die flerrie die *skidmarks* uit sy onderbroeke vryf," het sy gesê terwyl sy my ma vashou en die hare uit haar gesig streel.

My ouma't *fabulous* klere. Sy was 'n danser op haar dag. Za-Za was haar verhoognaam. Sy't nou nog die mooiste Tina Turner-bene en skoene *to die for*.

Met Justin se ding het sy die aand by my op die bed kom sit. Sy't nie gepraat nie.

Net haar mooiste skoene vir my een vir een aangetrek. Ons het ons bene langs mekaar gesit en bewonder tot my ma ons geroep het vir ete.

Weird om te dink sy is my ma se ma.

My ma dra PEP Store-klere en sy hou niks van grimering nie, maar haar hare is *BEAUTIFUL*! Sy's nogal skaam.

(Sit lang blonde pruik op.)

Dis seker die ding. Ek weet sy is lief vir my en sy is nogal *psychic*. As daar die dag 'n boeliery by die skool was, weet sy dit, sonder dat ek 'n woord sê. Sy sien dit op my gesig of iets.

Dan praat sy weer oor probeer inpas en nie aandag trek nie.

Feit is, sy's nie *out there*, soos Za-Za of ek nie. Sy verstaan nie van *perform* nie.

Sy sal *freak* as sy weet my ouma wys my van haar *burlesque moves*.

Ek weet nie hoe om vir haar te verduidelik hoe ek voel as ek dans of sing nie. Ek glo Za-Za verstaan.

Moenie fout maak nie, ek dink my ma is ook ’n sterk vrou. Net op ’n ander manier. Sy is liefdevol en ek glo nogal dis waar ware krag lê. Sy sal my altyd ondersteun, al is sy bang.

Eintlik dink ek almal is bang. Boelies is ook bang – dit het ek met my eie oë gesien. Geweld is nie die antwoord nie. Wegkruip ook nie.

Wat bly oor?

Ek kan myself nie klein hou nie. Daarvoor is ek te lank!!

En, *let’s face it*, ek weet nie hoe nie!

Hoekom, vra julle?

Oor ek nie anders kan nie.

Oor ek vry voel en mooi en sterk as ek op die verhoog kom.

Ek lewe.

Almal wil altyd inpas.

Maar ek dink nie ek wil nie. Of kan nie.

Justin het homself klein gemaak. Probeer verdwyn.

Dit het nie gewerk nie.

Ek wil nie. Ek wil groot gaan. Ek wil *perform* en *entertain*. Ek wil mooi klere dra, grimering en ’n lang blonde pruik. *Fabulous* wees!

Hoor hoe Heidi weer sê: “Jy lyk *stunning*! En weet dis waar!

Ek wil vreesloos lewe.

Dis hoekom!

ATKV
OORDE

DAAR WAAR JOU BEKORING LÊ, VIND JY 'N ATKV-OORD. BOSVELD, KUS OF BERGE. DIE ATKV-OORDE IS GELEË IN VAN DIE MOOISTE DELE VAN SUID-AFRIKA.

WAARVOOR WAG JY? KOM SPAN UIT BY EEN VAN ONS 7 OORDE, LANDSWYD!

SEE

VELD

www.atkvoorde.co.za

atkvoorde

www.facebook.com/ATKVOORDE

WEGBREEK

DEUR
L.A. SWART & CHRIZELLE STRYDOM

Looking into the camera a little awkwardly. Adjusts screen.

Kan jy my nou sien? Of kan jy net my ken en neusgate sien?

Moenie met my baklei nie, Miss Awesome, ek het vir jou gesê ek het nog nooit gezoom nie. Ons moes eerder ge-WhatsApp het ... Dis nie my skuld jou *airtime* is op nie. Hoekom het jy in elk geval data vir die *laptop*? Jou stiefma gaan die stuipe kry ... Wat as sy uitvind? Jy weet sy ...

Oukei, oukei, ek gaan nie weer ... So, *what's up*? *By the way*, jy weet jy kan WhatsApp van die rekenaar, nè? Ek sê maar net ... Wat beteken dit? Ek is nie bang vir nuwe goed nie, ek's net bang ek maak myself belaglik ... Het jy Juffrou Poggenpoel se laaste Zoom-les gekyk?

Wat is dit, Su? Ek het net ... Ag, moenie huil nie, asseblief, vriendin. Wat is dit? Is sy weer mislik? Het sy weer gedrink?

Is daar iets wat ek kan doen? Of my ma? Is jy weer *chief-in-charge* van alles? Is dit hoekom sy jou nie wil toelaat om terug skool te gaan nie? Dink positief, Su, jy wil gaan onderwys *swot* en as hierdie maande van skoolgee vir jou boetie en sussie jou nie afgesit het nie, het jy jou roeping regtig gevind ... Dis beter. Ek mis jou glimlag, ek mis baie goed wat ek nie geweet ek gaan mis nie ... skool ... die geraas van die gange. Broodjies deel met jou en Stefan. Ek mis die feit dat ons nie net in die kar kan spring en weggaan nie ... parkie toe of die wildreservaat of ... die see ... ek dink ek mis die see die meeste.

Ons bure se lugverkoeler klink soos die see.
In my kop kan ek die golwe hoor spat en die blaffery verklaar as see-meeue.

As ek net my oë styf genoeg toeknyp,
soos ek maak om te slaap as dit nog daglig buite is,
kan dit voel asof ek daar is – maak jou oë toe, Su, kom saam ... maak jou oë toe ...

My tone tussen die klam sandkorrels indruk en kaalvoet huis toe stap. Dan kan ek ook *post* oor my lekker seevakansie en 'n ander minderheid laat sleg voel.
'n Plek waar skerpioene vervang word deur krappies, klippe deur skulpe en droogte deur seewater.
Die sonbesies kan vervang word deur vriende en die donker deur skemer-avonture, skelm giggels en nat hare.

Die reuk van see sal vassit in my hare en die son se merke sal styf op my skouers afdop.
Ons maag sal seer raak van al die lekkers en lag
en die muskietbyte sal triomfeer op ons kuite,
maar ons steek dit weg onder ons kombers langs die strand.

Vir die eerste keer voel die sonsopkoms vars en hou my op my tone, weg van die bloublasies.
Weg van *lockdown* ... en vrees.

Ek is bang, Su. Nie vir die virus nie, maar vir die res. Wat as ons nooit weer vakansies by die see kan hou nie? Wat as ons nooit ontslae raak van die maskers nie, die wat ons dra om die virus uit te hou en die wat ons dra om ander mense uit te hou? Ag, ek is sommer simpel. Ek is jammer ... *(Skrik.)* O, hallo, Tannie ... Su en ek het net bietjie gekuier voordat ek vir haar die wiskunde verduidelik. Maar, Tannie ... Bye, Su, Bye, Tan ...

Kyk vir skerm en sê dan baie saggies ...

Ons bure se lugverkoeler klink soos die see.
En as ons ons oë styf genoeg toeknyp, kan dit voel asof ons daar is ... saam.

Skerm af.

X-FAKTOR

DEUR
ALMA NEL

*Die karakter is 'n vyftienjarige meisie. Deur 'n gebeurtenis wat oënskynlik net soos afkyk lyk, leer ons die karakter se diepe waarheid ken: Om 'n X-faktor te hê. Om te weet wie sy is. Hierdie monoloog is 'n tipe van 'n "*coming-of-age story*" en al die ontnugterende skokke wat daarmee gepaard gaan.*

Mense, ons het uiteindelik weer aksie! *(Sy kyk met 'n verkyker/of sonder een by die venster uit.) And rolling* ... Die *target is at home*, in sy kamer, *staying safe, you know*? En *Too-hot-to-handle*, *paid Insta influencer*, VSCO Girl is sopas by die hek in. Sy was laas om *(Kyk in haar boekie.)* eergister 11:45 hier. Hulle het *toast* geëet. Met iets wat gelyk het soos kaassmeer. Gmf! Ek sal ten minste vir hom kan pasta maak.

(Opgewonde.) Oe! Sy't haar geel rokkie aan. Ek kan glad nie geel dra nie, lyk soos 'n melaatse. Ek weet nie HOE sy dit doen nie, alles werk net. Mostertgeel lospassende rokkie, maar soos daai tipe wat vir jou sê, alhoewel dit lospassend is, het ek eintlik 'n mooi lyf onder dit, *you know*? Bruin sykouse oor daai bene, ai, daai bene, en die *coolste freakin boots* wat ek al ooit gesien het. *Obviously* 'n *scrunchie* in haar hare. *Saving the turtles and all that jazz*. Ek kan nie eers 'n plant red nie.

Hattingh – ons *target* – het so baie van my *lavender*-plant gehou. Donderdagmiddag op die trappies by die ingang, ek met my potplant in my hand, hy met iets wat lyk soos 'n *take away*. Nietemin, dit was ons heel eerste gesprek. Wel, die heel eerste gesprek wat hy kan onthou. Hy't vir my tennis leer speel. Maar dis 'n ander storie. Trappies:
Graad 11-Hattingh-*with-the-piercing-blue eyes* sê*: Ah, lavender. Great companion*, veral as jy ingeperk voel.
"Jy's 'n *great companion*" ... is wat ek wou sê, maar agter my masker kom daar net *weird* klanke uit wat my bril laat toewasem.
"*Shame*" sê hy en loop weg. Maar daai *shame* is meer soos 'n "*sy's-so-cute-shame*" in plaas van 'n "*what-a-loser*-wat-nie-kan-praat-nie-*shame*". *You know*?
En hoe moeilik is dit nou om 'n *lavender* op te pas?

Wel, eintlik nogal moerse moeilik. *(Iets trek weer haar aandag buitentoe.)* Hulle is in die kamer. *The eagle has landed*.

Tot nou toe het hulle nog net in die sitkamer gekuier. Daar kan ek hulle sien van ons woonstel af. Maar ek't agtergekom as jy by tannie Belinda van nommer 13 gaan *muffins* bak, het jy die perfekte *view* van Hattingh se kamer. Tannie Belinda het al aangebied om te kom kyk wat fout is met ons stoof, maar toe sê ek haar net iets van my ma wat nie wil hê ek moet soveel *muffins* eet nie, want ... *(Haar gedagtes word meteens onderbreek terwyl sy die aksie dophou.)* Hulle sit nou op die bed. Teenaan mekaar!

(Teleurgesteld.) Nou *chat* hulle net. *How boring*. Oukei, storietyd. So, een Maandagoggend se saalafkondigings het my hele lewe verander. Hattingh, die stertennisspeler, gaan van nou af die beginner-graad 9-tennisspelers 'n ding of twee kom leer, Donderdagmiddae, drie-uur. *Obviously* het ek met tennis begin. Ek't gelewe vir Donderdagmiddae drie-uur. Een van die middae word gekanselleer, want dit reën. Ek't die geleentheid gevat om in elk geval my *backhand* te oefen.

Hattingh is daar. Onder die dakkie, 'n skuiling teen die reën. Hy roep my om hom te *join* vir 'n *joint*. Ek sê JA vir die *join*. Nee vir die *joint*. En daar begin die *magical*-ste uur van my hele lewe. Hy't inge-*zoom* op my. Elke beweging wat ek gemaak het, nagemaak. Hy vra my uit tot in die diepste hoeke van my hart. Hy luister intensief. Ek voel vir die eerste keer in my lewe soos iemand.

Ek maak oop vir hom – nie my bene nie – ek deel my donkerste geheim: Die spesiaalste ding van my is dat ek pynlik *average* is. Ek sweer, ek wil so graag interessant en *hip and happening* wees, maar ek is op my beste dae so middelmatig dat mense letterlik deur my stap in die skoolgange. Soos 'n spook. Ek het nie daai X-faktor wat die meeste mense het nie. Ek is bang as iemand by my wil kom kuier dat hulle dit net uit jammer kry of verpligting doen. Ek vertrou dit nie, want my geselskap verveel selfs vir my.

Hy kyk lank na my toe sê hy, "Jy is die mooiste mens wat ek in my hele lewe gesien het". Dat ek *true* is tot myself en die nare waarheid ondersoek wat die meeste nie wil herken nie. Dat ek nog nie weet wie ek is nie, en dat dit oukei is, en dis die beste plek om te wees, want ek kan enigiets word. Hy is een van daai mense wat enigiemand so belangrik kan laat voel. Voor hy daar weg is, het hy gesê van nou af moet ek voor skool met hom kom *chat*. Dat hy ook anders is, dat hy gaan oopmaak teenoor my as die tyd reg is.

Ek bewe in my graad 9-skoene toe ek die volgende oggend voor skool na die graad elfs toe stap. *(Stilte.)* Hy't nie geweet wie ek is nie. Hy kon niks van die vorige middag onthou nie. Iets van as mens dagga meng met ... *(Haar storie word weereens onderbreek deur aksie in Hattingh se kamer.)* Hulle soen! Sy't nie meer die rokkie aan nie. Ek het alles gemis! Sy't nie tieties nie ... Dis plat, miskien hou hy daarvan. Myne is darem ook nie *massive* nie. Haar lyf lyk anders sonder klere. Sy't 'n ... Hy. Sy is 'n hy! *Shit*! Hulle kyk na my. Hulle sien my. Hulle waai.

(Sy waai paniekerig terug en val dan plat voor die venster om weg te kom – vernederd.) Ek kan myself X-faktors aanleer soos om passievol te wees oor omgewingskwessies en absurde musikante ontdek. Ek kan leer hoe om 'n *trendsetter* te raak met my *outfits*, maar die duurste *scrunchie* in die heelal sal my nie maak wat Hattingh wil hê nie. Ai.

DIE GROOTSTE DIGITALE INTEKEN-NUUSDIENS IN AFRIKA PRAAT JOU TAAL!

Afrikaans maak saak,
jou stem maak saak.
Bly ingelig, bly vermaak
– alles op een plek.

NETWERK 24
Alles op een plek

SLEGS R99 per maand

Beeld + Die Burger + Volksblad + Rapport + Huis genoot + Sarie + Kuier
tuis + Baba & Kleuter + Landbou weekblad + Weg! + finweek + tvplus + Weg! Ry & Sleep

DIE DRIE DANSENDE WOLKE

DEUR
DUTOIT ALBERTZE

My hand gly liggies in die stroom. Dit loop uit die Oranjerivier, verby ons huis tot in Walvisbaai se see. Ek haal vuiste vol modder uit die water en begin bou 'n kleikasteel. Een wat soos ons huis lyk. Die klei bly gly terug in die stroom. Visse swem stadig deur ...
Hulle weet hoe ver Namibië nog sit!
Visse is nie dom nie. Ma noem Pa gereeld een!
"Jy suip soos 'n vis," skel sy elke aand.
Maar 'n vis suip tog nie ... Die vaal water lyk *anyway* te sleg. Euw!

My kleikasteel hou ek vas – vir ma ... Tot die son oor ons sak, die stroom se water suur word en hy huis toe kom.

Pa staan met sy rug na die venster gebreek, die *zink* wat lek en die gasstoof. "Dis al weer koud ... Katpiskoud!"
Sy tong sleep.
"Jou taal, Johan!"

Hy klap teen die *zink* dat dit ZONG in my oor. "Dis my bek, dié!"
Ek skuif my stoel onder die tafel uit.
"Sit!"

Sy spoeg gly by my wang af. Euw.
"Los haar uit, Johan."
'n Druppel plons hard in die *zink*.
"O, ja, ou Johan het mos vergeet ... Dis mos jou kind dié."
Ma begin tap water in 'n geroeste pot wat sy op die gasstoof sit. "Jy's dronk," mompel Ma.

"*Brannewyn is my medisyn*
Bier is my plesier
Maa rooi prop bly maa my dop"
Ek hou vas aan my stoel se sitplek. My oë hou Pa weer vas, bang hy foeter om en breek Ma se kleikasteel.
"Johan, jy's dronk."
Ma se hande word verbande soos sy Pa begin deur toe stoot.
"Waantoe vat vroutjie my? Gat ons Grandwes toe? Lekker loop dobbel!"
"Gaan slaap."
My naels krap splinters uit die hout van die stoel.

Pa lig sy hand en maak van Ma 'n wond. Sy bors lig en laat sak. Dis nie meer Pa se spoeg op my wang nie.
Ek ruik blou vlamme.
"Jy's mossie my kind nie."

Pa se oë brand myne rooi.
"Jy's gemaak van klei."
Sy vinger 'n mes na my.
"Kyk hoe gekraak is jy."

Pa staan met sy rug na die venster gebreek, die *zink* wat lek en die gasstoof waaruit dik rookwalms draai agter sy kop.
Ek staan van die stoel af op. Die krake vee ek van my wange af en tel Ma van die grond af op.
Wolke verwrong die kombuis. Ma hoes en Pa sing,

"*Brannewyn is my medisyn.*" Wolke verwrong die kombuis. "Haal die water af," prewel Ma. My kop draai.

Die *zink* lek.
Pa dans soos by 'n braai
en ek lag ... Toe Ma droog trek onder my arm en begin saam dans deur die rook en as. Hul lywe word gas en ek glo weer in Liewe Jesus toe Pa se oë water word en Ma daarin begin swem ... venster gebreek ... *zink* lek ... gasstoof rook ...

Hul elkeen vat my hand en ons skoffel om die klein kombuistafel in Ma se kleikasteel. Ons kekkel en makietie van die Oranjerivier tot Walvisbaai.

Dans ons tot ons al drie wolke word.

ISOLASIE

DEUR
ILNE FOURIE

Louis sit by sy lessenaar. Hy is besig om 'n fisikagrafiek te teken. Om hom lê notas en sy skeinatboek. Hy vryf gefrustreerd oor sy hare en kyk dan in die kamera in.

Begrafnisse is altyd weird. Dit is asof alles onderstebo en agterstevoor om werk. Ek meen jy praat sagter, maar jy huil harder. Jy glimlag breed, maar jou hart is in duisend klein stukkies gebreek. Jy stoot en skarrel tussen 'n magdom boude en boepense deur, die hele sitkamer is vol mense, maar jy is stoksielalleen. Begrafnisse is weird. (*Hy frommel 'n Post-it op en rol dit rond tussen sy vingers.)* Die blomme in die kerk was verlep, soos ma se oë. Sy het daai tissue van haar gevat en gefrommel tot dit gelyk het soos 'n klein pienk bloeiseltjie.

"Kom ons speel trou-trou!"

Dit was Elmi se *favourite game*. Ek het dit gehaat.

"Ag nee, sies, moer man! Wie sal nou met jou wil trou?"

Elmi het haar neus vieslik in 'n plooi opgetrek. Pa se baadjie was te groot vir my, ek het gelyk soos 'n swart voëlverskrikker. Ma se hoëhakskoene het Elmi se hakke stukkend geskuur en daai *plastic luckypacket* ring met die *glitter* op het vasgeplak aan haar vinger.

"Belowe jy sal vir altyd lief wees vir my ..."

"Wel ... hoe lank is vir altyd?"

"Tot jy jou eie kar het, en jy hoef nie meer skool toe te gaan nie ..."

"Nee moer, dis te lank."

Ek het vir Elmi gesê sy kan maar haar ring terugvat, dankie.

Toe het sy vir ma gesê ek het moer gesê en ek het 'n pak slae gekry. (*Glimlag.)* Ons is nog daai selfde middag geskei en ek het omtrent 'n week lank nie met haar gepraat nie.

"Ek verstaan nie die fisika nie ... (*Hy blaai sy boek oop en lees.)* Die deurslag van isolators ... *As ons 'n grafiek teken van stroom teenoor meëspanning vir 'n silikondiode kry ons die diodekromme soos voorheen aangetoon. Die teenstroom is onbeduidend en bly so terwyl die teenspanning vergroot. Uiteindelik bereik ons die stadium waar die isolasie van die sperlaag deurslaan ..."*

Elmi het haar oë gerol en gesê:

"Gee hier laat ek sien ... Ag, jou *idiot* ... Kyk nou mooi ... wanneer dit gebeur vergroot die teenstroom merkbaar en skade kan dalk aangerig word weens oorverhitting. Silikondiodes word verkies omdat hulle 'n hoër deurslagspanning het en teen hoër temperature kan werk. Uit 'n elektroniese oogpunt is hulle sterker."

Ek het maar gemaak of ek verstaan.

"Dankie. Maar hoe weet jy die goed *anyway*?"

Elmi het haarself uitgerek soos 'n uitroepteken.

"Wel, iemand moet nou maar die slim, sexy en aantreklike een wees hier rond ..."

Ek het haar gegooi met my boek.

Jy weet, Elmi, jy moet pasop, as jy nog een kompliment kry gaan jy ontplof! Hoor jy my!

(*Pouse.)*

Ek was so *bored*. Dit was pa se *stupid* idee dat ons moes plaas toe kom. Daar is nie wifi of Netflix nie. Ek en Elmi het op die gras gelê. Sy was al heeloggend op haar foon.

"Ag flip, vry hom net en kry klaar ..."

Sy raak bloedrooi. Sy het my met daai *classic line* gegooi van ag-man-dit-is-net-'n-vriend-hy-is-vir-my-soos-'n-boetie ...

"Jou wange raak nie so rooi as ek jou whatsapp nie ... *Besides*, jy het 'n boetie, jy het nie nog een nodig nie."

Sy het haarself vieslik vir my gewip. Ek moes net keer.

"Sussie, ek *joke* net, man. Kom ons gaan ry 'n draai met die *quad*. Ek is *bored*. Ek gaan sterf as ek nog 'n minuut langer in jou *love sick puppy eyes* moet vaskyk ..."

Elmi het die sleutel uit my hand gegryp. *Whatever*. Vandat sy mos nou *boobs* en 'n lisensie gekry het, dink sy mos nou sy is groot. Ons het deur die veld gejaag. My arms was styf om Elmi se lyf gedraai. Sy het soos 'n mal ding gegil.

"Louis – kap 'n *Titanic moment*! (*Hy gooi sy arms wyd oop.)* I am the King of the world! Whoooohooooooooo!"

"Moenie so vinnig ry nie, jy maak my karsiek!"

"Jou pishaas!"

Elmi het die *throttle* plat getrek. Haar hare het kiertsregop gespring asof daar duisend elektriese stroombane deur haar lyf vloei.

Daar was sand in my mond, neus, oë.

(*Hy kyk af na sy boek en vee weer oor sy hare.)*

Elektriese drade word geïsoleer sodat dit nie aan ander drade raak en 'n kortsluiting veroorsaak nie. Isolasie is wanneer iets beskerm word deur middel van 'n ander materiaal. Ek sou jou beskerm het. Vir altyd.

Jy was reg, Elmi. Vir altyd is moer lank. En uit 'n elektroniese oogpunt was jy die sterker een.

NET EK

DEUR
D VENTER

Jan-Adriaan sit by lessenaar, dink hardop en skryf tussendeur.

So ja, liewe Broer, nou sit ons in dieselfde bootjie. Jy daar in die bos en ek hier in die *famous* dorp sonder krag, sonder water ... sonder blêrrie niks, terug na die Middeleeue!

Dus is ek seinloos en sonder geselskap! 'n Kommunikasielose lugleegte! Net ek en ek alleen! (*Lag.*) Ek kry myself baie jammer.

Ek weet wat jy nou weer gaan sê, en nee, die oumense tel nie, is jy van jou kop af!

Nooit in my lewe kon ek voorspel dat pen en papier vir my aantrekkingskrag sou hê nie, maar wragtig hier sit ek en skryf, vir jou van alle mense! Ja, die dreigement van 'n moontlike eksamen in die toekoms is natuurlik ook 'n groot motivering, maar vir nou is dit net verveeldheid.

Hey, let op my unieke skryfstyl en taalgebruik! Suiwer Afrikaans. Juf. Botha sal in haar noppies wees.

Jy gaan my seker nou weer uithaal soos altyd. *Relax,* Broer, ek probeer net die tyd om kry!

(*Stilte.*)

Hmm, hier is darem geluide af en toe. Die ouman se gehoes en ma se gewerskaf êrens in die kombuis. Sy lê nou selfs skille en stronke in! Dis nie net geselskap wat skaars is nie, kos ook. Waar dink jy gaan dit alles eindig? (*Lag.*) Wêreldoorheersing deur die *aliens*.

Dis *weird*! Ek dink nie ek was al ooit in my lewe alleen nie. Wel nie só nie. Zero tegnologie, Net ek! En die stilte! Dit het amper 'n klank as jy mooi luister.

Harde knalgeluid.

Shit! Wat was dit? Ma! Maaaa!

(*Harde knal. Jan-Adriaan spring regop maar bly voor lessenaar staan, hy roep hard uit.*)

Ma gaan kyk waar is Oupa, en sluit julle toe!
(*Hy dink weer hardop.*)

Kom Jan-Adriaan, jy is 'n groot seun. Jy kàn dit doen! *(Angstig.)*

Hel, nee! Nee, nee, nee! Broer, waar is jy nou, jy's die dapper held, nie ek nie! *(Harde knal, Jan-Adriaan skreeu)*

Flippen hel! Dis buite! Die verdomde skelms is buite!

Ma, kry vir Oupa en sluit julle toe! Ek is in my kamer, ek sal probeer keer! Maaa, hoor ma my!

(*Harde knalle. Loer deur die venster.*)

Dis by oom Koos-hulle! (*Skreeu na agter*) Ma sluit julle toe vir die laaste maal en bel die polisie.

Ek gaan na oom Koos toe, ek het net my krieket-*bat*, ek het hulp nodig, MA! (*Hardloop na buite.*)

Hoekom nou? Het ons nie genoeg flippen moeilikheid nie? As ek vandag vrek, het ek verniet daai brief begin skryf. Verniet aan eksamen gedink! Verniet Broer se gespot op die hals gehaal! My lewe was maar kort! *Shit! Shit!*

Jan-Adriaan, jou flippen broek moet nou ophou bewe en jy moet dapper wees. As jy dit oorleef, is jy 'n held! Dit sal Broer iets gee om aan te kou! Oukei, hier's die muur, nou net versigtig ...

(Loer oor die muur, dink weer hardop.) Die kombuisdeur is oop ...
(*Harde knal.*)

Hel neeeee ... Oom Koos, ek kom! (*Spring oor en storm in.*)

Oom Koos! Is oom oukei? *(Kyk rond.)* Wat de hel gaan hier aan? Oom! Wat het oom nou weer aangevang! Ek dog hier's oorlog soos die knalle afgaan! Kyk die dak, die hele plek is 'n gemors! Oom! Ek het gedink vandag is my laaste dag! Flip, Oom!

(Draai om en stap terug.)

Shit, ek is verlig! Ek kon vandag doodgeskiet gewees het! Nou's die held-ding ook in sy peetjie!

Toemaar, Ma! Los die polisie, dis net oom Koos se stokery, sy pynappelbier het ontplof! Hel, oumense! Hulle is almal van hulle koppe af!

Op die ou end is dit wragtig ... NET EK!

LOCKDOWN IS ’N DROOM

DEUR
MICHELLE STEYN

Dis so dof in ons huis. Ek het nooit agter gekom hoe vinnig vensters vuil word as niemand inkom om hulle skoon te maak nie. Ek het nie eers geweet ons het iemand wat inkom om ons vensters skoon te maak nie. Maar ná – wat is dit nou? – ’n maand se *lockdown*, is ons vensters so dof. Ek kan nie lekker sien nie. Ek knip en vryf my oë, maar ek kan nie die buitelyne van goed sien nie en ek dink dit het iets met die vensters te doen. Óf miskien my kontaklense. Wat al twee – of ses – maande terug vervang moes word. My oë raak moeg. My hele lyf is moeg. Wat *weird* is, want behalwe vir die oë uitvryf en wens die vensters was skoner, dink ek nie ek doen enigiets nie. Ek lê die helfte van die dag verlam op die bank en die ander helfte eet ek.

Ek is nie seker nie of ek nie wil beweeg nie, wil, maar nie kan nie, of kan maar nie mag nie. *Either way* sit ek stil. Ons almal sit stil. Selfs met alles wat buite besig is om te gebeur. Dis soos wanneer mens droom daar is ’n krisis en daar is baie om te doen; almal wag vir jou om iets te doen, jy wag vir jou om iets te doen. Maar jou arms is lam. *Actually*, het jy al ooit jou arms gevoel in ’n droom? Wel, ons arms lê op die grond. Ons kan nie mense gaan help nie, want ons kan nie aan mense raak nie en, want *honestly*, kan ek geen mense sien nie. Statistieke staan in vir sterftes en honger mae. En die sprake van aksie en helde en helpende hande verander nie die feit dat óns hande onder die pote van ons stoele vasgeknyp is nie. Ons sit op ons hande, ons hande is afgekap. Ja, ons is geamputeer. Nie dat óns die pyn daarvan voel nie. Voel mens ooit pyn in ’n droom? Nee. Jy slaap net sleg en word natgesweet wakker, met niks om te wys vir die trauma wat jou *exhaust* het terwyl jy rus nie.

’n Mens verwag al hierdie dinge van die aand. Maar hierdie dofheid en lamheid terwyl ek *supposedly* wakker is … Wanneer ek nie slaap nie, wil ek kan bewéég. Ek wil vóél as jy my knyp. En ek wil kan sien! Ek wil weet wat aangaan en die buitelyne moet duidelik wees. Lyne was nog nooit vantevore dof of buigbaar nie. Nou smokkel ek en my ma vir Lizette by die kompleks se agterhek in om my ma se *highlights* op te *touch* en my punte te sny. Lizette se geld is op en haar baba is nog in doeke.

En ons is nie mense wat die wet breek nie! Wette is vas en ons is standvastig.

Maar nou word nuwe lyne getrek. Lyne met agterhekke wat oopgeskop kan word vir onwettige haarkappers en hulle babas.
Ek bedoel, Lizette sal *fine* wees. Wat my meer pla is die mense wat doodgaan. Ek weet nie wie of waar hulle almal is nie, maar mense is besig om dood te gaan, in hospitale en van die honger en die geweld ... Dis omdat alles so *blurry* is. Nie net die nuwe wette nie. Die bestaande, voorheen absolute waarhede is ook aan die bewe. Soos: “Slegte mense steel.” Maar die mense wat vleis uit my pa se afleweringstrokke steel, is *innocent* mense wat so honger is dat hulle geen ander keuse het nie. Of: “Barbare skop en slaan en dreig mense met gewere.” Maar my pa het blykbaar geen ander keuse as om sy trokke te verdedig nie. Dis ’n *zombie-apocalypse* nagmerrie, jy weet nie wie volgende voor jou oë gaan transformeer nie. Ek moet iets doen. Ek moet opstaan en help dat almal kos en geld kry in plaas van gesteelde vleis. En volgende keer moet ek daai *gun* uit my pa se hand uit ruk.

Ha, ek weet nie hoe dit sal werk nie. Ek kan nie rêrig sien wie wat nodig het nie en ek weet nie hoe ek ooit iets uit my pa se hand sal kan ruk nie. Ek het nie genoeg energie om enigiets uit enigiemand se hand te ruk nie. My arms is te moeg om die *freakin* vensters skoon te maak. Dit en, ek weet nie *actually* hoe om vensters skoon te maak nie. Ek verbeel my ’n mens doen iets met koerantpapier? Ek dink nie eers my ma weet hoe nie. Die vensters pla haar *anyway* nie.

Optional:
Alles waarop ons al ooit gestaan het, is onder ons uitgevee, maar in my huis is ek die enigste een wat enigsins *vertigo* beleef. Hier is ek, Alice, wat alleen by die gat af val. Jy weet haar sussie kom nie eers agter sy gaan op ’n hele avontuur nie? Alice word op die rivierbank wakker en haar suster vra of sy lekker ge*nap* het. Ha! Ek haat *naps*. Mense sê dit gee ’n mens nuwe energie en ek het al probeer. Maar my toe oë sien presies dieselfde as my oop oë. Ek sien gesiglose mense, of daai karakters wat drie keer deur die loop van ’n droom gesigte en name verander, ek sien getalle wat rond dryf in gekleurde sirkels en ek sien geen manier waarop ek regtig kan weet wie, waar, wanneer of hoekom nie. Ja, drome maak nie die beste stories nie. Die intrige val gewoonlik plat. Mens kan seker ’n bietjie waarde daaruit kry deur dit tematies te analiseer of met ’n sielkundige te bespreek. Maar ek’s gewoonlik te moeg. En ek weet nie hoeveel mens nou eintlik uit die hele storie kan leer nie.

MY MATILDA EN DIE CHINEES

DEUR
LISA KUKARD

(Stemmetjie is omgekrap met die ander stemmetjies en bars ongenooid in by Karen se kantoor – bestuurder van die Brein se stemmetjies. Sy is naby aan breekpunt.)

Karen. Ek weet jy's besig, maar daar's goed waarvan jy nie weet nie. Ek kan nie meer nie! *(Vir die ander stemmetjies wat nog by die oop deur staan.)* "Susan, my jinne tog, maak net die deur toe!" *(Deur gaan toe.)* Dankie. *(Terug na Karen)* Daai klomp kla net. En laat my Matilda oor aan *over eating* – dis nie honger nie, dis vreetlus! Dan los hulle my alleen met haar wanneer sy huil oor al haar vetrolle!

Ja oukei, *judge* maar. Ek is dalk bietjie histeries, maar ons almal het 'n klómp werk om te doen. Ons het nie tyd om mekáár se werk te doen nie. *(Haal haar lêer uit waarin sy noukeurig elke dag rekord hou van Matilda se doen en late.)*

Sou jy nie ook so wees as jy moes *deal* met: *(Wys vir Karen in die lêer.)* "Is dit oukei as ek vir die 5de dag in 'n ry nie my hare was nie?" Nee, dis nié! *(Blaai om.)* Matilda het tot nou die dag nog elke oggend 20 minute oor 6 gaan bad. Nie meer nie! Vat nou elke tweede dag 'n varkiedag! Verbeel jou: Matilda ...Varkiedag! Die pous ... vloek! Dit pas nie! En hou die pous kerk in geskeurde jeans? Nee! Maar my Matilda loop heeldag in haar pajamas rond! *(Maak Matilda na.)* "Want ek hoef niemand te sien nie en niemand hoef my te sien nie." En iets van Zoom en *join without video*. Wie of wat ookal Zoom is.

(Blaai verder in lêer.) Sy's ook te lui om self kos te gaan koop, so sy betaal iemand anders om dit te kom aflewer. In plaas daarvan om daardie geld te spaar vir haar nuwe lamineerder! 'n Nuwe lamineerder. Vir papier sonder frommels en voue. Die potensiaal vir totale geluk! Geruil vir vetterige tjips en 'n sogenoemde vegan burger!

(Blaai weer in lêer . . . werk haar emosioneel op.) En sy't . . . sy't nou die dag 'n róói *sticky note* vir biologie gebruik in plaas van 'n gróén een en toe wéét ek! Sy doen dit nooit nie!

Sy weet ons gebruik die gróénes omdat dit plante voorstel en biologie gaan meestal oor plante!

Maar toe dink ek: Dit maak eintlik sin dat sy róói gebruik, want róói is die kleur van bloed en in biologie leer jy ook oor die hart en are wat bloed bevat.

Maar róói en gróén saam is ook Kersfees ... en dit het niks met biologie te doen nie! As sy dit wil doen, kan sy maar net so wel blóú gebruik, wat die kleur van my gemoedstoestand voorstel! Dínk, Matilda!

(Verleë oor uitbarsting.) Ek weet ek *overthink* goed 'n bietjie ... 'n bietjie baie ... Ja, oukei, ek *overthink* alles, maar dis my werk!

Kyk, ek weet ek is bietjie *bipolar* ... maar ek *cope*! *(Voel aan dat Karen skepties is.)* Ek sê mos ek hanteer dit! Met ... *(Soek in lêer.)* Sien . . . Opsies . . . ek glo in opsies – het altyd vir Matilda opsies gegee om oor te dink voor sy besluit. En as ek dan die aksie-knoppie druk, reageer sy (Klap haar vingers.) ... Net so! Maar nou! Hemel! Matilda moet net 'n slag weer dink oor goed! Sy is so la-di-da oor alles deesdae.

En dit alles as gevolg van hierdie *stupid* ek-weet-nie-wie-hy-is-nie Chinees. Kom ons kyk na die *facts*:

Hy's blykbaar 'n uitruilstudent van China.

Nog net 19 ... belaglik.

Ons weet nie hoe hy lyk nie.

Ons weet nie wat sy naam is nie.

Ons weet nie of hy vegan is nie.

Hy is al waaroor sy dink en praat.

Hy hanteer haar soos 'n *hostage* – ek meen, sy het nog nie eers haar beste vriend in 95.5 dae gesien nie en weier om uit die huis uit te gaan!

Ek is gewoonlik gereed vir als! Maar hierdie Chinees het my en Matilda se netjiese roetine en orde waaraan ons so hard gewerk het, kom opneuk! Ons was altyd so *pulled-together*, georganiseerd, netjies. Nie meer nie! En die ander stemmetjies moedig haar net aan. *(Verloor haar selfbeheersing.)* "Rus maar, Matilda! Jy kan jou bed môre opmaak! Vergeet van jou *sticky note* volgorde en afdelings!" *(Verleë.)* Ek's *fine* ... Dis *fine*.

Kyk, Karen, ek verstaan hoekom jy my ingeroep het. Ek verstaan my werk is nie van 'n hoë gehalte op die oomblik nie. Ek voel soos 'n Nokia met 'n stadige wifi *signal*. Ek verstaan ook die ander kla oor hoe ek die afdeling *run*. Maar jy ken my al vandat ek *filing* gedoen het, moes *memories* liasseer . . . al die misvorm-de-modder-marsmannetjies en wense – daai tipe ding. Ek was oppit, elke dogtertjie-herinnering netjies in haar koppie ge*file* ... dalk is dit nog steeds 'n opsie?

Dalk hoef jy my nie heeltemal te *fire* nie?

AMOEBA

DEUR
ALMA NEL

Die karakter is 'n agtienjarige meisie in matriek. Sy en Kruger (haar beste vriend) het die tipe vriendskap waar hulle mekaar sal bel terwyl hulle sterf en sê: "Baby, I'm dying." Sy is eersteklas in als wat sy doen, tot die noodlottige aand wat Kruger se lewe geneem het. Dis die een aand waar sy en Kruger net 'n bietjie wou "let their hair down". Sy probeer nou al van die ongeluk af weer die aand oorhê sodat sy ook só kan gaan.

(Karakter kyk in die kamera in, self-krities.) Lynette se *boob* het uitgehang toe sy my gisteraand by die huis in help en my ma om vier-uur wakker raas met haar gekraai omdat ek blykbaar kliphard geskree het hoe ek iemand in die tuin 'n hoesklap gaan gee. Ja, 'n hoes- klap. Dis hoe ordentlik ek diep hier binne is. My knippies, my sykouse, my ouma se trouring en my oorbelle lê seker nog op haar agtersitplek.

Hierdie gebeur nou al ... *(sy probeer dink hoeveel aande dit al is)* vandat dit die eerste keer gebeur het.

Die eerste was met Tequila – "the poor man's cocaine" – wat my skadukant haarself aan almal bekendstel. Ek sê skadukant, maar ek begin besef dis jou rou self. Dis die skaamste skaamhaardeel van jou wat jy voor oneindig om verskoning vra as sy uitkom. Ek wou nooit weer sonder haar wees nie.

Voorheen was ek altyd in karakter: Hoofmeisie; danser; tweede in my graad met akademie, en ek neem nie net déél aan atletiek nie, ek gaan haal die hekkies agter die tweekampdrama-redenaars-debat-vrywillige-werk-berg uit. En ek het baie vriende. Nee, kennisse. Net een vriend: Kruger. Hy is alles wat sin maak in hierdie lewe. Ons is die narre van die samelewing. Die tipe wat oral is, maar nêrens hoort nie. Die leë hol hartseer narre wat vir almal lyk asof hulle hoort. Met dieselfde pikswart hond *(Depressie.)* wat ons jaag.

Dis een van daai jy-moes-daar-wees tipe aande. Kruger is in een van sy spesifieke buie: "Net een aand *to let our guards down*, Amoeba." Net Kruger noem my Amoeba – geen idee hoekom nie. Ons drink, ons swem, en ek word deur die lug gegooi deur 'n ou van 'n landbouskool wat my laat voel ek kan dans. Behalwe vir die dans is ek en Kruger hand aan hand die heel aand. Presies op mekaar se golflengte. Ons hardloop in ons nat onderklere oor die grasperk en Kruger skree: "*I'm a free little gay boy*!" Ek lag daai lag waar jy niks klank maak nie, maar die trane loop.

Want Kruger veral is vernaam en ordentlik en nie "daai gay wat gay gay-erig is nie", sy eie woorde. Ek lê plat op die gras en Kruger hou aan in sirkels om my hardloop, dansend, skreeuend: *(Die aktrise maak hom na)* "*I'm a free little gay boy! I'm a free little gay boy!*"
Haar gemoed verander.

Sy weet wat hierna gebeur het en deurleef dit weer. Die aktrise kan magies-realisties die volgende deel vertolk met fisieke dansbewegings om die vertelling te ondersteun.

Ons klim in Kruger se Figo'tjie waarmee hy universiteit toe gaan. Hy sê ek moet bestuur. Ek klim oor hom tot op die bestuursitplek. Al Kruger se aandag is op my terwyl ek half-gedraai na hom sit terwyl ek bestuur. Chat oor die ou van die landbouskool en oor hoe lewendig ek en Kruger gevoel het toe hy met ons dans. T-aansluiting reg voor ons. Ons vlieg verby die bord. Tref 'n wal, vlieg weer, Ons tref net elke nou en dan grond. Kruger praat met sy hand op my been: "Dis alles oukei, ons kry nie seer nie, Amoeba." Met die volgende tref-van-die-wal-voor-ons-weer-vlieg, hoop ek dis verby. Nee. (*Kruger*) "Hierdie ongeluk vat so lank, ons kon al 'n hele skaapboud gaarmaak."

'n Baie harde hou. Glas breek. Gras onder. Takke deur die voorruit. Stil.

Stilte.

"Hey!" Ek slaan hom op sy been. Dis stil. Ek kyk na hom. 'n Tak is deur sy nek ingepen tot teen die agterste sitplek. Sy hand is nog op my bobeen.

Sy hou op dans. Sy praat weer in die kamera in.

Dit help nie ek sê vir hom jammer nie. Hy vermy sulke dinge. Hy sal iets sê soos: "Die belangrikste nou is net om korona te kry en aan te beweeg." Of: "Jy lyk vieslik as jy huil. Dit walg my."
(Sy glimlag,bitter-sweet.)

Maar ek is … *(Jammer. Kan egter nie die "jammer" gesê kry nie.)*

Ek sal nie, Kruger. Maar ek is …

BONUSPUNT

DEUR
NICHOLA VIVIERS

Mia:
'n Kamera op 'n staander. Agter hang swart gordyne, daar is 'n tafel en 'n stoel in die spasie op kamera. Mia tree voor die kamera in; sy lyk gespanne in haar swart dramaromp, hemp en rowwe bolla. Sy begin.

Mia Benade, Hoërskool Strand, graad 12-dramapraktiesleerderopname 1. Vandag doen ek *'n* uittreksel uit *Vaselinetjie* deur Anoeschka von Meck en ek vertolk die rol van Vaselinetjie.

Mia gaan sit.

"Die volgende oggend word sy wakker van 'n geraas. Dis 'n malle lawaai van stemme wat tussen die kamers heen en weer skree en gesels en lag. Tussendeur probeer die tannie die klomp aanjaag ... by die bed aan Vaselinetjie se ander kant ..."
Oukei, ek ken nie die woorde nie. Nie omdat ek gemiddeld is nie. Blykbaar val selfgeskrewe monoloë nie binne die vereistes van matriekdramaprakties nie en moes ek *last minute* 'n uittreksel uit laasjaar se voorgeskrewe boek doen. So ja, Meneer-ek-het-amper-op-*7deLaan*-gespeel-en-nou-gee-ek-matriekdrama, ek dink ek sal voortgaan met hierdie improvisasie van my. Beskou dit as 'n impromptu reddingspoging van 'n monoloog wat se woorde ek nie kan onthou nie en dan my eie woorde skep; ek rebelleer teen die skoolsisteem, anti-selfgeskrewe matrikse en *shitty* Afrikaanse monoloë. Wat maak 'n virus, 'n matriekdramaprakties en jagse weeskinders saak *when mediocrity kills*!

Mia gryp die kamera op die staander en begin daarmee loop. Die mense wat toesig hou wil haar keer.

Ek het 5 minute! My hande is ge-*sanitise*.
Iemand het eenkeer vir my gesê ek is Sandra Prinsloo *reincarnated*. Ek wil die perke van die menslike brein oortref, nie laasjaar se oorskiet dramastukke opvoer nie. Somtyds terg ek myself en sê ek is McDonald's *beef patty* bo *mediocre*. My sielkundige sê dis sleg vir my selfbeeld, maar ek voel dis goed *humble* te bly.
Wat?! Ek sit dit neer!

Ek swot volgende jaar drama. Bo-gemiddeld en alternatief? My ouers weet nie wat om met my te maak nie.

Buiten my onbevraagtekenbare ta-lent en my Meryl Streep *screen saver* en my uitstekende vertolking in die graad 8-groentjiekonsert: *Sneeuwitjie en haar Slimfoon*: *'n Informatiewe Kyk na Vandag se Jeug*; Ek was die slimfoon, het dit my ouers 'n bietjie oortuiging gekos. Hulle wou net seker maak ek is bewus van die lae sukseskoers van Suid-Afrikaanse akteurs, die min werk, min geld, dat hulle nie vir 'n tweede studierigting gaan betaal nie en dat hulle graag nog familie-etes toe wil gaan sonder om aan Ouma en Oupa te verduidelik waarom ek nou eintlik my lewe weggooi ... Maar ons het ten einde, almal op dieselfde blad gekom.

Somtyds, net soms, nie die heeltyd nie – ek het 100% vertroue in my spelvermoë – ek wens ek word een oggend wakker en besluit: Rek. Ek wil Rek. doen. Of medies! Ja, bloed maak my naar, maar ek het 'n strandhuis in Sandton. Ek kan *front row*-kaartjies kry vir *CATS*! *The Musical* en ek kan my ouers se liefde met naweekpakette na die Krugerwildtuin koop.

(*Skielik skaam.)*
Ek bedoel, kapitalisme is 'n *scam*.
Weet jy, ek *call bullshit*. Wie het besluit dit is die dokters en aktuarisse wat strandhuise besit? Dat ouers net liefde en ondersteuning bied vir kinders met 'n 9-tot-5-werk? Dat net die uitsonderlikes oorleef? Ek is uitsonderlik!? Ná 20-uur weke van toneeloefeninge behoort ek ten minste net aanvaarbaar te wees. Ná alles, ná fees-op-fees van busry en melkvrye-etes, ná 'n 24-jarige mislukte akteur van 'n meneer wat jou herhaaldelik aan jou swak karakterwerk herinner, ouers wat dink Mollie en Wors is die piek van kuns en 'n semi-oorgewig amper 18-jarige matriekmeisie wat nie weet of sy ooit goed genoeg sal wees nie.

(*Die meneer aanwesig wil haar uitbarsting stopsit.)*
KAN EK NET VIR 5 MINUTE 'N MCDONALD'S *BEEF PATTY* BO GEMIDDELD VOEL!

(Stilte. Mia loop tot heel voor die kamera.)
Ek hoop ek kry bonuspunte vir eerlikheid.

(Mia loop uit die optreeruimte uit.)

DRAFSTAP-DANS

DEUR
CARLA SMITH

Meisie is in haar kamer, maar sy is in volledige oefenklere en sy draf. Eers stadig.

Hulle sê ’n mens moet ten minste drie keer ’n week. Oefen, bedoel ek. Ek het gelukkig nie ’n probleem daarmee nie, so ek oefen graag. *Sprints* in die oggend, swem en dans in die middag en in die aand gebruik my broer my as sy *weights* vir Crossfit – hy is vet en vol puisies, maar my ma sê as ek dit nie doen nie, kry ek nie ’n Fitbit nie. Sy is in elk geval teen dit. Dink dis ’n duidelike teken van die Antichris, maar ek soek eintlik net die halfprys Kauai-*smoothies* en een van my vriendinne het al R1 000 se *sneakers* verniet gekry. Vir hierdie rede dink ek Richard Branson is deel van die Illuminati of was een van daai kinders wat nie eintlik slim is nie, maar *somehow* vir almal laat dink het oefen is belangrik al het ons masjiene om al die harde werk te doen. *Which I get* – want hier is ek. Vol energie en fokken geïrriteerd dat my kat besluit het om te kraam op ons enigste *yoga*-mat. Die veearts was daai tyd *obviously* toe, so ek het my graad 10-Biologie toegepas terwyl my ma haar DIY-video-kennis ingespan het en twee uur later is daar 4 gemmerkoekies in ’n rubber, *baby blue Buddhist monastry*. Die goed het eergisteraand so gekerm dat ek sleg geslaap het en laat wakker geskrik het, toe is ek laat vir my *virtual* dansklas – *what a joke*. Half aan die slaap en steeds in hierdie huurhuis waar die enigste spasie die stukkie in die garage is wat oorbly tussen die deur en die mense se moerse Aqua-holic-seiljag. Daar word nou die heeltyd vir my gesê ek moet “vis-sigtig” wees of ek maak hulle op hulle “see-nu-wees” – *totally nuwe cyberbullying techniques*. Maar ek het dit gevat. Toe spot ek eendag vir die meisie wat dans by hulle wasgoedlyn en toe huil sy en sê hulle huis het afgebrand. *Well done, girl*. Jy is *great*! Dis toe ek begin *yoga*, so dit was pre-katte, pre-DIY, post-geïrriteerd dat ek nie meer watersport kan doen nie. En jy moet verstaan, ek oefen want dis lekker en dis gesond en dit laat ’n mens beter voel. Maar ek oefen ook want my metabolisme is *way* te sleg om my eetgewoontes te handhaaf.

Sy begin vinniger draf.

Ek soek *bacon*, *avo*, *baked beans*, twee stukke rogbrood en ’n *three-egg* omelet, en nie daai nonsens waar hulle nie die geel gebruik nie. As ek ’n pavlova gesoek het, sou ek een bestel het. *Sy draf nog vinniger.*

So, met ’n draf, verloor ek dalk een van die eiers. Dis hoekom ek draf en *sprint* en Crossfit en watersport en *yoga* en tennis en dans en gefrustreerd is dat ek nie kan pirouette nie, want dan kap ek my been teen ’n kat of die AQUA-HOLIC! Maar ek kla nie. Die een meisie in my dansklas se huis het afgebrand. So ...

ALTYD JOHAN

DEUR
WYNAND KOTZE

Shilo neem 'n video op vir haar skool. Sy is op die kortlys. Die moontlike hoofmeisie. Sy moet die ander leerders oortuig om te stem.

I *should say*, ek was ... wat is 'n ander woord vir geskok? Melissa!

KYK WEG VAN KAMERA.

Wat is 'n ander woord vir geskok? *(Melissa skree terug: Verstom?)* Verstom. Ja! Melissa is ons huishulp. Sy's ook my stiefsussie. Ek was verstom om te hoor dat ek die kortlys gehaal het. Natuurlik voel ek ook dat ek dit verdien. Ek sukkel al vir drie jaar om myself as leier te bewys. *But it's time*. En ek weet, *confidence can kill* – maar 'n vrou, nee 'n man. Nee, 'n mens ... Moet darem net waar sy sterkpunte lê. Shilo. Aangename kennis. My ouers het my amper Karen genoem, maar toe tree die Here in ... Ken jy 'n suksesvolle Karen? Elke Karen in die land wil die bestuurder van 'n Wimpy bliksem, of kla omdat Checkers te tamaties te klein is ... of my gunsteling. 'n Karen wil net *protest* wanneer 'n *social movement* nie oor haar gaan nie. Black Lives Matter? Nee, kom Karentjie van die kant af ... ALL LIVES MATTER. Fokkof. Right? *Besides*, ek haat 'n stereotipe.

Ek is 'n vegan en *don't get me wrong*, ek is steeds lief vir my melk, en selfs soms 'n bietjie suiker. Ek maak my eie koffie – selfs al bied iemand aan ... Maar as 'n man vir my vra of ek suiker in my koffie soek – sê ek nee. Nee, meneer "Voorvel", wie dink jy is jy? Mans moet ophou aanneem hulle weet hoe vrouens hul koffie drink. As jy wou weet *though*, ek verkies bruin suiker. Was daar swart suiker op die mark – sou ek dit eerder wou afsluk. I *dunno*. Enige iets swart voel vir my meer vegan.

En ek weet, wat jy dink, Johan. Voorryrugbyspeler. "Kyk! 'n Pratende vagina met *way* te veel opinies." En Pietie, jou beste pel, Pietie, met die teeplaas stem seker saam, né. *But I will let you know* – ek is meer as 'n vagina. Ek stap hierdie pad van selfontdekking al sedert my sewende verjaarsdag. I *mean*, op sewe het my ma my al gekonfronteer met die keuse van sewe verskillende pienk rokke. Ek moes kies. Op sewe moes ek besluite maak wat ... wat ... Niemand moet op sewe sulke groot besluite maak nie. Ek meen, die tiet, het nie eens vir my gevra wat my *favourite* kleur is nie. Sy't aangeneem ... *But I promise*, as hoofmeisie ... *I will never assume your colour*.

Ek is kleurblind. So. As hoofmeisie. Skies, potensiële hoofmeisie, is daar een of twee kwessies baie naby aan my hart. En dis hier waar ek moet bieg …

Ek het die *fake* WhatsApp *group* gestig. "Hoërskoolmeisies met groot borste", om vas te stel hoeveel van ons skool se seuns hulself skuldig maak aan ... *non-consensuel dick pics*.

Daar was in totaal 100 seuns wat 'n gemiddeld van 29 *dick pics* gestuur het. En voor die mammas dink "FAKE NEWS", hoekom sal seuns hul penisse paradeer op 'n WhatsApp *group* ... Tannie, vra jou seun wat hy eintlik doen by 'n skoolrugbykamp?
... 29 keer was meisies in ons skool geforseer om jou seun se eenoogmonster pal in die oë te kyk. En ja, *for the sake of transparency*, 25 uit daai 29 *dick pics* was *non-consensual*. 25. Die ander 4 ... ja.

En saam, met my as hoofleier ... kan ons werk maak daarvan om daai getal maandeliks te laat sak met my nuwe *campaign* ... "oggendhout, maak my benoud".

Shilo roep vir Melissa om dit waaraan hulle repeteer het te doen. Die kyker sien nooit vir Melissa nie.

Melissa! Kom hier! Staan daar. Nee, daar ... Jy weet wat om te doen. Oukei?

Melissa beep/sensor baie hard al Shilo se vloekwoord uit.

Kan jou (*beep*/piel) twee tale praat? Het dit 'n graad, werk dit vir Nasa? Het jou (*beep*/piel) 'n (*beep*/poeslike) persoonlikheid. Nee. Nee, dit het nie.

(Aan Melissa): Dankie. Maak vir my koffie asseblief.

(Aan kamera): As jou hoofmeisie gaan ek jou help om dinge te sê wat jy nooit kon nie. Soos, kom ek dink ... My gunstelingkleur is *navy*-groen. En ek kon dit nooit sê nie. Soos baie ander dinge. Ek is lief vir sokker. Ek wil eendag 'n *mechanic* word. Die reuk van petrol sit my aan ... en ek jol graag saam met die seuns Playstation. *And don't get me wrong* – ek is lief vir my vagina, in *fact*, ek is lief vir alle vaginas. Maar my vagina gaan nie bepaal hoe ek die lewe leef nie. *(Raak bietjie emosioneel en die hele video se energie verander. Die kyker besef dat hierdie video het uiteindelik 'n agenda. Shilo soek Johan terug.)*

En jy, Johan, gaan hopelik besef dat 'n vrou meer is as net wat *Sarie* se voorblad *proclaim*. En iewers gaan daar 'n skakelaar in jou klein ou fokken *nipple*-brein moet *switch* – sodat jy kan besef ek en my vagina gaan binnekort die wêreld oorvat. En voor jy begin dink ek is net woede en dat rasionaliteit kamstig nie deel is van my *vocab* nie – ek beplan om genderstudies by UCT te *swot*.

Ek weet hoe jy dink. My lewensbesluite is altyd sekondêr tot jou intellek! Watter fokken intellek? Jy't my gelos vir Karen. Fokken Karen! Ken jy 'n suksesvolle Karen ... behalwe vir die een wat KykNET bestuur, en sy's gay!

Stilte.

Johan. Vat my terug? Ek weet Karen is mooi en ... slim ... en sy doen dinge aan jou ... maar net omdat iets jou jags maak ... net omdat iets jou jags maak ... fok.

Ek wou 'n punt maak. Ek wou. Eintlik al wat ek wil hê jy moet sê is ... jammer. Jammer vir elke vrou wat jy ooit in jou lewe te na gekom het, en ek praat van almal! Jou ma, omdat jy sonder haar toestemming, met geboorte aan haar tiete gesuig het. Jou suster omdat jy altyd net gedink jy verstaan haar *tantrums*. Jy het nie!

Sê jammer vir my, jammer dat jy nie in my oë kan kyk as ek met jou praat nie. Jammer! Jammer! Ek soek 'n FOKKEN JAMMER! Sê dit. Sê jammer. Sê jammer jy't aangeneem my gunstelingkleur is pienk, fokker. Sê jammer, tot jy dit bedoel.

En ek weet hierdie video gaan my kanse om as hoofmeisie gekies te word in die drein afspoel ... Maar ek mis jou. En ek moet met jou praat. *Unblock* my op WhatsApp. Dankie. O, en stem vir my.
Ek is julle volgende hoofmeisie. *Peace*.
Liefde.

Shilo

VIVA
VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

Die Virtuele Instituut vir Afrikaans stel bekend

TAALONDERRIGPORTAAL

die tuiste van 'n algemene Afrikaanse grammatika, afgestem op universiteitstudente, en 'n Afrikaanse skoolgrammatika, afgestem op onderwysers van Afrikaans, waarin ons betroubare en gehalteversekerde vakinhoud oor Afrikaans se grammatika plaas. Die inhoud van die Afrikaanse skoolgrammatika is volledig versoen met die vereistes gestel in die KABV.

DIE BRONNE IS BESKIKBAAR OP ONS WEBTUISTE BY
www.viva-afrikaans.org

en is gratis toeganklik vir alle geregisteerde VivA-gebruikers.

Kry via die VivA-app gratis toegang tot Woordeboekportaal wat reeds meer as 55 woordeboeke en woordelyste bevat.

NAVRAE 072 749 2431

Kry gratis toegang tot Adviesportaal waar gebruikers taaladvies by ons voltydse taaladviseur, Sophia Kapp, kry. E-pos haar by **taaladvies@viva-afrikaans.org** of stuur 'n whatsapp na **062 126 0295.**

viva-afrikaans.org
facebook.com/viva-afrikaans
@viva_afrikaans
@viva_afrikaans

BEET

DEUR
LAYLA FLOCKHART

Hello
Um, ek is Layla.
En ek het ’n beetprobleem. Wel, dis wat mense vir my sê. Iets oor myself, uhhh ... Ek hou nie eintlik daarvan om oor myself te praat nie, so ek kan praat oor ... my tone wat blou is/pers is ... en flippen seer. Ek’t onlangs uitgevind dat die bloedsirkulasie na my tone nie te *great* is nie.

Hoekom glimlag jy só. Ek’s ernstig, my tone is blou en ja, ek eet te veel beet. Beet, ja.

Ek is baie moeg oor die praat van die virus, dit irriteer my hoe dit die onderwerp is van elke gesprek, maar hier sit ek nou en praat ook van die virus.

So blykbaar – en daar is soveel opinies – maar blykbaar is dit ’n pulmonêre virus en nie ’n respiratoriese virus nie en gevolglik is die bloedsirkulasie na my tone nie te great nie.

En toe dink ek nou, ek stres oor my tone wat blou is en my hande wat pers raak van te veel beet, maar dis tog net ’n paar tone en hande in die wêreld. Die belangrikheid daarvan – in my lewe heel waarskynlik belangrik – maar wanneer ’n mens kyk na die wêreld, dan is dit nie so belangrik nie. Mense praat van hulle *destiny* en dat dit in die sterre is. Dat hulle gaan opeindig met die iemand van hul drome. Die *universe* werk nie so nie, dis alles energie en waarskynlikheid – kans. Jy kies.
Jy maak betekenis. Jy kies en sommige goed is net dood eenvoudig buite jou beheer.

Oh, vind jy hierdie stupid? Ek oordeel jou nie oor jou probleme nie, huh?

My tone is blou en seer, so, daar’s hierdie great rede hoekom hulle so is. Nee, dis flippen bloedsirkulasie-*issues*. Dit was nie iets wat met my moes gebeur het nie, dit het net gebeur. Kans en waarskynlikheid.

Soos die dag wat so vaag is dat ek nie eens kan sê dat ek dit kan onthou nie, maar dit is so skerp in my geheue vasgeknoop, dit maak dat ek elke liewe aaklige detail weer en weer herleef. So vinnig, met die reuk van brandewyn wat hang in die kar, die reuk wat my neus al rou gemaak het van onthou, die skerp lig wat skiet en my ma wat voor my uitbloei. Dit is hy, wat ander ’n Pa sal noem, dis sy skuld, dié “ding” wat my ma van my af weggevat het ... dit wat my elke liewe dag agtervolg soos ’n bekruiper – Mamma.

Gaan ek iemand blameer vir my tone wat blou is, nee. Of dat ek te veel beet eet, nee!

My tone is blou en ek eet te veel beet. Ek moet dit omhels en aanbeweeg.

Mense blameer mekaar vir goed wat skeefloop in hul lewens, dit is nooit net een persoon se skuld nie, almal doen iets verkeerd. Dit is nie net gene wat my bloedsirkulasie in my tone swakker gemaak het nie, daar is ander faktore ook, die virus het dit net uitgehef. Dis nie net Woolworths wat ingelegte beet vervaardig se skuld dat die beet op die rakke is nie, my ouma koop dit mos vir my ... Wel, nou nie meer nie.

Gaan ek nou die virus blameer?

Nee.

Gaan ek Woolworths blameer? Nee.
Daar is ander bydraende faktore.
Ons blameer die virus, die virus is ’n virus. Hy doen sy ding. Ons moet eerder vra wat ons gedoen het wat die newe-effekte daarvan so groot gemaak het.

Dit is met alles so – verhoudings, mislukkings, die samelewing, te veel beet eet. Ons moet kyk na alles.
Nie blameer nie, ondersoek.
En dit begin by jouself.

So, dis hoekom ek hier is, ek moet iets doen oor die beet.

BRANDWONDE BLOEI NIE

DEUR
KRISTEN FICHARDT

Daar's 'n *weird chaotic* rustigheid wat 'n mens voel as jy heeldag vasgekeer is in 'n kamer. Die dak wat terugstaar na jou, mesmeraais. My lyf is ontspanne. Alles is stil, maar in my kop is daar honderde stemme wat ek nie ken nie. 'n Geel pop-rock liedjie wat skree en lyk soos een van daai slegte *music* video's van die vroeë 2000's. Ek sit *numb*. My gedagtes sit verward. En die dak sit alwetend rondom 'n klein ronde tafel en tee drink in die middel van 'n *highway* met duisende karre wat verbyvlieg.

Dis net ons drie wat mekaar kan besig hou. Ek dink aan die toonhoogte van my stem toe ek vir iemand hallo gesê het 4 jaar gelede. Ek dink aan al my diepste begeertes wat *manifest*; soos: "Hy sál sê hy hou van my."

Die dak vat aan my brandwonde en vra hoekom dit nie bloei nie? My gedagtes antwoord: Dis eintlik omdat die vuur die aartjies by daai area heeltemal vernietig, so die bloed kan nie uitvloei en skree vir hulp nie. *Numb*. En ek sê die wêreld het ook brandwonde. My gedagtes vra: Hoekom bloei die wêreld nie vir al die seer wat dit het nie? Die dak breek die stilte: "Hoekom is almal so stil?"

(Die karakter verander haar posisie en kyk nou direk in die kamera in. Sy praat direk met die gehoor. Dis nie meer sy en die dak en haar gedagtes rondom 'n tafel nie.) Dis óf die mense wat seer het wat *suffer* in stilte óf die mense wat niks daarmee te doen het nie en weier om iets te doen. Hulle bly stil, of hulle probeer stilmaak.

Hierdie stilte en stilmakery is *normalised* – dis my vriende, my familie, my portuurgroep, my onderwysers, my land. Hierdie mense weet só min van die onregverdigheid en ongeregtigheid wat die wêreld so seer brand. Hulle woorde is gebrandmerk in my gedagtes – woorde van *uneducated* opinies en blinde voorreg.

Tieners sit om 'n vuur:

Lara skel: "Gedra jouself soos 'n wit mens."

James meen: "Nee joh, as my kind eendag gay is dan skiet ek hom dood."

Morné lag: "Daai slet is so los, ek gee haar een kyk dan is haar bene oop."

En dan dryf die vals note van hulle gelag saam die rook op in die lug.

Probeer jy hulle *politely* konfronteer daaroor, is hulle dadelik vreeslik *offended* en kan nie glo dat jy waag om te sê dat hulle rassisties of seksisties of *anything of the sort* is nie, en plaas jou in die *hot seat* ...

So kom ek maak seker of ek jou reg verstaan, dit maak jou so innerlik seer as ek dit vir jou sê, maar dis oukei as jy sê jy sal jou eie kind skiet? En daai vriend van jou wat die meisie verkrag het? Die slet het seker daarvoor gevra.

(Asof sy skielik 'n toergids is vir die gehoor.)

Dames en here, aan my regterkant sal julle die jong Tshegofatse Pule sien, hoogswanger, wat hang in 'n boom. Sit maar gerus u hand op haar maag. 'n Baba skop. Aan ons linkerkant lê 'n volwasse man op die grond vasgepen deur 'n blou uniformknie op sy nek. Hy skree: "Mama! I can't breathe!" As u by die agterruit uitkyk, sal u die kinders raaksien in 'n uitgeroeide Jemen wat gekookte blare eet en die refleksie van bomme wat reën in hul nat oë. Reg voor ons is die Moslems in konsentrasiekampe. Ons sal ook 'n draai maak by die slawe in Libië.

Die dak is nie meer welkom om my tafel nie. Die dak is 'n man – elke dag iemand anders wat bo my verskyn, en die deur agter hom sluit as hy klaar is. Dit help nie om te skree vir hulp wanneer niemand se oë oop is nie, want die plakkaat met my gesig op sal ook net weer haarself losmaak van die lamppaal en op dryf in die lug, saam met die rook van die vuur. Dis nou net ek, my gedagtes en my brandwonde wat nie bloei nie.

DIE BLOED IN MY OË

DEUR
ECKARD VAN HEERDEN

Tim sit by 'n bar met 'n paar leë shot-*glasies voor hom. Lyk dronkverdriet. Hemp losgeknoop, das los en hare deurmekaar. Duidelik oor die limiet. Sluk 'n shot tequila af en kyk na die ou langs hom. Tyd vries.*

Kroeë is *sad*. Amper soos by lughawens. Al verskil is mense kom sê hier koebaai vir hulle probleme. Al hierdie sweterige skimme wat baklei teen die spoke van hulle verlede ... (*Glimlag.)* of hede. (*Kyk op horlosie* – tick *asof sekondewyser tik.)* Hy is reeds hier. *Regular customer*. Dis tyd. Vanaand is die aand. Tipies, hy is al klaar van sy gat af dronk. Moet ek met hom praat? Kyk ek mag dalk ook dronk wees, maar my gedagtes bly nugter.

(*Glimlag.)* Glashelder ... (*Dronk, vat 'n sluk en kyk na die ou langs hom.)* Drank bly maar net beter as vrouens. Dit laat jou altyd lekker voel, is altyd daar vir jou en laat jou nooit in die steek nie. Die enigste verskil is jy hoef nie altyd 'n vrou te betaal (*Tick.)* om jou te laat lekker voel nie.
Kyk heel in sy skik met homself na die gehoor.
Solid! Hy het *actually* vir my gelag. Kan ek nie maar altyd gesuip wees nie? Dan kan ek darem mense vermaak.
Kyk terug na die ou.
Dis nogal snaaks hoe die wiel draai. Jy kan van die laagste laag in jou lewe gaan na *top of the world* en dan weer laer as jou laagste laag. Nee, ou pellie, die lewe is nie *fair* nie. Wat help dit 'n mens kla. Jy kan eintlik maar niks daaraan doen nie. Nou sit (*Tick.*) ons hier en verdrink in alkohol.
Kyk terug na die gehoor.
Ek moet sê ek hou meer van hom as hy gesuip is. Jy sien drank is soveel beter as *antidepro*-pille. Wie't gedink die eerstespanrugbykaptein sou so opeindig. Hy het lekker dik geraak ...
Kyk terug na die ou.
Nee, ou pellie, hoor wat ek jou vandag sê: Die lewe het te veel probleme. Partykeer is dit net nodig om terug te staan en bietjie 'n breek te vat.
Kyk gehoor toe.
Jitte, ek raak sommer 'n filosoof as ek dronk is. Dr. Jack Daniels *at your service*. Ek *sort* sommer al jou sielkundige probleme vir jou uit. Een bottel tequila per sessie. Oukei, dis nie asof ek dit nie verwag het nie, hy moes seker een of ander tyd agtergekom het ek het Tourettes.
Kyk terug na die ou
Yes, ek het. Gewoonlik demp die drank dit 'n bietjie. Dalk is dit net die *(tick.)* stres wat dit vanaand so erg maak. Maar relax, ou pellie, (*Gedagtes, nugter.) shit* ... hy weet ... maak net 'n joke ... Vinnig fok! (*Dronk.)* dit is darem nie so erg soos epilepsie nie. Wat is daai kak *joke* ... wat doen jy as iemand 'n *fit* in die bad kry? Jy gooi jou wasgoed in! (*Kyk na gehoor) Safe*. Hy lag.
Shit, maar hoekom vra hy my naam? Dalk weet hy dis ek. Uhmm maak 'n *fake* naam op. Vinnig Tim, vin …
Kyk na hom.
Johan en joune?
Kyk na gehoor.
Jitte, kon ek nie net aan 'n beter naam gedink het nie? Oukei, maak nou asb. jou sin klaar, Dirco. Wag wat het hy *even* gesê? Toemaar sê net ja en vra hom iets.
Kyk na hom.
Ja, ou pellie. So, wat maak jy hier?
Staar eers na die man in bewondering en speel dan na die gehoor toe.
Skuldige gewete? Hoekom sal hy 'n skuldige gewete hê en oor wat? Dalk *try* hy weg kom van sy familie af? Dalk het hy 'n verlede in 'n ander plek nou *try* hy hier wegkruip?
(*Lig sy glas op.)*
Op skuldige (*Tick.)* gewetes! *Cheers*! (*Stamp aspris glas om, bier loop oral.)* Sorry ... sorry pellie. Volgende een is op my. (*Gedagtes.)* Oukei, hy *chat* met die *barman*. Moet dit nou net nie te *obvious* maak nie.
Gooi poeier in sy dop. Keer terug in vorige posisie.

Wens jy nie net partykeer dat jy al jou probleme permanent kan laat (*Tick.*) verdwyn nie? Kyk ek is nog altyd gefassineerd met ... (*Sis, gedagtes.)* Sharrap, jy sê te veel... (*Dronk.)* doelgerigte mense. Jy weet, iemand wat weet (*Tick.)* wat hulle wil hê, hulle sal enige iets doen om in hulle doel te slaag, selfs moord pleeg. (*Giggel.) Kyk terug na die gehoor*.
Het ek hom dalk nou uitge-*creep*? Hoe antwoord ek dit? Wat maak dit *even* saak?
Kyk na hom.
Wraak. 'n Oog vir 'n oog. Dis die enigste ding wat 'n gat in iemand se lewe kan vol maak. Nou hoekom het jy so 'n (*Tick.)* skuldige gewete?
Kyk na gehoor.
Nee, jy lieg. Jy is glad nie jammer vir wat jy aan my gedoen het nie. Jy voel glad nie skuldig omdat jy my lewe hel gemaak het nie, omdat ek 'n lus om my nek gesit het nie. Jy gaan spyt wees. My ma het my gekry voor ek kon spring.
Kyk terug na hom.
Kyk, ek wil net bietjie vir iemand 'n *piece of my mind* gee. Net soos jy daai Tim-outjie se lewe hel gemaak het, het ek ook so iemand *(tick)* gehad. Jy laat my baie dink aan hom ... Rugby*jock*, altyd al die *girls* gekry, tot die lelikste *girl* in die skool het my ge*bat* vir hom en sy kon hom nie eers kry nie (*Giggel dronkerig.)... Serves you right bitch* ... hy het my gebliksem tot ek bloed gekots het ... Fok weet waar hy nou is. Ek het geluk gaan soek – in alles, *clubs*, *girls*, *drugs*, net om die gat in my (*Tick.)* bors toe te stop ... Ek het darem op die ou end 'n girl gekry. Maar hy het dit ook van my af weg gevat. (*Gedagtes spring.)* Jy! Jy het haar van my af weggedryf. (*Dronk)* En my *girl* ... kom ons sê maar net sy soek nie 'n tikkop nie. So, dit is hoekom ek vanaand hier sit met my *smiley smarties.* (*Gooi wit pilletjie onder sy tong.)* Wat sê jy, ou pellie? Op die liefde ... op nuwe vriende! *Cheers*! (*Laggend.*) Twee jaar ... Twee jaar sit ek al elke Saterdag agter in die hoek van die *bar* en beplan my wraak. Elke Saterdag sit jy op dieselfde plek.
Kyk na die gehoor.
Ek moet net geduldig wees. Die ou het gesê dit sal vinnig inskop. Dan moet ek hom net by my kar kry. Ek voel die koue lem in my hande. Vanaand kan ek hom *finally* stil maak. *Cheers*! (*Glimlag.)*

STIL

DEUR
ILNE FOURIE

(*Die seun sit in 'n stort/badkamer met sy rug teen die muur. Hy kan kaal bolyf wees, andersins nat hare met 'n wit handdoek wat los om sy skouers hang.)*

Cliffie: Ek haat die koshuis. Jis, dit is 'n sif plek. Alles hier voel taai, die messe en vurke, die deure se handvatsels, die mure, die vloere, selfs die blêrrie hoenderpastei was taai – hier in die badkamer voel dit darem 'n bietjie skoner ... (*Hy kyk af en mompel.)* Wel, soort van.

Dit was Pa se idee om my in die koshuis te sit, blykbaar het ek (*Maak sy pa na.)* 'n *shitty* houding, is rebels en slapgat met geen vooruitsig om iets *majors* in my lewe te bereik behalwe om skelm te rook, naweke te suip en heeldag op my foon te lê nie ... Jy soek na jouself, Cliffie. Jy soek na jouself. Ek wou vir Pa aan sy skouers skud en vir hom sê: "*No shit, Sherlock* – dit is wat tieners doen, Pa! Ons almal soek na onsself in hierdie *shithole that you call life* ... ons wil nie eintlik hier wees nie, maar hey – welkom by die *Oprah Winfrey Show – you get a life! You get a life! Everybody gets a life*!" (*Mompel saggies.)*

"Ag, kry 'n fokken lewe ..."

(Word weer die pa.) Wat sê jy daar? Jy sien! Dit is waarvan ek gepraat het, Cliffie! Hierdie gedrag van jou is onaanvaarbaar. Ek is moeg, Cliffie. Ek is die vader weet moeg. Jy het geen respek vir my of jou arme ma nie. Jy kort dissipline! Gaan pak jou tasse. Ek praat nie weer nie.

Ek het my nie twee keer laat nooi nie. Fok hulle. *I did not sign up for this shit*. Ek het my tasse daardie selfde aand nog gepak. Wat pak 'n mens in? Ek het lank gestaan en kyk na my *action figures* op my boekrak en het een laaste keer oor Captain America se skild gevryf. Word groot, Cliffie. Word groot. Jy is nie Oliver Twist wat op die kinderhuis se stoep afgelaai word nie. *Suck it up*. Jy skuld hulle niks. Hulle gee nie om oor jou nie, so hoekom met jy *worry*. Wie de hel stuur *anyway* hulle kind van 16 koshuis toe. Ek het 'n laaste keer na my kamer gekyk. Brakkenjan was die heeltyd om my voete – hy het geweet ek gaan weg? Ek haat hulle. Wel, nie so seer vir ma nie, maar ek haat hom. Hy met sy perfekte Liewe Jesus-lewe, die wit vlerkies wat onder sy toga uitsteek en sy blink skoene wat die gemeente Sondag ná Sondag verblind ... (*Lig sy hande op asof hy die seën uitspreek.)* Gemeente, kom ons word stil voor die Here. Stil ... (*Sing saggies.)* Wees stil en weet, ek is die Heer.

En toe kom ek. Cliffie, die washout, en ek neuk sy hele perfekte prentjie op. Die gemeentetannies kon nie genoeg kry van my skandes nie.

"*Oeeee, Dominee, ek hoor Cliffie was weer die naweek in daardie onsedelike kuiergat hier in die onderdorp ... Ai, die jeug darem!"*

"Oeeee, Dominee, is dit waar dat Cliffie een van die voorbokke was wat by die skool se kafeteria ingebreek het. Ek hoor Marinelle het duisende rande se skade gely ..."

"Haai, Dominee, ons hoor Cliffie en sy makkers het die nagmaalwyn beetgekry. Ai, seunskinders darem ..."

"Dominee – ons het Cliffie betrap waar hy die kollekte-geld steel ... Ons is jammer, Dominee, ons is ..."

Dit is hoekom ek nou hier sit. In hierdie sif hool. Oor 'n bliksemse kollektebordjie.

Dit is so vreemd. Hier is nooit stilte nie. Die hele gebou haal asem. Dalk is dit die honderde asems wat die mure vol lug pomp ... Iewers kraak 'n stoel oor die studiesaal se vloer, seuns lag in die storte, die geroeste pype sluk lug en gorrel en stik en klap teen mekaar, musiek pomp deur die gange, 'n TV blêr, iemand is op 'n foon besig om met sy ma te gesels, veraf stemme dreun agter toe deure, plankvloere kraak, iemand bons ritmies 'n tennisbal teen 'n muur ... Doefdoef, doefdoef, doefdoef ... Stil, asseblief bly net stil.

Die ouens in my kamer is *nice*. Koshuisbrakke. Ek ken hulle nie regtig nie, het hulle maar so bolangs ontmoet en myself voorgestel. Ek ken net vir Leon. Hy is die koshuishoofseun. *Nice* ou. Hy is nou in matriek. Waterpolokaptein. Hy is ons gang se prefek. Dit is *nice* om darem iemand te ken. Hy het vir my my kamer en die res van die koshuis kom wys.

"Enjoy, Cliffie! Die koshuiskos is nie so bad *nie. Onthou KOSHUISBROOD maak ysters groot! Skree as ek kan help met iets ..."*

Ek ruik Ma aan my kopkussing. Selfs die stilte raas. Iewers drup 'n kraan en die buislig in die gang flikker met 'n dowwe, hoë zoemgeluid. Bernard snork 'n koekhou en Franko mompel in sy slaap.

Ek moet gaan pie. Die wit mure van die badkamer verblind my. Alles ruik soos Jik. Ek trap in iets nat en taai ... wat de ... tandepasta. *Nice*. Ek spoel my voet af onder die kraan. Sif.

Dan skielik druk 'n lyf teen my. Hande op my skouers en my rug. Bly stil. Bly net stil. Hande op my ... Die wit lig is te skerp, ek gaan naar word ... Ek proe sout ... sout en slym.

Leon maak sy kamerdeur saggies toe. Die buislig flikker en 'n duisend vuurvliegies ontplof agter my ooglede ... Buite slaan 'n kerkklok – 3 uur, iewers klap 'n deur, Bernard snork met nuwe ywer, Franko maak fyn tjankgeluidjies, amper soos Brakkenjan as hy droom hy vang hase, 'n toilet trek, die gang se vloer- plankе kraak, maar ek hoor niks, want alles binne in my is skielik stil.

So stil dat ek wil skree.

VAL

DEUR
JEANNE-MARIÉ KOEKEMOER

Die karakter is 'n tienermeisie wat deur 'n helse eksistensiële krisis gaan. Die styl is magiese realisme met 'n tikkie absurditeit. Deur alles wat "uit haar kop" kom, leer ons haar binnestem ken. Haar wêreld sal aanhou blom in haar gebrokenheid totdat sy eendag al die antwoorde het.

Ek gaan dood in die middel van 'n Clicks in die *mall*. Iemand steek my (maag) en hol weg. En meteens staan ek buite my liggaam.

Ek bekyk myself. Ek staan in Clicks. In die *gluten-free aisle*. My liggaam word deur 'n gesiglose gesteek. (*Loss of control* vs. *grip and control.*) Ek sit hier op die dak buite my kamervenster waar hierdie hele Clicks-visioen begin het. Ek praat met enige iemand wat luister. *A shout into the void, really*. Ek het van die dak afgeval, eintlik gespring. Toe sien ek alles: Ek sien my kop (wat) oopbars teen die harde teer. Daar vloei hierdie dik, kleurvolle vloeistof met verwronge voorwerpe en vuil stof wat deur my kop se krake skuur.

Daar dryf 'n horlosie. Ek is saam met al my vriende in 'n vertrek. Dis een van daai "*Can you escape*"-goed. Almal lag en dis gelukkig en lig. Ek glimlag selfs. Iemand sê "vinnig, daar's net 9 minute oor, wat is die kode nou weer?" "*Can you escape*" se mense het vir ons 'n kode gegee toe ons ingekom het. Gesê, onthou hierdie, dis belangrik vir die einde. Ek weet wat die kode is. 2 9 4 6. Almal kyk na my. "Kan jy onthou?" Ek vries. Ek weet wat die antwoord is, hoekom kan ek dit nie sê nie? 2 9 4 6. Ek sien net die 9 minute wat omdraai in 8 en dan 7 en dan 6. Al hoe vinniger. Ná die 9 minute staan ek steeds daar, ek weet almal is teleurgesteld. Ek bewe.

Uit my longe vlieg daar nou 'n swerm bye en 'n reuse- pienk olifant druk een van sy (groot) ronde pote teen my bors. Ek staan in my skool se badkamer. Ek klou vas aan die kante van my rok. Hoekom sit dit so styf? Die olifant is op my bors, hy spring al hoe vinniger al hoe swaarder. Ek leun teen die kante van die hokkie. Ek kry nie asem nie. Die bye raak net meer. Ek gaan weer laat wees vir 'n klas. My bene wil nie beweeg nie. My arm hang lam. Ek kan nie die handvatsel draai nie. Ek sit vas.

My kop hou aan lek. Daar dryf die liniaal met swart strepe, langsaan die gebreekte Les Mis CD. Groen *glitter*, 'n stukkende swart skoen. 'n Rooi sluimerige monster kruip en klim uit my kop, Daar lê ou poppe, flenters glas, ek skree op almal wat in my pad staan. Mos huisies en plastiekkastele, my klein jong lyfie val en kry seer.

Ek wil uit my vel uit klim. Ek wil hardloop. Vinnig. Ver. Iewers. Ek is in Londen en sit op 'n trein. Ek kyk na almal en wonder waar hul vandaankom – hoeveel tyd het hulle nog oor? Weet hulle wie hulle is? Skoene, kaartjies, stasies, sambrele, babas wat skree. Ek kry nie asem nie. Die monster skree. Spring. Ek lewe.

Ek is weer in Clicks. Ek sien my lewelose liggaam in die *gluten-free aisle* lê ... Die Clicks-visioen herhaal ná die val, en ná die val herhaal die Clicks-visioen. Iewers tussen die twee is daar iets wat ek moet leer of besef of voor pleit of ... Ek is so moeg.

(*Asof sy vir die eerste keer besef waar sy is.*) Ek is op die dak. Ek kan óf val of ek kan spring. Iets kriewel in my kop. My oë rek groter. Ek kry nie asem nie. Ek's bang. Ek maak my oë toe. Ek spring. Ek vlieg.

(*Sy spring, sy vlieg*.)

90
1930-2020
ATKV